# COPING, STRES EN SELFMOORD-DENKBEELDVORMING IN DIE WES-KAAP

Anita Joubert, Honneurs (BA)

Skripsie voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Hoofstudieleier**: Dr. K. Storm
**Hulpstudieleier**: Dr. J. Pienaar
Potchefstroom
2003

## OPMERKINGS

Die leser word op die volgende gewys:

- Die verwysings sowel as die redaksionele styl wat deur die *Publikasie Handleiding (4de uitgawe)* voorgeskryf word, is in hierdie skripsie gebruik. Hierdie praktyk kom ooreen met die beleid van die Program in Bedryfsielkunde van die PU vir CHO om die APA-styl in alle wetenskaplike dokumente sedert Januarie 1999 te gebruik.

- Die skripsie word voorgelê in die vorm van twee navorsingsartikels.

## DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank wat my gedurende die skryf van hierdie skripsie op verskeie wyses gehelp het.

- Ek is baie dank verskuldig aan my hoofstudieleier, dr. Karina Storm, en my hulpstudieleier, dr. Jaco Pienaar wat my op 'n baie professionele wyse gehelp het met hierdie skripsie.
- Ek is ook baie dank verskuldig aan drr. Storm en Pienaar vir die noukeurigheid waarmee hulle die statistiek vir hierdie skripsie uitgewerk het. Ek het opregte waardering vir hul hulp, bystand en geduld.
- Ek het waardering teenoor mnr. Willie Cloete vir die professionele wyse waarop hy hierdie skripsie taalversorg het.
- Ek is baie dankbaar teenoor my man, Jannie, en seuntjie, Simon, vir al hul liefde en ondersteuning.
- Ek is opreg dankbaar teenoor my ouers vir al hulle liefde, ondersteuning en motivering deur die jare.
- Ek is baie dank verskuldig aan die uitvoerende bestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat hierdie studie moontlik gemaak het.
- 'n Spesiale dank aan al die polisielede wat die vraelyste voltooi het.
- Baie dankie aan al my familie en vriende vir al hulle liefde en ondersteuning.

Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) vir hierdie navorsing, word hiermee erken. Opinies wat gelug word en gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die skrywer en is nie noodwendig toeskryfbaar aan die Nasionale Navorsingstigting nie.

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Lys van Figure | | v |
| Lys van Tabelle | | vi |
| Opsomming | | vii |
| Summary | | viii |
| **HOOFSTUK 1: INLEIDING** | | |
| 1.1 | Probleemstelling | 1 |
| 1.2 | Navorsingsdoelstellings | 8 |
| 1.2.1 | Algemene doelstelling | 9 |
| 1.2.2 | Spesifieke doelwitte | 9 |
| 1.3 | Navorsingsmetode | 9 |
| 1.3.1 | Empiriese studie | 10 |
| 1.3.2 | Navorsingsontwerp | 10 |
| 1.3.3 | Studiepopulasie | 10 |
| 1.3.3 | Meetinstrumente | 10 |
| 1.3.4 | Statistiese ontleding | 12 |
| 1.4 | Indeling van die hoofstukke | 15 |
| 1.5 | Hoofstuksamevatting | 15 |
| **HOOFSTUK 2: NAVORSINGSARTIKEL 1** | | 20 |
| **HOOFSTUK 3: NAVORSINGSARTIKEL 2** | | 50 |
| **HOOFSTUK 4: GEVOLGTREKKINGS, BEPERKINGE EN AANBEVELINGS** | | |
| 4.1 | Gevolgtrekkings | 84 |
| 4.2 | Beperkinge van die navorsing | 86 |
| 4.3 | Aanbevelings | 87 |
| 4.3.1 | Aanbevelings vir die organisasie | 87 |
| 4.3.2 | Aanbevelings vir toekomstige navorsing | 91 |
| | Verwysings | |

# LYS VAN FIGURE


| Figuur | Beskrywing | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Navorsingsartikel 2** | |
| Figuur 1 | Die hipotesemodel van uitbranding, werkstres en coping | 71 |
| Figuur 2 | Die finale model van uitbranding, werkstres en coping | 73 |

# LYS VAN TABELLE


| Tabel | Beskrywing | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Navorsingsartikel 1** | |
| Tabel 1 | Die Selfmoordsyfers van die SAPD vanaf 1994 tot 2000 (Per 100 000) | 22 |
| Tabel 2 | Eienskappe van die Studiepopulasie | 30 |
| Tabel 3 | Beskrywende Statistiek, Alfakoëffisiënte en Gemiddelde Interitem-korrelasiekoëffisiënte van die ASIQ, PSI en COPE | 34 |
| Tabel 4 | Produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen Selfmoord-denkbeeldvorming, Werkstres en Coping | 35 |
| Tabel 5 | Die Intensiteit, Frekwensie en Hewigheid van die items van die PSI | 36 |
| Tabel 6 | Frekwensies van Sosiale Ondersteuning | 37 |
| Tabel 7 | Verskil tussen die ASIQ van Lede wat 'n Mediese Toestand(e) het en lede wat Nie 'n Mediese Toestand het nie | 38 |
| Tabel 8 | Verskil tussen die ASIQ van Lede wat 'n Vorige Selfmoordpoging gehad het en Lede wat Nog Nooit 'n Selfmoordpoging gehad het nie | 38 |
| Tabel 9 | Die Liniêre Diskriminantfunksie van Polisielede met Hoë en Lae Selfmoord-denkbeeldvorming | 39 |
| Tabel 10 | Klassifisering van Lede wat behoort tot die Hoë en Lae Selfmoord-denkbeeldvorminggroepe | 39 |
| Tabel 11 | Veranderlikes wat Selfmoord-denkbeeldvorming by Polisielede Voorspel | 40 |
| | **Navorsingsartikel 2** | |
| Tabel 1 | Eienskappe van die Studiepopulasie | 61 |
| Tabel 2 | Geskiktheid-van-passing-statistieke vir Model 1 en Model 2 van die MBI-GS | 65 |
| Tabel 3 | Beskrywende Statistiek, Alfakoëffisiënte en Gemiddelde Interitem-korrelasiekoëffisiënte van die MBI-GS, PSI en COPE | 67 |
| Tabel 4 | Produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen Uitbranding, Werkstres en Coping | 68 |
| Tabel 5 | Resultate van die Kanoniese Ontleding: Uitbranding, Werkstres en Coping | 69 |
| Tabel 6 | Geskiktheid-van-passing-statistieke vir Model 1, Model 2 en Model 3 van Uitbranding, Werkstres en Coping | 71 |

# OPSOMMING

**Onderwerp:** Coping, stres en selfmoord-denkbeeldvorming in die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap.

**Sleutelwoorde:** Polisie, SAPD, selfmoord-denkbeeldvorming, uitbranding, coping, stres.

Dit is belangrik om 'n produktiewe en gesonde polisiediens in Suid-Afrika te hê en om konstrukte soos selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding te ondersoek. Die doelstellings van hierdie navorsing was om die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping te bepaal; te bepaal of werkstres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming te voorspel; die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming te bepaal; te bepaal of die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname (MBI-GS) 'n geldige en betroubare instrument is vir die meting van uitbranding; te bepaal wat die verhouding is tussen werkstres en uitbranding en te bepaal of coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding kan modereer of medieer.

'n Dwarsdeursnee-opnameontwerp is gebruik. 'n Ewekansige steekproef ($n$=340) is van polisiestasies in die Wes-Kaap geneem. Die Volwasse Selfmoord-denkbeeldvormingsvraelys (ASIQ), MBI-GS, Polisiestresvraelys (PSI), COPE-vraelys en 'n biografiese vraelys is afgeneem.

Die resultate het getoon dat werkstres inderdaad selfmoord-denkbeeldvorming kan veroorsaak, maar dat 'n individu se coping-respons 'n kritieke komponent in die bepaling van die impak van 'n stressor is. Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer met werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, en werkstres en coping kan gebruik word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel. Vermyding, alkoholmisbruik, die teenwoordigheid van 'n mediese toestand, 'n vorige selfmoordpoging en rang kan selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD veroorsaak. Die MBI-GS is 'n betroubare en geldige meetinstrument. Die resultate het getoon dat werkstres tot hoër vlakke van uitputting lei, wat weer tot hoër vlakke van sinisme en laer vlakke van professionele bekwaamheid lei. Coping-strategieë kan die verhouding tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer.

Aanbevelings vir die voorkoming en bestuur van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding is gemaak, asook aanbevelings vir toekomstige navorsing.

# SUMMARY

**Topic:** Coping, stress and suicide ideation in the South African Police Service in the Western Cape

**Key terms:** Police, SAPS, suicide ideation, burnout, coping, stress.

It is important to have a productive and healthy police service in South Africa and to research suicide ideation and burnout. The objectives of this research were to determine the relationship between suicide ideation, work stress and coping; to determine if work stress and coping can be used to predict suicide ideation; to determine the casual factors of suicide ideation; to determine if the Maslach Burnout Inventory – General Survey (MBI-GS) is a valid and reliable instrument to measure burnout; to determine the relationship between work stress and burnout and to determine if coping strategies can moderate or mediate the relationship between work stress an burnout.

A cross-sectional survey design was used. A random sample (*n* = 340) was taken from police stations in the Western Cape. The Adult Suicide Ideation Questionnaire (ASIQ), MBI-GS, Police Stress Inventory (PSI), COPE questionnaire and a biographical questionnaire were administered.

The results showed that job stress can indeed cause suicide ideation, but that an individual's coping response is a critical component in the determining of the impact of a stressor. Suicide ideation correlates statistically significant with job demands and a lack of resources, and job stress and coping can be used to predict suicide ideation in the SAPS. Avoidance, alcohol misuse, the presence of a medical condition, a previous suicide attempt, and rank are variants which could predict suicide ideation in the SAPS. The MBI-GS is a reliable and valid measuring instrument. Job stress leads to higher levels of exhaustion, which in turn leads to higher levels of cynicism and lower levels of professional efficacy. Coping strategies can moderate or mediate the relationship between job stress and burnout.

Recommendations for the prevention and management of suicide ideation and burnout have been made, as well as recommendations with regard to future research on suicide ideation and burnout in the SAPS in the Western Cape.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Hierdie skripsie handel oor selfmoord-denkbeeldvorming, uitbranding, werkstres en coping in die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap.

In hierdie hoofstuk word die probleemstelling bespreek. Die navorsingsdoelwitte word gestel, en sluit die algemene doelstelling en die spesifieke doelwitte in. Die navorsingsdoelwitte word verduidelik en die indeling van die hoofstukke word gegee.

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Dit is belangrik om 'n produktiewe en gesonde polisiediens in Suid-Afrika te hê ter wille van die handhawing van die gemeenskap, asook vir stabiliteit en groei van die ekonomie. Ten einde hul plig suksesvol te kan verrig, moet polisielede effektief, gemotiveerd, produktief en gesond wees. Lede van die polisie word egter dikwels blootgestel aan sielkundige stressore, geweld, gevaar en dood. Volgens Paton en Violanti (1999) word die werk van polisielede as een van die sielkundig en fisiek gevaarlikste beroepe in die wêreld beskou. Hierdie stelling is veral relevant in die Suid-Afrikaanse konteks waar hoë vlakke van misdaad en geweld voorkom en polisielede voortdurend aan stres blootgestel word.

Statistieke in verband met die volgehoue blootstelling aan geweld, aftrede as gevolg van stresverwante sielkundige versteurings, asook die hoë selfmoordsyfer onder polisielede is 'n aanduiding van die feit dat baie polisielede in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) hulle werk as stresvol en traumaties beskou (Kopel & Friedman, 1999). Stres hou egter ook 'n groot gevaar in op individuele basis aangesien die polisielid onder toenemende stres blootgestel word aan negatiewe werksverwante sielkundige toestande soos selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding (Biggam, Power, MacDonald, Carcary & Moodie, 1997; Loo, 1986).

Wêreldwyd is daar 'n toename in selfmoord onder polisielede (Lester, 1992) en verskeie internasionale studies oor selfmoord in 'n polisie-omgewing is reeds uitgevoer. Violanti

(1996) beskryf selfmoord onder polisielede selfs as 'n epidemie. Die selfmoordsyfers per 100 000 lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) vir die tydperk 1994 tot 2000 word aangedui in Tabel 1 (Pienaar, 2002).

Tabel 1

*Die Selfmoordsyfers van die SAPD vanaf 1994 tot 2000 (Per 100 000)*

| Jaar | 1994 | 1995 | 1996 | 1997 | 1998 | 1999 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Frekwensie | 200 | 200 | 150 | 130 | 110 | 110 | 130 |

Uit Tabel 1 blyk dit dat daar 'n relatiewe hoë getal selfmoorde voorkom in die SAPD. In die tydperk 1996 tot 1999 het die getal selfmoorde afgeneem, maar sedert 2000 het dit weer toegeneem tot 130 selfmoorde vir elke 100 000 lede in die polisie. Navorsing in 1995 het getoon dat die selfmoordsyfer 11 keer hoër is in die SAPD as in die breë Suid-Afrikaanse bevolking (Rossouw, 1999). Indien die selfmoordsyfers van die SAPD met polisiebevolkings van ander lande vergelyk word, blyk dit dat selfmoord onder polisielede in die SAPD tot vyf keer hoër is as op internasionale vlak.

Hoewel die SAPD-statistieke dui op 'n hoë voorkoms van selfmoord, is die probleem steeds dat die meeste data op hierdie stadium slegs fokus op geslaagde selfmoorde, en dat weinig bekend is oor die geneigdheid om selfmoord te pleeg binne die SAPD. Die probleem van selfmoord is dus waarskynlik heelwat groter as wat dit op die oppervlak blyk te wees (Rothmann & Strijdom, 2002). Volgens Jin en Zhang (1998) bestaan daar 'n sterk assosiasie tussen selfmoord-denkbeeldvorming en selfmoord, en is navorsing oor selfmoord-denkbeeldvorming dus nodig ten einde potensiële selfmoordkandidate te identifiseer en sodoende selfmoord in die SAPD te voorkom.

Verskeie konsepte is relevant ten opsigte van selfmoordgedrag in die SAPD, naamlik selfmoord-denkbeeldvorming, selfmoordvoornemens, selfmoordpogings, en voltooide selfmoord. Hierdie terme omsluit selfmoordgedrag en wissel op 'n kontinuum van ernstigheid beginnende by selfmoord-denkbeeldvorming tot by 'n voltooide selfmoordpoging (Rothmann & Van Rensburg, 2001). Die verwantskap tussen bogenoemde terme kan soos volg saamgevat word: selfmoord het sy ontstaan in selfmoordgedagtes, selfmoordvoornemens volg

gewoonlik op selfmoordgedagtes wat weer tot selfmoordpogings lei. In die gevalle waar die selfmoordpogings suksesvol is, word die term selfmoord gebruik (Deane, Wilson & Ciarrochi, 2001). Volgens Reynolds (1991a) word selfmoord-denkbeeldvorming gedefinieer as die denke en idees oor die dood, selfmoord en ernstige gedrag van selfbesering. Dit sluit ook denke in wat verband hou met die beplanning, uitvoer en gevolge of uitkomste van selfmoordgedrag – spesifiek die gevolge wat die selfmoordgedrag op die reaksie van ander mense sal hê.

Uitbranding is die afgelope 25 jaar intensief bestudeer (Schaufeli & Buunk, op die pers). Ten spyte van die omvattende navorsing oor stres wat deur polisielede ervaar word, is betroubare navorsing oor uitbranding van polisielede nog redelik beperk, ook wat betref die SAPD in die Wes-Kaap. Dit is egter noodsaaklik om uitbranding in die SAPD te ondersoek aangesien hierdie sindroom kan lei tot 'n verlaging van organisatoriese toegewydheid en verskeie negatiewe gevolge inhou: Werknemers is nie meer entoesiasties oor hulle werk nie, die organisasie se doelwitte word nie bereik nie, werknemers onttrek fisies en sielkundig van die werk en as gevolg daarvan daal die organisasie se produktiwiteit (Leiter & Maslach, 1988).

Volgens Maslach (1993) is uitbranding 'n reeks negatiewe sielkundige ervarings wat ondervind word as 'n gevolg van voortdurende blootstelling aan stressore in die werk. Drie dimensies van uitbranding word onderskei (soos dit met die MBI-GS gemeet word), naamlik *uitputting* (afmatting of moegheid, sonder 'n direkte verwysing na mense as die bron van die gevoel), *sinisme* ('n onverskilligheid of terughoudende houding teenoor 'n persoon se werk oor die algemeen) en *professionele bekwaamheid* (beide die sosiale en niesosiale totstandbrenging by die werk).

Oor die jare het navorsing bewys dat uitbranding 'n gevolg is van volgehoue onsuksesvolle pogings om die impak van omgewingstressore te buffer – met 'n gevolglike afbreek van hulpbronne – en dat uitbranding dus nie beperk is tot beroepe waar met mense gewerk word nie, maar ook voorkom buite die humanitêre dienste. Dit is daarom noodsaaklik geag om uitbranding in alle beroepskontekste te bestudeer (Schaufeli & Enzmann, 1998). Die behoefte aan 'n meetinstrument om uitbranding van individue in alle beroepe te meet, is aangespreek deur die oorspronklike weergawe van die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Mensedienste-opname (MBI-HSS) aan te pas vir gebruik buite die dienslewerende beroepe. Die nuwe weergawe word genoem die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname (MBI-GS)

(Schaufeli, Leiter, Maslach & Jackson, 1996). Wanneer uitbranding gemeet word, is dit egter belangrik om 'n betroubare en geldige meetinstrument te gebruik. Aangesien die MBI-GS nog nie gevalideer is vir polisielede in die Wes-Kaap nie, is dit belangrik om die geldigheid en betroubaarheid van hierdie instrument te bepaal.

Een van die belangrikste stappe in die voorkoming van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding is om die faktore wat daartoe aanleiding gee te identifiseer. Volgens Jacobs (1998) is daar verskeie faktore wat kan bydra tot selfmoordgedrag, insluitende stressore in die werksituasie, die gebruik van coping-strategieë, faktore buite die werksituasie, sowel as die interaksie tussen hierdie veranderlikes. Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) kan die faktore wat moontlike oorsake van uitbranding is, geklassifiseer word in biografiese eienskappe, persoonlikheidseienskappe, werksverwante houdings, en werk- en organisatoriese eienskappe. Leiter (1993) en Violanti (1995) en is van mening dat dit veral werksverwante of organisatoriese faktore is wat lei tot selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding, waarvan werkstres een so 'n faktor is. Verskeie studies het reeds aangetoon dat werkstres 'n invloed het op die mate van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding wat ervaar word (Biggam et al., 1997; Burke, 1994).

Lazarus en Folkman (1984) definieer stres in terme van die versteuring van die ekwilibrium van die kognitief-emosionele omgewingsisteem deur eksterne faktore of stressore. Hierdie stressore kan ook lei tot 'n ekwilibrium van die kognitiewe en omgewingsisteem, of tot 'n toestand van welstand – afhangende van die prestasiekapasiteite, byvoorbeeld die beskikbare hulpbronne van coping van die individu op 'n gegewe tyd (Demerouti, Bakker, Nachreiner & Schaufeli, 2001). Stres kan verder bestudeer word in terme van die organisme se respons op die uitdagings en probleme in die omgewing. Dit kan ook bestudeer word waar die eienskappe van die stimuli in die omgewing aanleiding gee tot stres (stressore), en die stressore dan die fokus van die studie word. In die eerste geval word stres hanteer as 'n afhanklike veranderlike en in die tweede geval word dit behandel as 'n onafhanklike veranderlike (Cox, 1978). In hierdie studie word werkstres as die onafhanklike veranderlike hanteer, of as die stimulus wat 'n moontlike oorsaak van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding kan wees.

In die werkplek kan twee kategorieë van werkstres onderskei word (Kop, Euwema & Schaufeli, 1999). Eerstens is daar die *aard van die polisiewerk self*, en tweedens is daar stres as gevolg van die *struktuur van die organisasie* (die sogenaamde *organisatoriese stressore*).

Volgens Biggam et al. (1997) verwys die *aard van polisiewerk* na die operasionele faktore wat spesifiek is aan polisiewerk, en sluit polisie-spesifieke stressore in soos die blootstelling aan gevaar, beserings en fisiese aanvalle, die hantering van tonele waar iemand dood is, 'n kollega wat in die uitvoering van sy/haar pligte oorlede is, die neem van iemand se lewe in die uitvoering van die lid se pligte, die hantering van groot skares en massabetogings, en die sien van misdadigers wat vrygelaat word. Alhoewel die aard van polisiewerk meer potensiaal inhou vir traumatiese stres buite die normale ervaringsveld, is dit steeds die struktuur van die organisasie wat die grootste bron van stres vir polisielede in die SAPD inhou (Koortzen, 1996).

Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) en Leiter en Maslach (1988) kan *organisatoriese stressore* verdeel word in twee groepe, naamlik werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne. Werkseise verwys na die eise wat aan 'n individu gestel word in die uitvoering van sy of haar pligte as polisielid. Belangrike werkseise sluit in interne transformasie, eienskappe van die take van die polisielid en die eise wat 'n lid se pos aan hom stel in terme van energie en verantwoordelikheid. 'n Gebrek aan hulpbronne hou verband met die rol van die organisasie in die ondersteuning en hulp aan polisielede in die uitvoering van hul take. Dit sluit onder andere die volgende in: 'n tekort aan lede om spesifieke take te verrig, 'n gebrek aan geleenthede vir bevordering, onvoldoende salaris en 'n gebrek aan erkenning vir goeie werk (Pienaar & Rothmann, 2003a). Dit is dus duidelik dat die werkstres wat polisielede moontlik ervaar, bestaan uit polisie-spesifieke stressore, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, en dat die verhouding tussen werkstres en selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding ondersoek moet word.

Anshel (2000) beskou die ervaring van stres in die werksituasie as 'n kombinasie van situasionele faktore en die polisielid se swak coping-vaardighede. Lazarus en Folkman (1984) definieer coping as konstant veranderende kognitiewe en gedragspogings wat ten doel het om spesifieke eksterne en interne eise wat as bedreigend gesien word, of wat die bronne oorskry waaroor die individu beskik, te hanteer, of om negatiewe gevolge te verminder of te voorkom. Coping-gedrag is 'n belangrike aspek in die streservaring, dus veroorsaak

onvoldoende en oneffektiewe coping-strategieë dat 'n individu meer ontvanklik sal wees vir selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding. Wanneer sekere coping-strategieë (bv. vermyding, en kognitiewe of gedragsonttrekking) toegepas word, kan selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding ontwikkel (Hageman, 1978; Brill, 1984). Wanneer suksesvolle coping-stategieë (bv. aktiewe coping) egter toegepas word, dien dit as buffer teen selfmoord-denkbeeldvorming (Parker & Endler, 1996), en word doelwitte bereik, professionele bekwaamheid bevorder, en 'n sin van eksistensiële effektiwiteit geskep (Schaufeli & Enzmann, 1998). Alhoewel polisiewerk as 'n stresvolle beroep beskou word en daar al verskeie studies uitgevoer is om die stressore wat polisielede ervaar te bestudeer, het slegs 'n paar studies al gefokus oor die wyse waarop polisielede met hierdie stressore cope (Bishop, Tong, Diong, Enkelmann & Why, 2001). Dit is dus noodsaaklik om die verhouding tussen coping en selfmoord-denkbeeldvorming te ondersoek, asook die mate wat coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer.

Volgens Anshel (2000) speel die intensiteit en frekwensie van blootstelling aan werkstressore 'n rol in selfmoord-denkbeeldvorming deurdat dit 'n invloed het op die effek wat die stressore op 'n polisielid het. Stressore wat hoë intensiteit sowel as hoë frekwensie het, kan beskou word as emstige bronne van stres. Volgens Pienaar en Rothmann (2003a) is die belangrikste stressore in die SAPD kollegas wat nie hul werk doen nie, onvoldoende en swak gehalte toerusting, onvoldoende salarisse en die regstelsel. Verdere stressore in die polisie-organisasie sluit in personeeltekorte, probleme met bestuur, skofwerk, beperkte geleenthede vir bevordering, 'n tekort aan finansies, lang werksure, en veranderinge in die organisasie (Brown, Cooper & Kirkcaldy, 1996; Hingley & Cooper, 1986; Janik & Kravitz, 1994;). Dit is belangrik om die spesifieke polisie-spesifieke stressore, werkseise en gebrek aan hulpbronne in die SAPD te identifiseer, aangesien dit die ontwikkeling van effektiewe intervensies kan fasiliteer wat ten doel het om die negatiewe effekte van stres teen te werk, en sodoende 'n positiewe invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming (Pienaar & Rothmann, 2003a).

Verdere faktore wat 'n rol speel in selfmoord-denkbeeldvorming sluit in sosiale ondersteuning (Bonner & Rich, 1987), alkoholmisbruik (Rothmann & Strijdom, 2002), 'n mediese toestand wat 'n invloed het op die kwaliteit van dienslewering in die SAPD (Breslau, 1992), 'n vorige selfmoordpoging (Pienaar & Rothmann, op die pers) en die rang van die lid (Pienaar & Rothmann, 2003a). Selfmoord-denkbeeldvorming kan ook varieer op grond van die grootte van die stasie waar die polisielid werksaam is (Pienaar & Rothmann, 2003a), die

aantal jare in die SAPD en in die huidige pos (Violanti, 1996), sowel as die geslag (Brown & Fielding, 1993), huwelikstatus (Sorenson & Rutter, 1991) en werkstevredenheid van die polisielid (Brown et al., 1996). Dit is noodsaaklik om die rol wat hierdie faktore in selfmoord-denkbeeldvorming speel, te ondersoek.

Dit is duidelik dat selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding baie algemeen in die SAPD voorkom. Daar is egter nog geen studie oor selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding gedoen onder polisielede spesifiek in die Wes-Kaap nie. 'n Studie ten opsigte van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap is van groot waarde, veral gesien in die lig van die sosiale omgewing waarin polisielede diens lewer. In die Wes-Kaap is gemeenskapsapatie, klagtes deur die publiek, sowel as 'n swak publieke beeld as gevolg van die hoë misdaadsyfer (Misdaadinligtinganalisesentrum, 2001) deel van die sosiale omgewing. Georganiseerde militante groepe en grootskaalse bendebedrywighede op die Kaapse Vlakte kan moontlik bydra tot selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding (Burke, 1994; Koortzen, 1996; Maslach, 1993;).

Uit die bogenoemde probleemstelling, is dit duidelik dat werkstres en die gebruik van coping-strategieë 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding en dat verskeie ander oorsake van selfmoord-denkbeeldvorming bestaan. Daar is egter min inligting beskikbaar aangaande selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die Wes-Kaap. Dit is dus nodig om hierdie konstrukte te ondersoek. Indien daar in hierdie studie bevind sou word dat selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding verband hou met werkstres en coping, kan werwings-, seleksie-, induksie-, opleidings- en ontwikkelingsprogramme ontwikkel word om die sielkundige ontwikkeling betreffende eienskappe van lede soos coping-strategieë te fasiliteer en op hierdie wyse selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD te verlaag.

Uit die probleemstelling kom die volgende navorsingsvrae na vore:

- Wat is die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping van polisielede in die Wes-Kaap?
- Kan werkstres en coping gebruik word om selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die Wes-Kaap te voorspel?

- Wat is die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die Wes-Kaap?
- Is die MBI-GS 'n geldige en betroubare instrument vir die meting van uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap?
- Wat is die verband tussen werkstres (wat bestaan uit polisie-spesifieke stressore, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne) en uitbranding?
- Kan coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer?
- Watter aanbevelings kan gemaak word om selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap te voorkom en te bestuur?
- Watter aanbevelings kan gemaak word ten opsigte van toekomstige navorsing oor selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD in die Wes-Kaap?

Die navorsing sal op die volgende wyses bydrae tot Bedryfsielkunde as 'n wetenskap:

- Veranderlikes wat belangrik is vir toekomstige studies oor selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding kan uitgelig word en 'n profiel kan bepaal word van 'n polisielid wat 'n hoë risiko het vir selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding.
- Korrelasies tussen die verskillende veranderlikes kan die interaksie van ander veranderlikes met selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding uitwys. Belangrike veranderlikes, stresfaktore en coping-strategieë wat 'n voorkomende invloed kan hê op selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD, kan geïdentifiseer word.

## 1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie navorsing kan in 'n algemene doelstelling en spesifieke doelwitte verdeel word.

### 1.2.1 Algemene doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie studie is om selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap te ondersoek.

### 1.2.2 Spesifieke doelwitte

- Om vas te stel wat die verhouding is tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping van polisielede in die Wes-Kaap.
- Om vas te stel of werkstres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die Wes-Kaap te voorspel.
- Om vas te stel wat die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die Wes-Kaap is.
- Om vas te stel of die MBI-GS 'n geldige en betroubare instrument is vir die meting van uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap.
- Om te bepaal wat die verhouding is tussen werkstres (wat bestaan uit polisie-spesifieke stressore, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne) en uitbranding.
- Om te bepaal of coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding kan modereer of medieer.
- Om te bepaal watter aanbevelings gemaak kan word om selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap te voorkom en te bestuur.
- Om te bepaal watter aanbevelings gemaak kan word ten opsigte van toekomstige navorsing oor selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD in die Wes-Kaap.

## 1.3 NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode bestaan uit 'n literatuuroorsig en 'n empiriese studie. Die resultate wat verkry is uit hierdie navorsing word weergegee in artikelformaat. Aangesien aparte hoofstukke nie geteiken word vir literatuuroorsigte nie, fokus hierdie paragraaf op aspekte wat relevant is vir die empiriese studie. Die leser sal opmerk dat 'n kort literatuuroorsig gegee word vir die doel van elke artikel.

### 1.3.1 Empiriese studie

Die empiriese studie bestaan uit die navorsingsontwerp, studiepopulasie, meetintrumente en statistiese ontleding.

### 1.3.2 Navorsingsontwerp

'n Opname-ontwerp word gebruik om die navorsingsdoelstelling te bereik. Die spesifieke ontwerp wat gebruik word, is die dwarsdeursnee-ontwerp. In hierdie ontwerp word 'n steekproef getrek uit 'n populasie op 'n spesifieke oomblik. Die inligting wat ingesamel word, word gebruik om die populasie op daardie oomblik te beskryf. Die ontwerp kan ook gebruik word om die interverhoudinge tussen veranderlikes van die populasie te bepaal (Shaughnessy & Zechmeister, 1997).

### 1.3.3 Studiepopulasie

'n Gestratifiseerde, ewekansige en beskikbaarheidsteekproef ($n$ = 340) word geneem van uniformpolisie in die Wes-Kaap.

Polisiestasies word verdeel in klein (minder as 25 personeellede), medium (25 tot 100 personeellede) en groot stasies (meer as 100 personeellede). Alle polisielede by ewekansig geïdentifiseerde klein en medium stasies in die Wes-Kaap word gevra om die vraelyste te voltooi. In die groot stasies word gestratifiseerde ewekansige steekproewe geneem op grond van ras en geslag.

### 1.3.4 MEETINSTRUMENTE

Die volgende meetinstrumente is in die empiriese studie gebruik:

- 'n *Biografiese vraelys* word ontwikkel om inligting in te samel in verband met die biografiese eienskappe van die deelnemers. Inligting wat ingesamel word, sluit die volgende in: stasie waarin die polisielid werksaam is, ouderdom, geslag, aantal diensjare, aantal jare in huidige posisie (ten einde vordering te bepaal), opvoedkundige kwalifikasies, huwelikstatus, tevredenheid met verhouding met betekenisvolle ander, huistaal, geskiedenis van dissiplinêre verhore, selfgeëvalueerde werksprestasie, selfgeëvalueerde

werkstevredenheid, mediese toestande, die gebruik van voorskrif- en oor-die-toonbank-medikasie, die redes vir die gebruik van die medikasie, die hoeveelheid alkoholiese drankies wat per week geneem word, rookgedrag, hoeveelheid sigarette per dag gerook, ander dwelms wat gebruik word, oefengedrag en vorige selfmoordpogings.

- *Die Volwasse Selfmoord-denkbeeldvormingsvraelys* (ASIQ) is 'n betroubare meetinstrument wat deur Reynolds (1991a) ontwikkel is spesifiek vir die meting van selfmoordgeneigdheid – dit wil sê die respondent se huidige vlak van selfmoord-denkbeeldvorming. Die ASIQ is in die vorm van 'n vraelys en gebruik 'n 7-puntitem-responsformaat waarop die respondent die frekwensie van die kognisies se voorkoms die afgelope maand aandui. Die responsformaat wissel van "ongeveer elke dag" (6) tot "een maal per maand" (1) en "nog nooit die gedagte gehad nie" (0). 'n Hoë telling dui op 'n groot aantal kognisies oor selfmoord wat op 'n gereelde basis voorkom. Volgens Reynolds (1991a) is die interne konsekwentheid (alfakoëffisiënt) van die ASIQ 0,96. Die toets-hertoets-betroubaarheid van die ASIQ varieer tussen 0,86 en 0,95 (Reynolds, 1991b). Reynolds (1991a) verskaf bewyse van die inhoud-, konstruk- en kriteriumverwante geldigheid van die ASIQ. Rothmann en Strijdom (2002) het interne konsekwentheidstelling vir die ASIQ van 0,98 en 0,95 vir onderskeidelik wit en swart polisielede bevind. Pienaar (2002) vind 'n alfawaarde van 0,97 in 'n nasionale steekproef van polisielede.

- Die *Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname* (MBI-GS) (Schaufeli et al., 1996) word gebruik om uitbranding te meet. Die MBI-GS het drie subskale: Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid. Die interne betroubaarhede (Cronbach-alfakoëffisiënte) wat deur Schaufeli et al. (1996) gerapporteer word wissel van 0,87 tot 0,89 vir Uitputting, 0,73 tot 0,84 vir Sinisme en 0,76 tot 0,84 vir Professionele Bekwaamheid. Toets-hertoets-betroubaarheid na verloop van een jaar was 0,65 (Uitputting), 0,60 (Sinisme) en 0,67 (Professionele Bekwaamheid) (Schaufeli et al., 1996). Die items word gemeet op 'n 7-puntskaal wat varieer vanaf 0 = "nooit" tot 6 = "elke dag". Hoë tellings op Uitputting en Sinisme, en lae tellings op Professionele Bekwaamheid dui op uitbranding. Storm en Rothmann (2003a) het die 3-faktorstruktuur van die MBI-GS bevestig in 'n steekproef van 2 396 SAPD lede. Die volgende Cronbach-alfakoëffisiënte is verkry vir die MBI-GS: Uitputting: 0,88; Sinisme: 0,79; Professionele Bekwaamheid: 0,78 (Storm, 2002).

- Die *Polisiestresinventaris* (PSI) (Pienaar & Rothmann, 2003a) word gebruik om die deelnemers se werkstres te meet. Pienaar en Rothmann (2003a) het die PSI ontwikkel vir polisielede in die SAPD, gebaseer op bevindinge van vorige studies ten opsigte van stressore in die polisie-omgewing. Hulle het die PSI onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Drie interne konstante faktore is onttrek, naamlik Stres: Werkseise (17 items), Stres: Gebrek aan Hulpbronne (14 items) en Polisie-spesifieke Stressore (8 items). Die alfakoëffisiënte van die drie skale was onderskeidelik 0,92, 0,92 en 0,89. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994), en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die PSI. Die ernstigheid sowel as die frekwensie van stressore word gemeet. Die PSI word gemeet op 'n 9-puntskaal van frekwensie- en intensiteittellings, en wissel van 0 ("laag") tot 9 ("hoog").

- Die *COPE*-vraelys (Carver et al., 1989) word gebruik om die deelnemers se coping-strategieë te meet. Die COPE is 'n multidimensionele 53-item-vraelys oor coping wat die verskillende wyses aandui waarop mense in verskillende omstandighede cope (Carver et al., 1989). Keuses van response wissel van 1 ("Ek doen dit gewoonlik glad nie") tot 4 ("Ek doen dit gewoonlik baie"). Alhoewel die oorspronklike vraelys 13 verskillende coping-strategieë meet, het Pienaar en Rothmann (2003b) die COPE onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Vier interne konstante faktore is onttrek, naamlik Aktiewe Coping (16 items), Vermyding (13 items), Soeke na Emosionele Ondersteuning (7 items) en Wending na Religie (3 items). Die alfakoëffisiënte van die vier skale is onderskeidelik 0,92, 0,86, 0,80 en 0,83. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994), en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die COPE. Die toets-hertoets-betroubaarheid wissel van 0,46 tot 0,86 en van 0,42 tot 0,89 (toegepas na twee weke).

### 1.3.5 STATISTIESE ONTLEDING

Die statistiese ontleding is uitgevoer met behulp van die SAS-program (SAS Instituut, 2000). Hooffaktoranalise met 'n varimaks-rotasie is uitgevoer deur SAS FAKTOR op die items van die ASIQ, MBI-GS, PSI en COPE voordat strukturele vergelykingsmodellering uitgevoer is. Eenvoudigefaktoranalise is gebruik voor die hoofkomponent-faktoranalise uitgevoer is, ten einde die getal faktore, die teenwoordigheid van buitefaktore en splitsbaarheid in faktore van

die korrelasiematrikse te bepaal. Die oblique metode met 'n promax rotasie is gebruik om die interfaktor-korrelasie van elke meetinstrument te bepaal. Indien korrelasies hoër as 0,30 gevind is, is hierdie metode gebruik om die faktorstruktuur te analiseer.

Beskrywende statistieke (gemiddeldes, standaardafwykings, skeefheid en kurtose) is gebruik om die data te ontleed. Cronbach-alfakoëffisiënte en interitem-korrelasiekoëffisiënte is gebruik om die interne betroubaarheid van die meetinstrumente te bepaal (Clark & Watson, 1995). Die alfakoëffisiënt verskaf belangrike inligting in verband met die proporsie van foutvariansie in 'n skaal. Volgens Clark en Watson (1995) is die gemiddelde interitem-korrelasiekoëffisiënt (wat 'n direkte maatstaf van interne betroubaarheid is) 'n bruikbare indeks om inligting verkry uit alfakoëffisiënte aan te vul. Enkeldimensionaliteit van 'n skaal kan egter nie verseker word slegs deur op die gemiddelde interitem-korrelasie te fokus nie – dit is nodig om die omvang en verspreiding van hierdie korrelasies ook te meet.

Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte word gebruik om die verhoudings tussen veranderlikes te spesifiseer. In die geval waar data skeef versprei was, is Spearman rangorde korrelasiekoëffisiënte gebruik. 'n Afsnypunt van 0,30 (medium effek, Cohen, 1988) is gestel vir die praktiese betekenisvolheid van korrelasiekoëffisiënte. Kanoniese analise word gebruik om die verbande tussen die dimensies van uitbranding, werkstres en coping vas te stel. Die doel van kanoniese korrelasie is om die verband tussen twee stelle veranderlikes te bepaal (Tabachnick & Fidell, 2001). Kanoniese korrelasie word beskou as 'n beskrywende tegniek eerder as 'n tegniek om hipoteses mee te toets.

Ontleding van variansie (ANOVA) word gebruik om die verskille tussen die subgroepe van die steekproef te bepaal. 'n Afsnypunt van 0,50 (medium effek, Cohen, 1988) word gestel vir die praktiese betekenisvolheid van verskille tussen gemiddeldes. Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte word gebruik om die verhoudings tussen veranderlikes te spesifiseer. In die geval waar die verspreiding van die tellings skeef is, word Spearman se korrelasiekoëffisiënte bereken. 'n Afsnypunt van 0,30 (medium effek, Cohen, 1988) word gestel vir die praktiese betekenisvolheid van korrelasiekoëffisiënte. Die waarde van *d* word bereken as:

$$d = \frac{Mean_A - Mean_B}{SD_{MAX}}$$

*waar;*

$Mean_A$ = Gemiddelde van die eerste groep

$Mean_B$ = Gemiddelde van die tweede groep

$SD_{MAX}$ = Hoogste standaardafwyking van die twee groepe

'n Diskriminantontleding word uitgevoer om te bepaal watter kombinasie van onafhanklike veranderlikes gebruik kan word om polisielede te klassifiseer in groepe wat lae teenoor hoë tellings van selfmoord-denkbeeldvorming behaal. Die resulterende diskriminantfunksie skei die lede van die groepe maksimaal. Die aanname van diskriminantontleding is dat die onafhanklike veranderlikes aaneenlopend is terwyl die afhanklike veranderlike kategories is (Kerlinger & Lee, 2000). 'n Stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding sal gebruik word om die proporsie van variansie in die afhanklike veranderlike (selfmoord-denkbeeldvorming) te bepaal wat deur die onafhanklike veranderlikes verklaar word.

Strukturele vergelykingsmodellering soos geïmplementeer deur AMOS (Arbuckle, 1997) is gebruik om 'n oorsaaklike model van uitbranding te bevestig. Strukturele vergelykingsmodellering is 'n statistiese metode wat 'n bevestigende (d.w.s. hipotese-toetsing) benadering tot die ontleding van 'n strukturele teorie oor 'n verskynsel het. 'n Strukturele vergelykingsbenadering voorsien daarvoor dat 'n model gestruktureer kan word voordat die data ontleed word. Die model kan dan getoets word deur die toepassing van verskeie toetsprosedures, ten einde die geskiktheid-van-passing tot die kovariansiematriks van die veranderlikes wat gemeet word, vas te stel (Deary, Blenkin, Agius, Endler, Zeally & Wood, 1996).

Hipotetiese verbande word empiries getoets vir die geskiktheid-van-passing met die steekproef data. Indekse wat gebruik is, is die $\chi^2$, $\chi^2$/grade van vryheid-ratio (CMIN/DF) (Wheaton, Muthén, Alwin & Summers, 1977), die Geskiktheid-van-passing indeks (GFI), die Aangepaste Geskiktheid-van-passing-indeks (AGFI), die Parsimonie-geskiktheid-van-passing-indeks (PGFI), die Normpasindeks (NFI), Die Vergelykendepassing-indeks (CFI), die Tucker-Lewis-indeks (TLI) (Tucker & Lewis, 1973) en die Gemiddelde vierkantswortelfout van skatting (RMSEA).

## 1.4 INDELING VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 2 handel oor selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die SAPD in die Wes-Kaap, terwyl hoofstuk 3 handel oor uitbranding van polisielede in die SAPD in die Wes-Kaap. Hoofstuk 4 handel oor die gevolgtrekkings, tekortkominge en aanbevelings vir toekomstige navorsing.

## 1.5 HOOFSTUKSAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het die probleemstelling en navorsingsdoelwitte verduidelik Die meetinstrumente en navorsingsmetode wat in die navorsing gebruik word, is omskryf, gevolg deur 'n kort oorsig van die hoofstukke wat volg.

**VERWYSINGS**

Anshel, M.H. (2000). A conceptual model and implications for coping with stressful events in police work. *Criminal Justice and Behavior, 27*(3), 375-400.

Arbuckle, J.L. (1997). *Amos users' guide version 4.0.* Chigaco, IL: Smallwater Corporation.

Biggam, F.H., Power, K.G., MacDonald, R.R., Carcary, W.B. & Moodie, E. (1997). Self-perceived occupational stress and distress in a Scottish police force. *Work and Stress, 11,* 118-133.

Bishop, G.D., Tong, E.M.W., Diong, S.M., Enkelmann, H.C. & Why, Y.P. (2001). The relationship between coping and personality among police officers in Singapore. *Journal of Research in Personality, 35,* 353-374.

Bonner, R.L. & Rich, A.R. (1987). Toward a predictive model of suicide ideation and behavior: Some preliminary data in college students. *Suicide and Life-threatening Behavior, 17,* 50-63.

Breslau, N. (1992). Migraine, suicide ideation, and suicide attempts. *Neurology, 42,* 392-395.

Brill, P.L. (1984). The need for an operational definition of burnout. *Family and Community Health, 6,* 12-24.

Brown, J., Cooper, C. & Kirkcaldy, B. (1996). Occupational stress among senior police officers. *British Journal of Psychology, 87, 31-41.*

Brown, J. & Fielding, J. (1993). Qualitative differences in men and women police officers' experiences of occupational stress. *Work & Stress, 7*(2), 327-340.

Burke, R.J. (1994). Stressful events, work-family conflict, coping, psychological burnout, and well-being among police officers. *Psychological Reports, 75,* 787-800.

Carver, C.S., Scheier, M.F. & Wientraub, J.K. (1989). Assessing coping-strategies: A theoretical based approach. *Journal of Personality and Social Psychology, 56,* 267-283.

Clark, L. A. & Watson, D. (1995). Constructing validity: Basic issues in objective scale development. *Psychological Assessment, 7,* 309-319.

Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioural sciences* (2de uitgawe). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum & Associates.

Cox, T. (1978). *Stress.* London: Macmillan.

Deane, F.P., Wilson, C.J. & Ciarrochi, J. (2001). Suicidal Ideation and Help-Negation: Not just hopelessness or prior help. *Journal of Clinical Psychology, 57*(7), 901-914.

Deary, I.J., Blenkin, H., Agius, R.M., Endler, N.S., Zeally, H. & Wood, R. (1996, Februarie). Models of job-related stress and personal achievement among consultant doctors. *British Journal of Psychology, 87,* 3-29.

Demerouti, E., Bakker, A.B., Nachreiner, F. & Schaufeli, W.B. (2001). The job demands-resources model of burnout. *Journal of Applied Psychology, 86,* 499-512.

Hageman, M.J.C. (1978). Occupational stress and marital relationships. *Journal of Police Science and Administration, 6,* 402-411.

Hingley, P. & Cooper, C. (1986). *Stress and the Nurse Manager.* Chichester.

Jacobs, Q. (1998, Augustus). Selfmoord in die SAPD: Die laaste uitweg, of is dit! *Union Post, 3,* 4.

Janik, J. & Kravitz, H.M. (1994). Linking work and domestic problems with police suicide. *Suicide and Life-Threatening Behavior, 24*(3), 267-274.

Jin, S. & Zhang, J. (1998). The effects of physical and psychological well-being on suicide ideation. *Journal of Clinical Psychology, 54,* 401- 413.

Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. (2000). *Foundations of behavioral research* (4de uitgawe). Orlando, FL: Harcourt.

Koortzen, P. (1996). Die dimensionaliteit van polisie stressore. *Acta Criminologia, 9*(2), 55-63.

Kop, N., Euwema, M. & Schaufeli, W. (1999). Burnout, job stress and violent behaviour among Dutch police officers. *Work & Stress, 13*(4), 326-340.

Kopel, H. & Friedman, M. (1999). Effects of exposure to violance in South African Police. In J.M. Violanti & D. Paton. (Eds.), *Police trauma: Psychological aftermath of civilian combat* (p. 99-112). Springfield, IL: Charles, C. Thomas.

Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). *Stress, appraisal, and coping.* Springer: New York.

Leiter, M.P. (1993). Burnout as a developmental process: Considerations of models. In W.B. Schaufeli, C. Maslach, & T. Marek (Eds.). *Professional Burnout: Recent Developments in Theory and Research* (p. 237-250). Washington, DC: Taylor & Francis.

Leiter, M.P. & Maslach, C. (1988). The impact of interpersonal environment on burnout and organizational commitment. *Journal of Organizational Behavior, 9,* 297-308.

Lester, D. (1992). Suicide in police officers: A survey of nations. *Police Studies, 15,* 146-147.

Loo, R. (1986). Suicide among police in a federal force. *Suicide and Life-Threatening Behavior, 16,* 379-388.

Maslach, C. (1993). Burnout: A multidimensional perspective. In W.B. Schaufeli, C. Maslach, & T. Marek (Eds.). *Professional Burnout: Recent Developments in Theory and Research.* Washington, DC: Taylor & Francis.

Misdaadinligtinganalisesentrum, (Desember, 2001). *Die gerapporteerde ernstige misdaadsituasie in Suid-Afrika vir die tydperk Januarie tot September 2001.* Pretoria: SAPD Hoofkantoor.

Nunally, J.C. & Bernstein, I.H. (1994). *Psychometric theory* (3de uitgawe). New York: McGraw-Hill.

Paton, D. & Violanti, J.M. (1999). Trauma stress in policing: Issues for future consideration. In J.M. Violanti & D. Paton. (Eds.), *Police trauma: Psychological aftermath of civilian combat* (p. 293-297). Springfield, IL: Charles, C. Thomas.

Parker, J.D.A. & Endler, N.S. (1996). Coping and defence: A historical overview. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping.* New York: Wiley.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (op die pers). Suicide ideation in the South African Police Service. *South African Journal of Psychology.*

Pienaar, J. (2002). *Coping, stress and suicide ideation in the South African Police Service.* Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003a, September 29-30). *Job stress in the South African Police Services.* Referaat aangebied by die 15de Kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes, Potchefstroom.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003b). *Coping-strategies in the South African Police Service.* Referaat aangebied by die 6de Jaarlikse Konferensie van die Vereniging vir Industriële en Organisasie Sielkunde, Sandton, Johannesburg, 25-27 Junie 2003.

Reynolds, W.M. (1991a). *Suicide ideation Questionnaire Professional Manual.* Odesa, FL: Psychological Assessment Resources.

Reynolds, W.M. (1991b). Psychometric characteristics of the Adult Suicidal Ideation Questionnaire with college students. *Journal of Personality Assessment, 56,* 289-307.

Rossouw, L. (1999). *SAPS Suicide Statistics.* Mpumalanga: SAPD.

Rothmann, S. & Strijdom, G. (2002). Suicide ideation in the South African Police Service in the North West province. *South African Journal of Industrial Psychology, 28*(1), 44-48.

Rothmann, S. & Van Rensburg, P. (2001,Mei). *Suicide ideation in the South African Police Services in the North West Province.* Referaat aangebied by die 10de Europese Kongres oor Werk en Organisatoriese Sielkunde, Praag, Tsjeggiese Republiek.

SAS Instituut. (2000). The *SAS System for Windows: Release 8., 01.* Cary, NC: SAS Institute Inc.

Schaufeli, W.B. & Buunk, B.P. (op die pers). Burnout: An overview of 25-years of research and theorizing. In M.J. Schabracq, C.L. Cooper & Winnubst (Eds.), *Handbook of work and health Psychology.* Chichester, UK: Wiley.

Schaufeli, W.B. & Enzmann, D. (1998). *The burnout companion to study and practice: A critical analysis.* London: Taylor & Francis.

Schaufeli, W.B., Leiter, M.P., Maslach, C. & Jackson, S.E. (1996). MBI – General Survey. In C. Maslach, S.E. Jackson, & M.P. Leiter (Eds.), *Maslach Burnout Inventory Manual* (3de uitgawe). Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.

Schaughnessy, J.J. & Zechmeister, E.B. (1997). *Research methods in Psychology* (4de uitgawe). *New York: McGraw-Hill.*

Sorenson, S.B. & Rutter, C.M. (1991). Transgenerational patterns of suicide attempt. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 59,* 861-866.

Storm, K. (2002). *Burnout and work engagement in the South African Police Service.* Ongepubliseerde doktorale verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Storm, K. & Rothmann, S. (2003a). A psychometric analysis of the Maslach Burnout Inventory – General Survey in the South African Police Service. *South African Journal of Psychology.*

Tabachnick, B.G. & Fidell, L.S. (2001). *Using multivariate statistics* (4de uitgawe). Boston, M.A: Allyn & Bacon.

Tucker, L.R. & Lewis, C. (1973). A reliability coefficient for maximum likelihood factor analysis. *Psychometrika, 38,* 1-10.

Violanti, J.M. (1995). Trends in police suicide. *Psychological Reports, 77,* 688-690.

Violanti, J.M. (1996). *Police suicide: Epidemic in blue.* Springfield, IL: C.C. Thomas.

Wheaton, B., Muthén, B., Alwin, D.F. & Summers, G.F. (1977). Assessing reliability and stability in panel models. In D.R. Heise (Ed), *Sociological methodology* (pp. 84-136). San Francisco, CA: Jossey-Bass.

## HOOFSTUK 2

## ARTIKEL 1

# SELFMOORD-DENKBEELDVORMING IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS IN DIE WES-KAAP*

**A.F. JOUBERT**

*Suid-Afrikaanse Polisiediens*

**J. PIENAAR**

*WorkWell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, PU vir CHO*

## OPSOMMING

Die doelstellings van hierdie navorsing was om die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping-strategieë in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te bepaal, vas te stel of werkstres en coping-strategieë gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel en om vas te stel wat die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD is. 'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef ($n$=340) is van polisielede in die Wes-Kaap geneem. 'n Biografiese vraelys, die Volwasse Selfmoord-denkbeeldvormingsvraelys, die Polisiestresinventaris, sowel as die COPE is afgeneem. Resultate het getoon dat werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne positief verband hou met 'n vermydingtipe styl van coping, wat weer aanleiding kan gee tot selfmoord-denkbeeldvorming. 'n Gebrek aan hulpbronne korreleer negatief met 'n soeke na emosionele ondersteuning, wat kan lei tot selfmoord-denkbeeldvorming. Vermyding, aktiewe coping, alkoholmisbruik, die teenwoordigheid van 'n mediese toestand, 'n vorige selfmoordpoging, sowel as rang gebruik kan gebruik word om selfmoord-denkbeeldvorming te voorspel.

## ABSTRACT

The objectives of this study were to determine the relationship between suicide ideation, job stress and coping in the South African Police Service (SAPS), to determine if job stress and coping strategies could be used to predict suicide ideation in the SAPS, and to determine the casual factors of suicide ideation in the SAPS. A cross-sectional design was used. A stratified random sample ($n$=340) was taken of police members in the Western Cape. A biographical questionnaire, the Adult Suicide Ideation Questionnaire (ASIQ), the Police Stress Inventory (PSI), as well as the COPE were administered. Results indicated that job demands and a lack of resources related positively to avoidance coping, which in turn could lead to suicide ideation. A lack of resources correlates negatively to the seeking of social support, which could lead to suicide ideation. The results furthermore indicated that avoidance, alcohol misuse, the presence of a medical condition, a previous attempt and the rank of police members could be used to predict suicide ideation of police members.

* Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) vir hierdie navorsing, word hiermee erken. Opinies wat gelug word en gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die skrywers en is nie noodwendig toeskryfbaar aan die Nasionale Navorsingstigting nie.

Die polisie speel 'n belangrike rol in die handhawing van die gemeenskap en lewer 'n groot bydrae tot die stabiliteit en die ekonomiese groei en ontwikkeling van 'n land. Ten einde hul plig suksesvol te kan verrig, moet polisielede effektief, gemotiveerd, produktief en gesond wees. Lede van die polisie word egter dikwels blootgestel aan stressore, geweld, gevaar, en dood. Burke (1994) beskou dan ook die werk van polisielede as een van die sielkundig en fisiek gevaarlikste beroepe in die wêreld. Een gevolg van hierdie stresvolle werk, is dat daar 'n wêreldwye toename in selfmoord onder polisielede is (Lester, 1992). Violanti (1996) beskryf selfmoord onder polisielede selfs as 'n epidemie. Die selfmoordsyfers per 100 000 lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) vir die tydperk 1994 tot 2000 word aangedui in Tabel 1 (Pienaar, 2002).

Tabel 1

*Die Selfmoordsyfers van die SAPD vanaf 1994 tot 2000 (Per 100 000)*

| Jaar | 1994 | 1995 | 1996 | 1997 | 1998 | 1999 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Frekwensie | 200 | 200 | 150 | 130 | 110 | 110 | 130 |

Uit Tabel 1 blyk dit dat daar 'n relatiewe hoë getal selfmoorde voorkom in die SAPD. In die tydperk 1996 tot 1999 het die getal selfmoorde afgeneem, maar sedert 2000 het dit weer toegeneem tot 130 selfmoorde vir elke 100 000 lede in die polisie. Navorsing in 1995 het getoon dat die selfmoordsyfer 11 keer hoër is in die SAPD as in die algemene Suid-Afrikaanse bevolking (Rossouw, 1999).

Hoewel die SAPD-statistieke dui op 'n hoë voorkoms van selfmoord, is die probleem steeds dat die meeste data op hierdie stadium slegs fokus op suksesvolle selfmoorde, en dat weinig bekend is oor die geneigdheid om selfmoord te pleeg binne die SAPD. Die probleem van selfmoord is dus waarskynlik heelwat groter as wat dit op die oppervlak blyk te wees (Rothmann & Strijdom, 2002). Volgens Jin en Zhang (1998) bestaan daar 'n sterk assosiasie tussen selfmoord-denkbeeldvorming en selfmoord, en is navorsing oor selfmoord-denkbeeldvorming dus nodig ten einde potensiële selfmoordkandidate te identifiseer en sodoende selfmoord in die SAPD te voorkom.

Selfmoord-denkbeeldvorming verwys na die gedagtes en kognisies rondom selfmoordgedrag

en -voornemens en is 'n vroeë aanduider van meer ernstige selfmoordgedrag (Bonner & Rich, 1987). Volgens Reynolds (1991a) word selfmoord-denkbeeldvorming gedefinieer as die denke en idees oor die dood, selfmoord en ernstige gedrag van selfbesering. Dit sluit ook denke in wat verband hou met die beplanning, uitvoer en gevolge of uitkomste van selfmoordgedrag – spesifiek die gevolge wat die selfmoordgedrag op die reaksie van ander mense sal hê.

'n Studie ten opsigte van selfmoord-denkbeeldvorming in die Wes-Kaap is van groot waarde, veral gesien in die lig van die publieke omgewing waarin polisielede diens lewer. Volgens Koortzen (1996) speel die publieke omgewing van polisielede 'n baie belangrike rol in selfmoord-denkbeeldvorming. In die Wes-Kaap is gemeenskapsapatie, klagtes deur die publiek, sowel as 'n swak publieke beeld as gevolg van die hoë misdaadsyfer deel van die publieke omgewing (Misdaadinligtinganalisesentrum, 2001). Polisielede kry daagliks te doen met georganiseerde militante groepe en grootskaalse bendebedrywighede op die Kaapse Vlakte (Koortzen, 1996). Openbare betogings vind ook gereeld plaas in die Wes-Kaap, en tydens hierdie optogte gebeur dit dikwels dat polisielede aangerand word en van hul waardigheid en selfrespek beroof word (persoonlike kommunikasie met lede in 'n ontlontingsgroep, September 2003). Hierdie ervarings kan moontlik aanleiding gee tot selfmoord-denkbeeldvorming.

Een van die belangrikste stappe in die voorkoming van selfmoord-denkbeeldvorming is om die faktore wat daartoe aanleiding gee, te identifiseer. Volgens Jacobs (1998) is daar verskeie faktore wat kan bydra tot selfmoordgedrag, insluitende stressore in die werksituasie, die gebruik van coping-strategieë, faktore buite die werksituasie, sowel as die interaksie tussen hierdie veranderlikes.

Met die misdaadsyfer wat besig is om vinnig toe te neem in Suid-Afrika (Misdaadinligtinganalisesentrum, 2001) word polisielede toenemend blootgestel aan gevaar soos aggressiewe aanrandings, moord, beserings, geweld, en dood. Volgens Freeman (1988) kan polisielede weens hierdie gereelde blootstelling aan lewe-en-dood-situasies baie hoë vlakke van werkstres ervaar. Lazarus en Folkman (1984) definieer stres in terme van die versteuring van die ekwilibrium van die kognitief-emosionele omgewingsisteem deur eksterne faktore of stressore. Volgens Violanti (1995) kan die blootstelling aan werkstres lei tot selfmoord-denkbeeldvorming.

Anshel (2000) beskou die ervaring van stres in die werksituasie as 'n kombinasie van situasionele faktore en die polisielid se swak coping-vaardighede. Lazarus en Folkman (1984) definieer coping as konstant veranderende kognitiewe en gedragspogings wat ten doel het om spesifieke eksterne en interne eise, wat as bedreigend gesien word of wat die individu se beskikbare bronne oorskry, te hanteer, of om negatiewe gevolge te verminder of te voorkom. Coping-gedrag is 'n belangrike aspek in die streservaring; dus veroorsaak onvoldoende en oneffektiewe coping-strategieë dat 'n individu meer ontvanklik sal wees vir selfmoord-denkbeeldvorming. Wanneer sekere coping-strategieë (bv. vermyding, en kognitiewe of gedragsonttrekking) toegepas word, kan selfmoord-denkbeeldvorming ontwikkel (Hageman, 1978). Dit is dus noodsaaklik om ondersoek in te stel na die strategieë wat polisielede gebruik om met werkstres te cope.

Anshel (2000) is van mening dat die intensiteit en frekwensie van blootstelling aan werkstressore 'n invloed het op die effek wat die stressore op 'n individu het (fisiologies, sielkundig of met betrekking tot die gedrag van die individu) en dat dit in hierdie opsig 'n rol in selfmoord-denkbeeldvorming speel. Dit is gevolglik noodsaaklik om die hewigheid van werkstressore in die SAPD te bepaal en sodoende vas te stel op watter stressore daar gefokus moet word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorkom.

Verdere faktore wat 'n rol speel in selfmoord-denkbeeldvorming sluit in sosiale ondersteuning (Bonner & Rich, 1987), alkoholmisbruik (Rothmann & Strijdom, 2002), 'n mediese toestand wat 'n invloed het op die kwaliteit van dienslewering in die SAPD (Breslau, 1992), 'n vorige selfmoordpoging (Pienaar, 2002), en die rang van die lid (Pienaar & Rothmann, 2003a). Selfmoord-denkbeeldvorming kan ook varieer op grond van die grootte van die stasie waar die polisielid werksaam is (Pienaar & Rothmann, 2003a), die aantal jare in die SAPD en in die huidige pos (Violanti, 1996), sowel as die geslag (Brown & Fielding, 1993), huwelikstatus (Sorenson & Rutter, 1991) en werkstevredenheid van die polisielid (Brown,Cooper & Kirkcaldy, 1996). Dit is dus ook belangrik om die rol wat hierdie faktore in selfmoord-denkbeeldvorming speel, te ondersoek.

Die doelstellings van hierdie studie is om die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping in die SAPD te bepaal, vas te stel of werkstres en coping-strategieë gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te

voorspel en om vas te stel wat die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD is.

**Selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping**

McCafferty (1992) is van mening dat selfmoord onder polisielede hoofsaaklik die gevolg is van werksverwante stressore. In die werkplek kan twee kategorieë onderskei word wat lei tot werkstres onder polisielede. Eerstens is daar die *aard van die polisiewerk* self, en tweedens is daar die struktuur van die organisasie (die *organisatoriese stressore*) (Biggam, Power, MacDonald, Carcary & Moodie, 1997).

Volgens Biggam et al. (1997) verwys die *aard van polisiewerk* na die operasionele faktore wat spesifiek is aan polisiewerk, en sluit polisie-spesifieke stressore in soos die blootstelling aan gevaar, beserings en fisiese aanvalle, die hantering van tonele waar iemand dood is, 'n kollega wat in die uitvoering van sy/haar pligte oorlede is, die neem van iemand se lewe in die uitvoering van die lid se pligte, die hantering van groot skares en massabetogings, en die sien van misdadigers wat vrygelaat word. Alhoewel die aard van polisiewerk meer potensiaal inhou vir traumatiese stres buite die normale ervaringsveld, is dit steeds die struktuur van die organisasie wat die grootste bron van stres vir polisielede in die SAPD inhou (Koortzen, 1996).

Die struktuur van die organisasie sluit faktore in soos outokratiese bestuurstyle, rigiede kommunikasiesisteme, oorlading ten opsigte van administrasie, die regstelsel en onvoldoende toerusting (Biggam et al., 1997). Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) en Leiter en Maslach (1988) kan *organisatoriese stressore* verdeel word in twee groepe, naamlik werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne. Werkseise verwys na die eise wat aan 'n individu gestel word in die uitvoering van sy of haar pligte as polisielid. Belangrike werkseise sluit in interne transformasie, eienskappe van die take van die polisielid en die eise wat 'n lid se pos aan hom stel in terme van energie en verantwoordelikheid. 'n Gebrek aan hulpbronne hou verband met die rol van die organisasie in die ondersteuning en hulp aan polisielede in die uitvoering van hul take. Dit sluit onder andere die volgende in: 'n tekort aan lede om spesifieke take te verrig, 'n gebrek aan geleenthede vir bevordering, onvoldoende salaris en 'n gebrek aan erkenning vir goeie werk (Pienaar & Rothmann, 2003a). Dit is dus duidelik dat die werkstres wat polisielede moontlik ervaar, bestaan uit polisie-spesifieke stressore, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne.

Volgens Anshel (2000) speel die intensiteit en frekwensie van blootstelling aan werkstressore 'n rol in selfmoord-denkbeeldvorming deurdat dit 'n invloed het op die effek wat die stressore op 'n polisielid het. Stressore wat hoë intensiteit sowel as hoë frekwensie het, kan beskou word as ernstige bronne van stres. Indien hierdie stressore nie effektief hanteer word nie, kan dit lei tot langtermyn kroniese stres, wat weer 'n nadelige invloed het op die immuunstelsel van die polisielid, met 'n gevolglike toename in siektes, wat weer 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming (Breslau, 1992). Volgens Pienaar en Rothmann (2003a) is die belangrikste stressore in die SAPD verskeie werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, en sluit in kollegas wat nie hul werk doen nie, onvoldoende en swak gehalte toerusting, onvoldoende salarisse en die regstelsel. Verdere stressore in die polisie-organisasie sluit in personeeltekorte, probleme met bestuur, skofwerk, beperkte geleenthede vir bevordering, 'n tekort aan finansies, lang werksure, en veranderinge in die organisasie (Brown et al., 1996; Hingley & Cooper, 1986; Janik & Kravitz, 1994;). Dit is belangrik om die bronne van stres in die SAPD te identifiseer aangesien dit die ontwikkeling van effektiewe intervensies kan fasiliteer wat ten doel het om die negatiewe effekte van stres teen te werk, en sodoende 'n positiewe invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming (Pienaar & Rothmann, 2003a).

'n Baie belangrike kwessie in selfmoordgedrag is coping. Pienaar en Rothmann (2003b) het die COPE-vraelys onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie in 'n nasionale steekproef van polisielede. Vier intern konsekwente faktore is onttrek, naamlik aktiewe coping, vermyding, soeke na emosionele ondersteuning en wending na religie. De Rijk, Le Blanc en Schaufeli (2001) definieer aktiewe coping as die poging om probleme by die werk op te los deur die situasie kognitief te analiseer en/of deur konkrete aksie. Aktiewe coping rig direkte aandag op die probleem en die soeke na maniere om die probleem op te los. Volgens Parker en Endler (1996) word die stressor verwyder en die gevolge daarvan verminder deur aktiewe coping en kan aktiewe coping sodoende dien as buffer teen selfmoord-denkbeeldvorming.

Vermyding verwys na kognitiewe en gedragsonttrekking om 'n stressor te hanteer, en word assosieer met emosionele angs, neurotisisme, wensdenkery en selfverwyt (Bishop, Tong, Diong, Enkelmann & Why, 2001). Volgens Parker en Endler (1996) verwys vermyding na 'n bewuste poging om kognitief of fisies van die stressor af weg te beweeg, en sluit in ontkenning, kognitiewe onttrekking, gedragsonttrekking en die ventilering van emosies. Die

doel van vermyding is om die persoon se aandag af te trek van die stressor en aktiewe konfrontasie met die stressor te vermy. Vermyding word geassosieer met persone wat angstig en depressief is, en het 'n positiewe korrelasie met negatiewe uitkomste soos stres, siekte en selfmoord-denkbeeldvorming (Soderstrom, Dolbier, Leiferman & Steinhardt, 2000).

'n Soeke na emosionele ondersteuning is 'n wyse van coping wat verwys na pogings om inligting, advies, sowel as tasbare en emosionele ondersteuning van ander te ontvang (Patterson, 2000). Carver, Scheier & Wientraub (1989) het bevind dat 'n soeke na emosionele ondersteuning werkstres en sielkundige spanning verlig. In teenstelling hiermee het Billings en Moos (1984) en Constanza, Derlega en Winstead (1988) bevind dat 'n soeke na emosionele ondersteuning nie altyd baie aanpasbaar is nie. In aansluiting by laasgenoemde, stel Hobfoll, Freedy, Lane en Geller (1990) voor dat, hoewel emosionele hulpbronne kan help om as buffer teen die eise van die omgewing te dien, mense huiwerig kan wees om vir ondersteuning te vra as gevolg van die vrees dat hulle dalk vir iemand 'n las kan wees. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n soeke na emosionele ondersteuning die effek van selfmoord-denkbeeldvorming kan buffer indien die beskikbare hulpbronne van ondersteuning wel benut word.

Wending na religie ("turning to religion") is 'n coping-strategie wat verwys na die fokus op godsdiens ten einde emosionele ondersteuning te fasiliteer (Carver et al., 1989). Rothmann en Van Rensburg (2001) het bevind dat polisielede in die SAPD wending na religie en beplanning (kognitiewe pogings om aksiestrategieë te vind om 'n probleem op te los) toepas as algemene coping-strategieë. Wending na religie word gebruik om emosionele ondersteuning te fasiliteer en word verklaar deur die feit dat opgeleide persone aangestel word om na die godsdienstige welsyn van polisielede in die SAPD om te sien.

**Moontlike faktore wat 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming**

Een van die belangrikste stappe in die voorkoming van selfmoord-denkbeeldvorming is om die faktore wat daarteen beskerm en faktore wat daartoe aanleiding kan gee te identifiseer. Verskeie faktore kan moontlik 'n rol speel in selfmoord-denkbeeldvorming. Bonner en Rich (1987) het bevind dat sosiale ondersteuning 'n positiewe invloed het op die effek van stres in die voorspelling van selfmoordgedrag. Hirsch en Ellis (1995) het ook bevind dat die hoeveelheid sosiale ondersteuning wat 'n persoon ontvang, 'n belangrike faktor is in die

verhouding tussen stres en depressie, en sodoende 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming. Alkoholmisbruik speel ook 'n belangrike rol in selfmoord-denkbeeldvorming. Rothmann en Strijdom (2002) en Rothmann en Van Rensburg (2001) het bevind dat polisielede in die SAPD wat meer as 14 alkoholiese drankies per week gebruik (in vergelyking met persone wat minder drankies gebruik), meer disfunksionele coping-strategieë het, minder werkstevredenheid het en ook hoër vlakke van selfmoord-denkbeeldvorming toon. Volgens Smalberger (1986) is die oormatige gebruik van alkohol 'n gevaarteken vir selfmoordgedrag en was 'n groot aantal beamptes wat selfmoord gepleeg het óf onder die invloed van drank óf het dit dikwels misbruik.

'n Mediese toestand wat 'n invloed het op die kwaliteit van dienslewering in die SAPD is 'n verdere faktor wat 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming. Volgens Breslau (1992) het persone wat gereeld pyn ervaar, soos byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn of migraine, hoër vlakke van selfmoord-denkbeeldvorming, en kan die afleiding gemaak word dat 'n mediese toestand 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming. 'n Vorige selfmoordpoging is ook 'n belangrike faktor in selfmoord-denkbeeldvorming. Kaplan en Sadock (1991) het bevind dat 40 persent van persone wat selfmoord gepleeg het, reeds 'n vantevore 'n selfmoordpoging aangewend het, en dat dit die beste aanduider van toekomstige selfmoordgeneigdheid is. Pienaar (2002) het bevind dat 'n vorige selfmoordpoging 'n betekenisvolle faktor is in die voorspelling van selfmoord-denkbeeldvorming. Die rang van die polisielid is 'n verdere faktor wat moontlik 'n invloed het op selfmoord-denkbeeldvorming. Pienaar en Rothmann (2003a) het bevind dat dit veral middelvlakbestuur (superintendente en senior superintendente) is wat blootgestel word aan werkstressore. Roosendaal (2002) is van mening dat dit veral lede in die laer range is wat selfmoord-denkbeeldvorming ervaar.

Selfmoord-denkbeeldvorming kan ook varieer op grond van die grootte van die stasie waar die polisielid werksaam is, die aantal jare in die SAPD en in die huidige pos, sowel as die geslag, huwelikstatus en werkstevredenheid van die polisielid. Pienaar en Rothmann (2003a) het bevind dat polisielede in kleiner polisiestasies minder werkstres ervaar as in groter polisiestasies. Volgens Violanti (1996) het polisielede met die minste werksondervinding die laagste stresvlakke en hou die aantal jare diens in die SAPD en in die huidige pos invers verband met selfmoord-denkbeeldvorming. Wat geslag betref, het Brown en Fielding (1993) bevind dat dit veral vroulike polisielede is wat die bedreiging en realiteit van gevaar moet hanteer, sowel as die addisionele stressore wat geassosieer word met seksuele vooroordele en

diskriminasie. Sorenson en Rutter (1991) is van mening dat ongetroude persone hoër vlakke van selfmoord-denkbeeldvorming ervaar as getroude persone. Volgens Brown et al. (1996) bestaan daar 'n positiewe korrelasie tussen werkstevredenheid en sielkundige welsyn, en het werkstevredenheid gevolglik 'n positiewe uitwerking op selfmoord-denkbeeldvorming.

## METODE

### Navorsingsontwerp

'n Opnameontwerp is gebruik om die navorsingsdoelstelling te bereik. Die spesifieke ontwerp wat gebruik is, is die dwarsdeursnee-ontwerp. In hierdie ontwerp word 'n steekproef getrek uit 'n populasie op 'n spesifieke oomblik. Die inligting wat ingesamel word, word gebruik om die populasie op daardie oomblik te beskryf. Die ontwerp kan ook gebruik word om die interverhoudinge tussen veranderlikes van die populasie te bepaal (Shaughnessy & Zechmeister, 1997).

### Steekproef

'n Gestratifiseerde, ewekansige steekproef ($n$=340) is geneem van uniformpolisie in die Wes Kaap. Verder is 'n ewekansige steekproef geneem van polisiestasies in die Wes-Kaap. Polisiestasies is verdeel in klein (minder as 25 personeellede), medium (25 tot 100 personeellede) en groot stasies (meer as 100 personeellede). Alle polisielede by ewekansige geïdentifiseerde klein en medium stasies in die Wes-Kaap is gevra om die vraelyste te voltooi. In groot stasies is gestratifiseerde ewekansige steekproewe geneem op grond van ras en geslag. Tabel 2 gee sommige van die eienskappe van die deelnemers weer.

Tabel 2

*Eienskappe van die Studiepopulasie (n=340)*

| *Item* | *Kategorie* | *Persentasie van respondente* |
|---|---|---|
| Ras | Wit | 55,00 |
| | Swart | 5,00 |
| | Kleurling | 39,41 |
| | Indiër | 0,59 |
| Rang | Konstabel | 5,00 |
| | Sersant | 14,12 |
| | Inspekteur | 64,41 |
| | Kaptein | 13,82 |
| | Superintendent | 2,35 |
| | Senior Superintendent | 0,29 |
| Opvoedkundige kwalifikasie | Graad 10 | 13,24 |
| | Graad 11 | 2,06 |
| | Graad 12 | 57,65 |
| | Tegniese Kollege Diploma | 1,76 |
| | Tegniese Diploma | 22,65 |
| | Universiteitsgraad | 2,06 |
| | Nagraadse opleiding | 0,59 |
| Geslag | Manlik | 75,59 |
| | Vroulik | 24,41 |
| Huwelikstatus | Enkel | 18,82 |
| | Getroud | 55,59 |
| | Geskei | 22,94 |
| | Vervreemd | 1,76 |
| | Weer getroud | 0,88 |
| Huistaal | Afrikaans | 76,47 |
| | Engels | 19,71 |
| | Sesotho | 0,88 |
| | Setswana | 0,29 |
| | siSwati | 0,29 |
| | isiXhosa | 2,35 |
| Vorige aanklagte | Ja | 21,86 |
| | Nee | 78.14 |
| Grootte van stasie | Klein | 19,41 |
| | Medium | 37,35 |
| | Groot | 43,24 |

Tabel 2 dui aan dat meer as die helfte van die steekproef bestaan het uit Blanke lede (55,0%). Inspekteurs is grotendeels ingesluit (64,41%). Die steekproef bestaan ook hoofsaaklik uit mans (75,59%). Meer as die helfte van die steekproef (57,65%) het 'n kwalifikasie van Graad

12. Wat huwelikstatus betref, is die meerderheid (55,59%) van die lede getroud. Afrikaans is in die meeste gevalle (76,47%) as huistaal aangedui.

**Meetinstrumente**

- 'n *Biografiese vraelys* is ontwikkel om inligting in te samel in verband met die biografiese eienskappe van die deelnemers. Inligting wat ingesamel word, sluit die volgende in: stasie waarin die polisielid werksaam is, ouderdom, geslag, aantal diensjare, aantal jare in huidige posisie (ten einde vordering te bepaal), opvoedkundige kwalifikasies, huwelikstatus, tevredenheid met verhouding met betekenisvolle ander, huistaal, geskiedenis van dissiplinêre verhore, selfgeëvalueerde werksprestasie, selfgeëvalueerde werkstevredenheid, mediese toestande, die gebruik van voorskrif- en oor-die-toonbank-medikasie, die redes vir die gebruik van die medikasie, die hoeveelheid alkoholiese drankies wat per week geneem word, rookgedrag, hoeveelheid sigarette per dag gerook, ander dwelms wat gebruik word, oefengedrag en vorige selfmoordpogings.

- *Die Volwasse Selfmoord-denkbeeldvormingsvraelys* (ASIQ) is 'n betroubare meetinstrument wat deur Reynolds (1991a) ontwikkel is spesifiek vir die meting van selfmoordgeneigdheid – dit wil sê die respondent se huidige vlak van selfmoord-denkbeeldvorming. Die ASIQ is in die vorm van 'n vraelys en gebruik 'n 7-puntitem-responsformaat waarop die respondent die frekwensie van die kognisies se voorkoms die afgelope maand aandui. Die responsformaat wissel van "ongeveer elke dag" (6) tot "een maal per maand" (1) en "nog nooit die gedagte gehad nie" (0). 'n Hoë telling dui op 'n groot aantal kognisies oor selfmoord wat op 'n gereelde basis voorkom. Volgens Reynolds (1991a) is die interne konsekwentheid (alfakoëffisiënt) van die ASIQ 0,96. Die toets-hertoets-betroubaarheid van die ASIQ varieer tussen 0,86 en 0,95 (Reynolds, 1991b). Reynolds (1991a) verskaf bewyse van die inhoud-, konstruk- en kriterium-verwante geldigheid van die ASIQ. Rothmann en Strijdom (2002) het interne konsekwentheidstelling vir die ASIQ van 0,98 en 0,95 vir onderskeidelik wit en swart polisielede bevind. Pienaar (2002) vind 'n alfawaarde van 0,97 in 'n nasionale steekproef van polisielede.

- Die *Polisiestresinventaris* (PSI) (Pienaar & Rothmann, 2003a) is gebruik om die deelnemers se werkstres te meet. Pienaar en Rothmann (2003a) het die PSI ontwikkel vir

polisielede in die SAPD, gebaseer op bevindinge van vorige studies ten opsigte van stressore in die polisie-omgewing. Hulle het die PSI onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Drie interne konstante faktore is onttrek, naamlik Stres: Werkseise (17 items), Stres: Gebrek aan Hulpbronne (14 items) en Polisie-spesifieke Stressore (8 items). Die alfakoëffisiënte van die drie skale was onderskeidelik 0,92, 0,92 en 0,89. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994), en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die PSI. Die ernstigheid sowel as die frekwensie van stressore word gemeet. Die PSI word gemeet op 'n 9-puntskaal van frekwensie en intensiteittellings, en wissel van 0 ("laag") tot 9 ("hoog").

- Die *COPE*-vraelys (Carver et al., 1989) is gebruik om die deelnemers se coping-strategieë te meet. Die COPE is 'n multidimensionele 53-item-vraelys oor coping wat die verskillende wyses aandui waarop mense in verskillende omstandighede cope (Carver et al., 1989). Keuses van response wissel van 1 ("Ek doen dit gewoonlik glad nie") tot 4 ("Ek doen dit gewoonlik baie"). Alhoewel die oorspronklike vraelys 13 verskillende coping-strategieë meet, het Pienaar en Rothmann (2003b) die COPE onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Vier interne konsekwente faktore is onttrek, naamlik Aktiewe Coping (16 items), Vermyding (13 items), Soeke na Emosionele Ondersteuning (7 items) en Wending na Religie (3 items). Die alfakoëffisiënte van die vier skale is onderskeidelik 0,92, 0,86, 0,80 en 0,83. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994), en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die COPE. Die toets-hertoets-betroubaarheid wissel van 0,46 tot 0,86 en van 0,42 tot 0,89 (toegepas na twee weke).

**Statistiese ontleding**

Die statistiese ontleding is uitgevoer met behulp van die SAS-program (SAS Instituut, 2000). Cronbach-alfakoëffisiënte, interitem-korrelasiekoëffisiënte en bevestigende faktoranalise is gebruik om die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrumente te bepaal (Clark & Watson, 1995). Beskrywende statistieke (gemiddeldes, standaardafwykings, skeefheid en kurtose) is gebruik om die data te ontleed.

Eenrigtingvariansie-ontleding (ANOVA) is gebruik om die verskille tussen die subgroepe

van die steekproef te bepaal. 'n Afsnypunt van 0,50 (medium effek, Cohen, 1988) is gestel vir die praktiese betekenisvolheid van verskille tussen gemiddeldes. Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte is gebruik om die verhoudings tussen veranderlikes te spesifiseer. In die geval waar die verspreiding van die tellings skeef is, is Spearman se korrelasiekoëffisiënte bereken. 'n Afsnypunt van 0,30 (medium effek, Cohen, 1988) is gestel vir die praktiese betekenisvolheid van korrelasiekoëffisiënte. Die waarde van *d* word bereken as:

$$d = \frac{Mean_A - Mean_B}{SD_{MAX}}$$

*waar;*

$Mean_A$ = Gemiddelde van die eerste groep

$Mean_B$ = Gemiddelde van die tweede groep

$SD_{MAX}$ = Hoogste standaardafwyking van die twee groepe

'n Diskriminantontleding is uitgevoer om te bepaal watter kombinasie van onafhanklike veranderlikes gebruik kan word om polisielede te klassifiseer in groepe wat lae teenoor hoë tellings van selfmoord-denkbeeldvorming behaal het. Die resulterende diskriminantfunksie skei die lede van die groepe maksimaal. Die aanname van diskriminantontleding is dat die onafhanklike veranderlikes aaneenlopend is terwyl die afhanklike veranderlike kategories is (Kerlinger & Lee, 2000). 'n Stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding is gebruik om die proporsie van variansie in die afhanklike veranderlike (selfmoord-denkbeeldvorming) te bepaal wat deur die onafhanklike veranderlikes verklaar word.

## RESULTATE

Tabel 3 dui die beskrywende statistieke, Cronbach-alfakoëffisiënte en interitem-korrelasiekoëffisiënte van die meetinstrumente aan.

Tabel 3

*Beskrywende Statistiek, Alfakoëffisiënte en Gemiddelde Interitem-korrelasiekoëffisiënte van die ASIQ, PSI en COPE*

| Item | Gemiddelde | *SD* | Skeefheid | Kurtosis | *r*-Gemiddelde | α |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **ASIQ** | 7,18 | 14,76 | 5,47* | 41,40* | 0,61 | 0,97 |
| **PSI** | | | | | | |
| Werkseise | 79,56 | 26,12 | -0,18 | -0,41 | 0,41 | 0,92 |
| Gebrek aan Hulpbronne | 79,45 | 23,23 | -0,55 | -0,06 | 0,44 | 0,92 |
| Polisie-spesifieke stressore | 45,38 | 15,73 | -0,54 | -0,61 | 0,49 | 0,89 |
| **COPE** | | | | | | |
| Aktiewe Coping | 71,26 | 12,11 | -0,38 | 0,04 | 0,28 | 0,90 |
| Vermyding | 25,27 | 6,50 | 0,26 | -0,53 | 0,23 | 0,80 |
| Soeke na Emosionele Ondersteuning | 18,90 | 5,20 | -0,32 | 0,59 | 0,45 | 0,85 |
| Wending na religie | 12,66 | 3,18 | -0,91 | 0,07 | 0,62 | 0,87 |

* Hoë skeefheid en kurtose

Tabel 3 dui aan dat aanvaarbare Cronbach-alfakoëffisiënte wat wissel van 0,80 tot 0,97 verkry is vir al die skale ($\alpha > 0,70$; Nunnally & Bernstein, 1994). Die gemiddelde interitem-korrelasies van die meeste van die skale is aanvaarbaar ($0,15 < r < 0,50$; Clark & Watson, 1995) en bevestig dus die interne betroubaarheid van die skale. Die interitem-korrelasies van twee van die skale, naamlik die ASIQ en Wending na Religie, is hoog. In Tabel 3 kan gesien word dat die meeste van die skale van die meetinstrumente relatief normale verspreidings het met lae skeefheid en kurtose. Die ASIQ toon wel hoë skeefheid en kurtose.

Tabel 4 dui die produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping aan. In die geval van die korrelasies tussen die ASIQ en ander konstrukte, is Spearman-korrelasiekoëffisiënte bereken weens die skewe verspreiding van die ASIQ-tellings.

Tabel 4

*Produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen Selfmoord-denkbeeldvorming, Werkstres en Coping*

| Item | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. ASIQ | - | - | - | - | - | - | - |
| 2. Werkseise | $0,25^{*}$ | - | - | - | - | - | - |
| 3. Gebrek aan Hulpbronne | $0,18^{*}$ | $0,77^{*++}$ | - | - | - | - | - |
| 4. Polisie-spesifieke Stressore | 0,07 | $0,60^{*++}$ | $0,59^{*++}$ | - | - | - | - |
| 5. Aktiewe Coping | -0,10 | -0,08 | -0,05 | -0,03 | - | - | - |
| 6. Vermyding | $0,32^{*+}$ | $0,18^{*}$ | -0,001 | 0,08 | -0,01 | - | - |
| 7. Soeke na Emosionele Ondersteuning | -0,09 | -0,08 | $-0,12^{*}$ | 0,01 | $0,51^{*++}$ | $0,16^{*}$ | - |
| 8. Wending na Religie | -0,09 | -0,04 | -0,10 | 0,02 | $0,48^{*+}$ | -0,00 | $0,37^{*+}$ |

ASIQ = Totaal telling vir die ASIQ; WE= Werkseise ; GHB = Gebrek aan Hulpbronne; PS = Polisie-spesifieke Stressore; AC = Aktiewe Coping; VC= Vermyding; SO = Soeke na Emosionele Ondersteuning

* $p \leq 0,05$, statisties betekenisvol
\+ $r > 0,30$, prakties betekenisvol, medium effek
++ $r > 0,50$, prakties betekenisvol, groot effek

Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer statisties betekenisvol met Werkseise en 'n Gebrek aan Hulpbronne. Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer ook statisties betekenisvol (prakties betekenisvol, medium effek) met Vermyding. Werkseise korreleer statisties betekenisvol met Vermyding en ook met 'n Gebrek aan Hulpbronne en Polisie-spesifieke Stressore (prakties betekenisvol, groot effek). 'n Gebrek aan Hulpbronne korreleer statisties betekenisvol en negatief met Soeke na Emosionele Ondersteuning en prakties betekenisvol (groot effek) met Polisie-spesifieke Stressore. Aktiewe Coping korreleer statisties betekenisvol (prakties betekenisvol, groot effek) met Soeke na Emosionele Ondersteuning en statisties betekenisvol (prakties betekenisvol, medium effek) met Wending na Religie. Vermyding korreleer statisties betekenisvol met Soeke na Emosionele Ondersteuning. Soeke na Emosionele Ondersteuning dui ook op 'n statisties betekenisvolle (prakties betekenisvol, medium effek) korrelasie met Wending na Religie.

Die ontleding van die intensiteit, frekwensie en hewigheid van die items van die PSI word aangedui in Tabel 5.

Tabel 5

*Die Intensiteit, Frekwensie en Hewigheid van die items van die PSI*

| Items | Intensiteit | Frekwensie | Ernstigheid |
|---|---|---|---|
| Werkseise | | | |
| Gereelde veranderinge vanaf energie-eisende aktiwiteite tot verveeldheid | 4,28 | 3,81 | 16,31 |
| Sperdatums wat bereik moet word | 4,71 | 4,62 | 21,76 |
| Toewysing van groter verantwoordelikheid | 4,74 | 4,36 | 20,67 |
| Die maak van kritiese en onmiddellike besluite | 4,65 | 4,04 | 18,79 |
| Die hantering van krisissituasies | 5,07 | 4,44 | 22,51 |
| Gebrek aan persoonlike tyd (bv. etenstye) | 4,37 | 3,93 | 17,17 |
| Die ontvang van nuwe pligte, of pligte wat nie voorheen uitgevoer is nie | 4,64 | 3,29 | 15,27 |
| Verpligting om skofwerk te doen | 3,93 | 3,01 | 11,83 |
| Meer papierwerk as wat hanteer kan word | 5,46 | 5,68 | 31,01 |
| Bywoning van gevalle van huishoudelike geweld | 4,81 | 3,26 | 15,68 |
| Te veel supervisie | 4,30 | 2,51 | 10,79 |
| Verpligting om iemand anders se werk te doen | 5,13 | 4,51 | 23,14 |
| Verpligting om oortyd te werk | 4,32 | 4,32 | 18,66 |
| Gereelde onderbrekings | 4,87 | 4,69 | 22,84 |
| Verpligting om take uit te voer nie deel van posbeskrywing | 4,87 | 4,98 | 24,25 |
| Raserige werksarea | 4,34 | 3,14 | 13,63 |
| Herorganisasie en transformasie binne die organisasie | 5,06 | 3,44 | 17,41 |
| Gebrek aan Hulpbronne | | | |
| Tekort aan lede om spesifieke take te verrig | 5,95 | 5,50 | 32,73 |
| Onvoldoende of swak gehalte toerusting | 6,29 | 5,75 | 36,17 |
| Gebrek aan erkenning van werk wat goed gedoen is | 5,74 | 4,86 | 27,90 |
| Ander lede wat nie hul werk doen nie | 6,35 | 5,60 | 35,56 |
| Gebrek aan ondersteuning deur die toesighouer | 5,52 | 3,62 | 19,98 |
| Negatiewe houdings wat teenoor die organisasie ervaar word | 5,04 | 4,41 | 22,23 |
| Gebrek aan geleenthede vir bevordering | 6,14 | 3,98 | 24,44 |
| Kollegas wat ongemotiveerd is | 5,58 | 5,29 | 29,52 |
| Supervisie wat swak of onvoldoende is | 4,99 | 3,02 | 15,07 |
| Onvoldoende salaris | 6,45 | 5,66 | 36,51 |
| Personeel tekorte | 6,73 | 6,37 | 42,87 |
| Geen deelname in besluite oor beleidopstelling nie | 5,04 | 3,39 | 17,06 |
| Sterk kompetisie vir bevordering | 5,35 | 3,45 | 18,46 |
| Moeilike verhouding met toesighouer | 4,29 | 2,13 | 9,14 |
| Polisie-spesifieke Stressore | | | |
| Kollega wat in die uitvoering van pligte dood is | 6,88 | 1,40 | 9,63 |
| Die neem van lewe van iemand in die uitvoering van pligte | 6,00 | 0,81 | 4,86 |
| Gewelddadige arrestasie of om fisies aangeval te word | 5,74 | 1,97 | 11,31 |
| Die verpligting om 'n groot skare/massa optog te hanteer | 5,14 | 1,77 | 9,10 |
| Rassekonflik | 5,78 | 2,40 | 13,87 |
| Die oordra van 'n boodskap oor dood of ander slegte nuus aan iemand | 4,98 | 1,70 | 8,47 |
| Sien dat misdadigers vrygelaat word | 6,71 | 4,69 | 31,47 |
| Verpligting om die media te hanteer | 4,16 | 1,55 | 6,45 |

Uit Tabel 5 kan afgelei word dat die volgende werkseise die hoogste tellings behaal het wat betref hewigheid: meer papierwerk as wat hanteer kan word, die verpligting om take uit te voer wat nie deel is van die posbeskrywing nie en verpligtinge om iemand anders se werk te

doen. Wat 'n gebrek aan hulpbronne betref, blyk dit dat personeeltekorte, onvoldoende salaris, onvoldoende of swak gehalte toerusting, ander lede wat nie hul werk doen nie en tekort aan lede om spesifieke take te verrig die hoogste hewigheid toon. Wat polisie-spesifieke stressore betref, is misdadigers wat vrygelaat word die item met die hoogste hewigheid.

Die frekwensies van sosiale ondersteuning word in Tabel 6 weergegee. Die tabel dui die persepsies van sosiale ondersteuning aan wat deur lede ervaar word.

Tabel 6

*Frekwensies van Sosiale Ondersteuning*

| Bron van ondersteuning | Ondersteuning | |
|---|---|---|
| | Ja | Nee |
| Die publiek | 52,94 | 47,06 |
| Die SAPD in die algemeen | 52,65 | 47,35 |
| Sielkundige Dienste | 31,76 | 68,24 |
| Topbestuur van die SAPD | 24,71 | 75,29 |
| Direkte Bevelvoerder | 78,53 | 21,47 |
| Kollegas | 85,88 | 14,12 |
| Familie | 95,88 | 4,12 |
| Vriende buite die SAPD | 89,12 | 10,88 |
| Godsdienstige Affiliasie | 80,88 | 19,12 |

Uit Tabel 6 kan die volgende afleidings gemaak word in verband met die persepsies van ondersteuning van respondente deur bronne van sosiale ondersteuning: die oorgrote meederheid (75,29%) voel dat topbestuur hulle nie ondersteun nie, terwyl 68,24% voel dat sielkundige dienste hul nie ondersteun nie. Respondente voel dat ondersteuning wel ontvang word vanaf hul direkte bevelvoerder (78,53%), kollegas (85,88%), familie (95,88%), vriende buite die SAPD (89,12%) en godsdienstige affiliasie (80,88%).

Tabel 7 dui die verskil aan tussen die ASIQ-telling van lede wat 'n mediese toestand het wat die kwaliteit van hul diens in die SAPD kan affekteer en lede wat nie 'n mediese toestand het nie.

Tabel 7

*Verskil tussen die ASIQ van Lede wat 'n Mediese Toestand(e) het en lede wat Nie 'n Mediese Toestand het nie.*

| Item | Mediese toestand | | Geen mediese toestand | | T | P | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gemiddeld | *s* | Gemiddeld | *s* | | | |
| ASIQ-totaal | 13,98 | 24,55 | 6 | 11,97 | 2,29 | 0,03* | 0,33 |

*$p < 0,05$, statisties betekenisvol

Uit Tabel 7 kan die afleiding gemaak word dat die verskil tussen die ASIQ-tellings van lede wat 'n mediese toestand het en die lede wat geen mediese toestand het nie, statisties betekenisvol is ($p < 0,05$). Die verskil is egter nie prakties betekenisvol nie.

Tabel 8 dui die verskil aan tussen die ASIQ-telling van lede wat 'n vorige selfmoordpoging gehad het en lede wat nog nooit 'n selfmoordpoging gehad het nie.

Tabel 8

*Verskil tussen die ASIQ van Lede wat 'n Vorige Selfmoordpoging gehad het en Lede wat Nog Nooit 'n Selfmoordpoging gehad het nie.*

| Item | Vorige poging | | Geen poging | | t | P | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gemiddeld | *SD* | Gemiddeld | *SD* | | | |
| ASIQ Totaal | 36,54 | 46,90 | 5,91 | 10,46 | 2,35 | 0,04* | 0,65* |

* $p < 0,05$, statisties betekenisvol

+ $d > 0,50$, prakties betekenisvol, medium effek

Uit Tabel 8 kan die afleiding gemaak word dat die verskil tussen die ASIQ-tellings van lede wat 'n vorige selfmoordpoging gehad en die lede wat geen vorige poging gehad het nie, statisties betekenisvol ($p < 0,05$) en prakties betekenisvol is ($d > 0,50$; medium effek).

'n Stapsgewyse diskriminantontleding is vervolgens uitgevoer ten einde te bepaal watter veranderlikes onderskei word tussen polisielede met 'n hoë en 'n lae vlak van selfmoord-denkbeeldvorming. Die resulterende liniêre diskriminantfunksie vir lede met hoë en lae selfmoord-denkbeeldvorming word in Tabel 9 gegee.

Tabel 9

*Die Liniêre Diskriminantfunksie van Polisielede met Hoë en Lae Selfmoord-denkbeeldvorming*

| Veranderlike | Hoë Selfmoord-denkbeeldvorming | Lae Selfmoord-denkbeeldvorming |
|---|---|---|
| Konstante | -149,81 | -155,07 |
| Ras | 2,25 | 2,18 |
| Rang | 5,68 | 4,78 |
| Grootte van die stasie | 2,27 | 1,97 |
| Aantal jare in die SAPD | -0,16 | -0,12 |
| Aantal jare in huidige pos | 0,75 | 0,63 |
| Geslag | 7,51 | 6,54 |
| Status | 4,75 | 5,47 |
| Vorige aanklagte | 12,27 | 11,78 |
| Werkstevredenheid | 5,03 | 5,32 |
| Mediese toestand | 12,48 | 14,37 |
| Alkoholiese drankies per week | 4,73 | 3,60 |
| Vorige poging | 55,96 | 59,22 |
| Werkseise | 0,07 | 0,07 |
| Gebrek aan Hulpbronne | 0,29 | 0,30 |
| Polisie-spesifieke Stressore | -0,11 | -0,11 |
| Aktiewe Coping | 0,33 | 0,38 |
| Vermyding | 0,99 | 0,86 |
| Soeke na Emosionele Ondersteuning | 0,26 | 0,27 |

Deur die diskriminantontleding toe te pas, is bevind dat al die bogenoemde veranderlikes behoue moet bly vir die diskriminantontleding. Tabel 10 gee 'n opsomming van die frekwensies en persentasies van polisielede wat geklassifiseer kan word tot die hoë of lae selfmoord-denkbeeldvorminggroepe (gebaseer op bogenoemde veranderlikes).

Tabel 10

*Klassifisering van Lede wat behoort tot die Hoë en Lae Selfmoord-denkbeeldvorminggroepe*

| Groep | Hoë Selfmoord-denkbeeldvorming | Lae Selfmoord-denkbeeldvorming | Totaal |
|---|---|---|---|
| Hoë Selfmoord-denkbeeldvorming | 8 (66,67%) | 4 (33,33%) | 12 (100%) |
| Lae Selfmoord-denkbeeldvorming | 41(13,95%) | 253 (86,05%) | 294 (100%) |

Tabel 10 dui aan dat die kombinasie van veranderlikes van polisielede 66,67% van die hoë selfmoord-denkbeeldvorming gevalle en 86,05% van die lae selfmoord-denkbeeldvorming

gevalle korrek klassifiseer. 'n Totaal van 33,33% van die hoë en 13,95% van die lae selfmoord-denkbeeldvorminggevalle is verkeerd geklassifiseer.

'n Stapsgewyse diskriminantontleding is gebruik om die proporsie van variansie in die afhanklike veranderlike (selfmoord-denkbeeldvorming) te bepaal wat deur die onafhanklike veranderlikes verklaar word. Die veranderlikes wat selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede die beste voorspel, word in Tabel 11 weergegee.

Tabel 11

*Veranderlikes wat Selfmoord-denkbeeldvorming by Polisielede Voorspel*

| Veranderlikes | Gedeeltelike $R$-kwadraat | $F$-waarde |
|---|---|---|
| Vermyding | 0,03 | 10,16 |
| Alkohol | 0,02 | 7,45 |
| Mediese Toestand | 0,01 | 4,14 |
| Aktiewe Coping | 0,01 | 3,83 |
| Vorige Selfmoordpoging | 0,01 | 3,21 |
| Rang | 0,01 | 2,43 |

Tabel 11 dui aan dat die volgende veranderlikes gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede in die Wes-Kaap te voorspel: vermydingtipe coping, gebruik van alkohol, aanwesigheid van 'n mediese toestand, nie-Aktiewe Coping, 'n vorige selfmoordpoging en die rang van die polisielid.

## BESPREKING

Die eerste doelstelling van die studie was om die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping in die SAPD te bepaal. Op grond van die produkmoment-korrelasiekoëffisiënte kan daar afgelei word dat stres as gevolg van hoë werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne positief verband hou met 'n vermydingtipe styl van coping. Dit kan wees dat stres as gevolg van hoë werkseise en 'n konstante gebrek aan hulpbronne veroorsaak dat lede gedemotiveerd raak en gevolglik vermyding gebruik. Vermydingtipe coping korreleer weer positief met selfmoord-denkbeeldvorming (Anshel, 2000). Hieruit word die afleiding gemaak dat deur nie 'n probleem direk aan te spreek nie (soos wanneer vermyding gebruik word), dit die individu se belewing van werkstres verhoog,

wat weer kan aanleiding gee tot selfmoord-denkbeeldvorming. Dit is in ooreenstemming met Bishop et al. (2001) se bevinding dat vermyding geassosieer word met angs en neurotisisme, en dat dit 'n positiewe korrelasie het met selfmoord-denkbeeldvorming. Dit is ook moontlik dat die persoon wat reeds 'n vermydingtipe coping-styl het, stres as gevolg van werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne meer ernstig beleef en dat dit kan aanleiding gee tot verhoogde selfmoordgedrag. Gegewe dat hierdie studie stressore soos 'n oorlading van administratiewe pligte, 'n gebrek aan toerusting en swak salaris uitgelig het, wil dit dus eerder voorkom asof stres as gevolg van werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne die oorsaak van 'n vermydingstyl van coping tot gevolg sal hê.

Stres as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne (bv. 'n tekort aan personeel om te help om take te voltooi, en 'n gebrek aan erkenning vir goeie werk) korreleer negatief met 'n soeke na emosionele ondersteuning. Aangesien 'n soeke na emosionele ondersteuning 'n wyse van coping is wat verwys na pogings om inligting, advies, sowel as tasbare en emosionele ondersteuning van ander te ontvang (Patterson, 2000), en daar juis deur die gebrek aan hulpbronne in die SAPD nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, sal 'n gebrek aan hulpbronne daartoe lei dat dat 'n soeke na emosionele ondersteuning as coping-styl minder toegepas word. In die polisiekultuur, waar die uitspreek van emosies nie toegelaat word nie, weens die vrees dat bestuur dit as 'n teken van swakheid sal beskou en dat dit teen hulle gehou sal word veral wanneer aansoek gedoen word vir bevordering (Jacobs, 1998), is hierdie bevinding veral problematies aangesien dit kan beteken dat die uitspreek van emosies nog verder kan afneem. Dit kan die gevolg hê dat werkstres, sielkundige spanning en depressie toeneem (Carver et al., 1989; Hirsch & Ellis, 1995), met die gevolglike benadeling van die psigiese gesondheid van polisielede, wat weer tot 'n toename in selfmoord-denkbeeldvorming kan lei (Vilhjalmsson, Kristjansdottir & Sveinbjarnardottir, 1998). In hierdie verband is dit belangrik dat die beskikbare hulpbronne van ondersteuning benut moet word, en dat bestuur die nodige ondersteuning en hulpbronne aan polisielede verskaf ten einde emosionele funksionering en prestasie te verbeter (Brewer, Wilson & Beck, 1994).

Die tweede doelstelling van die studie was om vas te stel of stres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel. Op grond van bogenoemde resultate blyk dit dat stres as gevolg van hoë werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne positief verband hou met 'n vermydingtipe styl van coping, wat weer aanleiding kan gee tot selfmoord-denkbeeldvorming (Anshel, 2000). Stres as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne

korreleer negatief met 'n soeke na emosionele ondersteuning, wat weer kan lei tot selfmoord-denkbeeldvorming (Vilhjalmsson et al., 1998). Die afleiding kan dus gemaak word dat stres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel.

Die derde doelstelling van die studie was om vas te stel wat die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD is. Wat die intensiteit en frekwensie van werkstressore in die SAPD betref, blyk dit dat meer papierwerk as wat hanteer kan word, die verpligting om take uit te voer wat nie deel is van die posbeskrywing nie, die verpligting om iemand anders se werk te doen, personeeltekorte, onvoldoende salaris, onvoldoende of swak gehalte toerusting, ander lede wat nie hul werk doen nie, tekort aan lede om spesifieke take te verrig, en sien dat kriminele vrygelaat word, die stressore is wat die hoogste hewigheid toon. Hierdie resultate bevestig vorige navorsing (Hingley & Cooper, 1986; Kruger, 1996; Pienaar & Rothmann, 2003a;). Hierdie items hou verband met gebeurtenisse wat op 'n daaglikse basis voorkom in die SAPD, en kan beskou word as kroniese stressore. Dit is belangrik dat hierdie stressore effektief hanteer word ten einde langtermyn kroniese stres te voorkom, en sodoende selfmoord-denkbeeldvorming te voorkom (Breslau, 1992).

Sosiale ondersteuning speel 'n baie belangrike rol in selfmoord-denkbeeldvorming, deurdat dit 'n positiewe invloed het op die effek van stres in die voorspelling van selfmoordgedrag, en deurdat dit 'n belangrike faktor is in die verhouding tussen stres en depressie (Bonner & Rich, 1987; Hirsch & Ellis, 1995). Die huidige situasie rakende sosiale ondersteuning in die SAPD in die Wes-Kaap blyk egter kommerwekkend te wees. Resultate van die frekwensie-analise vir sosiale ondersteuning dui aan dat alhoewel polisielede voel dat hulle ondersteun word deur hul direkte bevelvoerder, kollegas, familie, vriende buite die SAPD en deur hul godsdienstige affiliasie, hulle duidelik voel dat hulle nie ondersteun word deur sielkundige dienste en topbestuur nie. Hierdie resultate is in ooreenstemming met Pienaar (2002), wat dieselfde bevinding gemaak het in 'n nasionale steekproef van polisielede. Hierdie bevinding is ironies, aangesien werksbronne van ondersteuning beskou word as die belangrikste bronne van ondersteuning (Beehr, Johnson & Nieva, 1995). Volgens Jacobs (1998) is die grootste probleem in die SAPD die persepsie dat daar 'n gebrek aan konfidensialiteit bestaan in sielkundige en maatskaplike dienste, en sodoende verhoed dat polisielede van hierdie dienste gebruik sal maak. Die resultate van die studie toon dat sielkundige dienste en topbestuur van die SAPD konstant swak vaar betreffende die beskikbaarheid van sosiale ondersteuning. In die geval van sielkundige dienste is dit veral problematies, aangesien dit die eerste plek is

waar die polisielid veronderstel is om vir hulp te vra. Dit is van groot belang dat hierdie twee bronne van sosiale ondersteuning dit duidelik aan die lede sal stel dat hulle dienste beskikbaar is, en dat die lede se belange op die hart gedra word.

Die uitslag van die ANOVA's gee 'n aanduiding vir die identifisering van polisielede wat die geneigdheid sal hê tot selfmoord gedrag. 'n Mediese toestand wat kwaliteit van diens in die SAPD kan affekteer en 'n vorige selfmoordpoging, is statisties betekenisvolle voorspellers van selfmoord-denkbeeldvorming. Wat mediese toestand betref as voorspeller van selfmoord-denkbeeldvorming, is hierdie bevinding in ooreenstemming met die bevinding van Breslau (1992) dat persone wat op 'n gereelde basis pyn ervaar soos byvoorbeeld hoofpyn, migraine en maagpyn, hoër vlakke van selfmoord-denkbeeldvorming toon. 'n Vorige selfmoordpoging as voorspeller van selfmoord-denkbeeldvorming bevestig die navorsing van Pienaar (2002) dat 'n vorige selfmoordpoging 'n betekenisvolle faktor is in die voorspelling van selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD is. Persone wat reeds 'n vorige selfmoordpoging gehad het, is meer seker van hulle moed en vaardigheid om die daad te voltooi (Kaplan & Sadock, 1991).

Op grond van die stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding kan die afleiding gemaak word dat vermydingtipe coping, alkohol misbruik, die teenwoordigheid van 'n mediese toestand wat die kwaliteit van diens in die SAPD kan beïnvloed, 'n vorige selfmoordpoging, sowel as rang in die SAPD, veranderlikes is wat gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel. Vermyding as voorspeller van selfmoord-denkbeeldvorming kan waarskynlik verklaar word deur die feit dat vermyding geassosieer word met angs, neurotisisme, wensdenkery, selfverwyt, depressie en verhoogde stres (Bishop et al., 2001; Soderstrom et al., 2000). Wat alkohol misbruik as voorspeller van selfmoord-denkbeeldvorming betref, kan hierdie bevinding waarskynlik toegeskryf word daaraan dat alkohol misbruik lei tot meer disfunksionele coping-strategieë en verminderde werkstevredenheid (Rothmann & Strijdom, 2002). Die teenwoordigheid van 'n mediese toestand kan daartoe lei dat 'n persoon op 'n gereelde basis pyn ervaar soos byvoorbeeld hoofpyn, migraine en maagpyn, en dat hy dan denke en idees oor die dood en selfmoord sal hê as verligting vir sy pyn (Breslau, 1992). 'n Mediese toestand soos infeksie deur MIV, kan ook denke oor die dood veroorsaak weens die stigma daaraan verbonde (Pienaar, 2002). 'n Polisielid wat 'n vorige selfmoordpoging gehad het, het 'n predisposisie tot selfmoord weens die stigmatisering verbonde aan hierdie aksie (Pienaar, 2002). Wat rang betref, voel lede in 'n laer rang dat Bestuur van die SAPD nie in kontak is met die grondvlak- aktiwiteite nie, en dat

hulle onsimpatiek is teenoor lede in 'n laer rang (Roosendaal, 2002). Die hiërargiese struktuur in die SAPD belemmer die vloei van inligting, en bereik inligting dikwels nie die lede in 'n laer rang nie, of die inligting word verkeerd oorgedra. Verkeerde of onvoldoende inligting oor werksomstandighede lei tot werkstres, wat weer aanleiding kan gee tot selfmoord-denkbeeldvorming (Cloete, 1990).

'n Beperking van hierdie studie is dat dit in 'n spesifieke en enkele beroepsgroep gedoen is, naamlik polisielede, en daar dus gevolglik nie veralgemenings na ander beroepe gedoen kan word in verband met selfmoord-denkbeeldvorming nie. Selfrapportering op meetinstrument en die dwarssnitontwerp, is verdere beperkinge.

## AANBEVELINGS

Aangesien hoë werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne positief korreleer met selfmoord-denkbeeldvorming, is dit baie belangrik dat hierdie probleem dringend aangespreek word deur daarop te let dat 'n polisielid nie meer papierwerk het as wat hanteer kan word nie, hy/sy nie verplig is om take uit te voer wat nie deel is van die posbeskrywing nie, hy/sy nie verplig is om iemand anders se werk te doen nie, daar genoeg personeel is om take te verrig, lede 'n voldoende salaris ontvang, dat daar voldoende en goeie gehalte toerusting is, en dat polisielede voldoende opgelei word in wetlike prosedurele kwessies ten einde te verhoed dat kriminele vrygelaat word. Dit is dus duidelik dat die SAPD die verantwoordelikheid het om sekere van hierdie aspekte intern aan te spreek, en dat die onus op die regering geplaas word om addisionele fondse te verskaf. Die gevolg sal wees dat 'n positiewe bydrae gelewer word tot die gemotiveerdheid van lede, met 'n gevolglik meer positiewe houding teenoor die organisasie en beter werksverrigting. 'n Gemotiveerde en effektiewe polisiediens sal ook 'n positiewe bydrae lewer tot die interne stabiliteit van die land en die ekonomie.

Ten einde selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorkom, is dit belangrik dat polisielede geleer moet word om aktiewe coping strategieë te gebruik wanneer probleme opgelos moet word. In hierdie verband sal polisielede baat vind by werkswinkels oor coping strategieë. Volgens die resultate van die stapsgewyse diskriminant-analise sal lede daarby baatvind om meer aktiewe en minder vermydingtipe coping-strategieë aan te leer.

Daar word voorgestel dat topbestuur en sielkundige dienste dringend hul beeld in die SAPD verbeter en meer toeganklik raak vir polisielede. In hierdie verband word 'n veldtog voorgestel wat ten doel het om interne verhoudinge te verbeter.

Lede wat alkohol misbruik is 'n dringende teikengroep vir selfmoordvoorkoming. 'n Strenger beleid ten opsigte van substansgebruik binne die SAPD en rehabilitasie van alkoholverslaafdes word aanbeveel vir beter beheer rondom alkoholgebruik binne die SAPD. Dringende teikengroepe vir selfmoordvoorkoming sluit ook lede in wat 'n mediese toestand het wat hul kwaliteit van diens kan beïnvloed, sowel as lede wat reeds voorheen 'n selfmoordpoging gehad het. In hierdie verband is dit belangrik dat sensitiwiteitsprogramme of portuurgroepondersteuningsisteme ontwikkel word ten einde te voorkom dat hierdie lede verder geviktimiseer word. Dit word ook aanbeveel dat die huidige selfmoordvoorkomingswerkswinkels hersien word ten einde te verseker dat lede op alle vlakke van die SAPD daardeur aangespreek word, aangesien rang gevind is as 'n voorspeller van selfmoord-denkbeeldvorming.

Toekomstige navorsing in verband met selfmoord-denkbeeldvorming van polisielede moet gerig word op die toepassing van langtermyn- en intervensienavorsing ten einde die oorsake en pad na selfmoord-denkbeeldvorming beter te verstaan. Die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming en selfmoord moet ook nagevors word deur die toepassing van 'n longitudinale ontwerp.

Wat die toepassing van die meetinstrumente betref, kan dit aanbeveel word dat die hoë interitem-korrelasies op die ASIQ en die Wending na Religie-skaal van die COPE daarop dui dat hierdie meetinstrumente moontlik oortollige items bevat, en dus verkort kan word in toekomstige navorsing.

**VERWYSINGS**


Anshel, M.H. (2000). A conceptual model and implications for coping with stressful events in police work. *Criminal Justice and Behavior, 27*(3), 375-400.

Beehr, T.A., Johnson, L.B. & Nieva, R. (1995). Occupational stress: Coping of police and their spouses. *Journal of Organizational behavior, 16,* 3-25.

Biggam, F.H., Power, K.G., MacDonald, R.R., Carcary, W.B. & Moodie, E. (1997). Self-perceived occupational stress and distress in a Scottish police force. *Work and Stress,11,* 118-133.

Billings, A.G. & Moos, R.H. (1984). Coping, stress, and social resources among adults with unipolar depression. *Journal of Personality and Social Psychology, 46,* 877-891.

Bishop, G.D., Tong, E.M.W., Diong, S.M., Enkelmann, H.C. & Why, Y.P. (2001). The relationship between coping and personality among police officers in Singapore. *Journal of Research in Personality, 35,* 353-374.

Bonner, R.L. & Rich, A.R. (1987). Toward a predictive model of suicide ideation and behavior: Some preliminary data in college students. *Suicide and Life-Threatening Behavior,17,* 50-63.

Breslau, N. (1992). Migraine, suicide ideation, and suicide attempts. *Neurology, 42,* 392-395.

Brewer, N., Wilson, C. & Beck, K. (1994). Supervisory behavior and team performance amongst police patrol sergeants. *Journal of Occupational and Organizational Psychology, 67,* 69-78.

Brown, J., Cooper, C. & Kirkcaldy, B. (1996). Occupational stress among senior police officers. *British Journal of Psychology, 87, 31-41.*

Brown, J. & Fielding, J. (1993). Qualitative differences in men and women police officers' experiences of occupational stress. *Work & Stress, 7*(2), 327-340.

Burke, R.J. (1994). Stressful events, work-family conflict, coping, psychological burnout, and well-being among police officers. *Psychological Reports, 75,* 787-800.

Carver, C.S., Scheier, M.F. & Wientraub, J.K. (1989). Assessing coping strategies: A theoretical based approach. *Journal of Personality and Social Psychology, 56,* 267-283.

Clark, L. A. & Watson, D. (1995). Constructing validity: Basic issues in objective scale development. *Psychological Assessment, 7,* 309-319.

Cloete, M. (1990). 'n Empiriese ondersoek na verskillende organisatoriese stressore oor verskillende hiërargiese vlakke by 'n plaaslike owerheid. Meestersgraadskripsie, Universiteit van Stellenbosch.

Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioural sciences* (2de uitgawe). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum & Associates.

Constanza, R.S., Derlega, V.J. & Winstead, B.A. (1988). Positive and negative forms of social support: Effects of conversational topics on coping with stress among same-sex friends. *Journal of Experimental Social Psychology, 24,* 182-193.

De Rijk, A.E., Le Blanc, P.M. & Schaufeli, W.B. (2001). Active coping and need for control as moderators of the job demand-control model: Effects on burnout. *Journal of Occupational and Organizational Psychology, 71,* 1-18.

Freeman, L. (1988). Cop suicides surpass deaths in line of duty. *Chicago Defender, 103*(1), 157-166.

Hageman, M.J.C. (1978). Occupational stress and marital relationships. *Journal of Police Science and Administration, 6,* 402-411.

Helmkamp, J.C. (1996). Occupation and suicide among males in the US Armed Forces. *Annals of Epidemiology, 6,* 83-88.

Hingley, P. & Cooper, C. (1986). *Stress and the Nurse Manager.* Chichester.

Hirsch, J. & Ellis, J.B. (1995). Family support and other social factors precipitating suicidal ideation. *International Journal of Social Psychiatry, 41*(1), 26-30.

Hobfoll, S.E., Freedy, J., Lane, C. & Gellar, P. (1990, November). Conservation of social resource theory. *Journal of Social and Personal Relationships, 7,* 465-478.

Jacobs, Q. (1998, Augustus). Selfmoord in die SAPD: Die laaste uitweg, of is dit! *Union Post, 3,* 4.

Janik, J. & Kravitz, H.M. (1994). Linking work and domestic problems with police suicide. *Suicide and Life-Threatening Behavior, 24*(3), 267-274.

Jin, S. & Zhang, J. (1998). The effects of physical and psychological well-being on suicide ideation. *Journal of Clinical Psychology, 54,* 401-413.

Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. (1991). *Synopsis of Psychiatry.* Baltimore: Williams & Wilkins.

Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. (2000). *Foundations of Behavioral Research* (4de uitgawe). Orlando, FL: Harcourt.

Koortzen, P. (1996). Die dimensionaliteit van polisie stressore. *Acta Criminologia, 9*(2), 55-63.

Kruger, G. (1996, 30 Januarie). SAPD-stres: 'n Kultuur teen sielkunde kwel: Geestesgesondheid moet prioriteit wees. *Beeld,* p.11.

Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). *Stress, Appraisal, and Coping.* Springer: New York.

Leiter, M.P. & Maslach, C. (1988). The impact of interpersonal environment on burnout and

organizational commitment. *Journal of Organizational Behavior, 9,* 297-308.

Lester, D. (1992). Suicide in police officers: A survey of nations. *Police Studies, 15,* 146-147.

McCafferty, F.L. (1992). Stress and suicide in police officers. Paradigm of occupational stress. *Southern Medical Journal, 85,* 233-243.

Misdaadinligtinganalisesentrum, (Desember, 2001). *Die gerapporteerde ernstige misdaadsituasie in Suid-Afrika vir die tydperk Januarie tot September 2001.* Pretoria: SAPD Hoofkantoor.

Nunnally, J. & Bernstein, I.H. (1994). *Psychometric theory.* (3de uitgawe). New York: McGraw-Hill.

Patterson, G.T. (2000). Demographic factors as predictors of coping strategies among police officers. *Psychological Reports, 87,* 275-283.

Parker, J.D.A. & Endler, N.S. (1996). Coping and defence: A historical overview. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of Coping.* New York: Wiley.

Pienaar, J. (2002). *Coping, stress and suicide ideation in the South African Police Service.* Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003a). *Reliability and validity of the Police Stress Inventory in the South African Police Service.* Referaat aangebied by die 15de Kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes, Potchefstroom, 28-30 September 2003.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003). Coping strategies in the South African Police Service. *South African Journal of Industrial Psychology, 29*(4), 81-90.

Reynolds, W.M. (1991a). *Suicide ideation Questionnaire Professional Manual.* Odesa, FL: Psychological Assessment Resources.

Reynolds, W.M. (1991b). Psychometric characteristics of the Adult Suicidal Ideation Questionnaire with college students. *Journal of Personality Assessment, 56,* 289-307.

Roosendaal, P. (2002). SAPS Officials- Victims of crime: the end result...suicide. *Servamus, Aug,* 20-23.

Rossouw, L. (1999). *SAPS Suicide Statistics.* Mpumalanga: SAPD.

Rothmann, S. & Strijdom, G. (2002). Suicide ideation in the South African Police Service in the North West province. *South African Journal of Industrial Psychology, 28*(1), 44-48.

Rothmann, S. & Van Rensburg, P. (2001, Mei). *Suicide ideation in the South African Police Services in the North West Province.* Referaat aangebied by die 10de Europese Kongres oor Werk en Organisatoriese Sielkunde, Praag, Tsjeggiese Republiek.

SAS Instituut. (2000). The *SAS System for Windows: Release 8., 01.* Cary, NC: SAS Institute

Inc.

Schaufeli, W.B. & Enzmann, D. (1998). *The burnout companion to study and practice: A critical analysis.* London: Taylor & Francis.

Schaughnessy, J.J. & Zechmeister, E.B. (1997). *Research methods in Psychology* (4de uitgawe). *New York: McGraw-Hill.*

Smalberger, D. (1986, Desember). Wanneer 'n beampte nie meer wil leef nie. *Publico,* 22-23.

Soderstrom, M., Dolbier, C., Leiferman , J. & Steinhardt, M. (2000). The relationship of hardiness, coping strategies, and perceived stress to symptoms of illness. *Journal of Behavioral Medicine, 23*(3), 311-328.

Sorenson, S.B. & Rutter, C.M. (1991). Transgenerational patterns of suicide attempt. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 59*, 861-866.

Vilhjalmsson, R., Kristjansdottir, G. & Sveinbjarnardottir, E. (1998). Factors associated with suicide ideation in adults. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology, 33,* 97-103.

Violanti, J.M. (1995). Trends in police suicide. *Psychological Reports, 77,* 688-690.

Violanti, J.M. (1996). *Police suicide: Epidemic in blue.* Springfield, IL: C.C. Thomas.

**HOOFSTUK 3**

**ARTIKEL 2**

# UITBRANDING IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS IN DIE WES-KAAP*

**A.F. JOUBERT**
*Suid-Afrikaanse Polisiediens*
**K. STORM**
*WorkWell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, PU vir CHO*

## OPSOMMING

Die doelstellings van hierdie navorsing was om die konstrukgeldigheid en interne konsekwentheid van die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname (MBI-GS) te bepaal, en om 'n oorsaaklike model te toets wat uitbranding, werkstres en coping van polisielede in die Wes-Kaap insluit. 'n Dwarsdeursnee-ontwerp is gebruik. 'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef ($n$=340) is van polisielede in die Wes-Kaap geneem. Die MBI-GS, Polisiestresinventaris en COPE-vraelys is afgeneem. Strukturele vergelykingsmodellering het 'n 3-faktormodel van uitbranding, bestaande uit uitputting, sinisme en professionele bekwaamheid bevestig. Verder is aangetoon dat werkstres tot hoër vlakke van uitputting lei, wat weer tot hoër vlakke van sinisme en laer vlakke van professionele bekwaamheid lei. Coping-stragegieë kan die verhouding tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer.

## ABSTRACT

The objectives of this study were to determine the construct validity and internal consistency of the Maslach Burnout Inventory – General Survey (MBI-GS), and to test a causal model that includes burnout, job stress and coping of police officers in the Western Cape. A cross-sectional design was used. A stratified random sample ($n$=340) was taken of police members in the Western Cape. The MBI-GS, Police Stress Inventory and COPE questionnaire were administered. Structural equation modelling confirmed a 3-factor model of burnout, consisting of exhaustion, cynicism and professional efficacy. It was shown that job stress leads to higher levels of exhaustion, which in turn leads to higher levels of cynicism and lower levels of professional efficacy. Coping strategies can moderate or mediate the relationship between job stress and burnout.

* Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) vir hierdie navorsing, word hiermee erken. Opinies wat gelug word en gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die skrywer en is nie noodwendig toeskryfbaar aan die Nasionale Navorsingstigting nie.

Dit is belangrik om 'n produktiewe en gesonde polisiediens in Suid-Afrika te hê ter wille van die handhawing van die gemeenskap, asook vir stabiliteit en groei van die ekonomie. Ten einde hul plig suksesvol te kan verrig, moet polisielede effektief, gemotiveerd, produktief en gesond wees. Lede van die polisie word egter dikwels blootgestel aan stres, geweld, gevaar en dood. Volgens Burke (1994) word die werk van polisielede as een van die sielkundig en fisiek gevaarlikste beroepe in die wêreld beskou. Hierdie stelling is veral relevant in die Suid-Afrikaanse konteks waar hoë vlakke van misdaad en geweld voorkom en polisielede voortdurend aan werkstres blootgestel word (Paton & Violanti, 1999). Statistieke in verband met die volgehoue blootstelling aan geweld, aftrede as gevolg van stresverwante sielkundige versteurings, asook die hoë selfmoordsyfer onder polisielede, is 'n aanduiding van die feit dat baie polisielede in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) hulle werk as stresvol en traumaties beskou (Kopel & Friedman, 1999). Al hierdie faktore hou egter ook 'n groot gevaar in op individuele basis aangesien die polisielid onder toenemende stres blootgestel word aan 'n negatiewe werkverwante sielkundige toestand, naamlik uitbranding (Biggam, Power, MacDonald, Carcary & Moodie, 1997).

'n Studie ten opsigte van uitbranding en stres in die Wes-Kaap is van groot waarde, veral gesien in die lig van die sosiale omgewing waarin polisielede diens lewer. In die Wes-Kaap is gemeenskapsapatie, klagtes deur die publiek, sowel as 'n swak openbare beeld as gevolg van die hoë misdaadsyfer (Misdaadinligtinganalisesentrum, 2001) deel van die sosiale omgewing. Maslach (1993) en Burke (1994) is van mening dat uitbranding ondervind word as 'n gevolg van voortdurende blootstelling aan stressore by die werk. Die afleiding kan dus gemaak word dat daaglikse blootstelling aan georganiseerde militante groepe soos People Against Gangsterism and Drugs (PAGAD), asook die grootskaalse bendebedrywighede op die Kaapse Vlakte kan bydra tot uitbranding in die Wes-Kaap. Op grond van bogenoemde faktore, is dit duidelik dat uitbranding en stres 'n groot rol kan speel by polisielede in die Wes-Kaap.

Uitbranding is die afgelope 25 jaar intensief bestudeer (Schaufeli & Buunk, op die pers). Ten spyte van die omvattende navorsing rakende werkstres wat deur polisielede ervaar word, is betroubare navorsing oor uitbranding van polisielede nog redelik beperk, ook en veral wat betref die SAPD in die Wes-Kaap. Dit is egter noodsaaklik om uitbranding in die SAPD te ondersoek aangesien hierdie sindroom kan lei tot 'n verlaging van organisatoriese toegewydheid en verskeie negatiewe gevolge inhou: Werknemers is nie meer entoesiasties oor hulle werk nie, die organisasie se doelwitte word nie bereik nie, werknemers onttrek

fisies en sielkundig van die werk en as gevolg daarvan daal die organisasie se produktiwiteit (Leiter & Maslach, 1988).

Oor die jare het navorsing bewys dat uitbranding 'n gevolg is van volgehoue onsuksesvolle pogings om die impak van omgewingstressore te buffer – met 'n gevolglike afbreek van hulpbronne – en dat uitbranding dus nie beperk is tot beroepe waar met mense gewerk word nie, maar ook voorkom buite die humanitêre dienste. Dit is daarom noodsaaklik geag om uitbranding in alle beroepskontekste te bestudeer (Schaufeli & Enzmann, 1998). Die behoefte aan 'n meetinstrument om uitbranding van individue in alle beroepe te meet, is aangespreek deur die oorspronklike weergawe van die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Mensedienste-opname (MBI-HSS) aan te pas vir gebruik buite die dienslewerende beroepe. Die nuwe weergawe word genoem die Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname (MBI-GS) (Schaufeli, Leiter, Maslach & Jackson, 1996). Wanneer uitbranding gemeet word, is dit egter belangrik om 'n betroubare en geldige meetinstrument te gebruik. Aangesien die MBI-GS nog nie gevalideer is vir polisielede in die Wes-Kaap nie, is dit belangrik om die geldigheid en betroubaarheid van hierdie instrument te bepaal.

Een van die belangrikste stappe in die voorkoming van uitbranding is om die faktore wat daartoe aanleiding gee te identifiseer. Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) kan die faktore wat moontlike oorsake van uitbranding is, geklassifiseer word as biografiese eienskappe, persoonlikheidseienskappe, werksverwante houdings, en werk- en organisatoriese eienskappe. Leiter (1993) is van mening dat dit veral werksverwante of organisatoriese faktore is wat lei tot uitbranding. Werkstres is een so 'n faktor, en verskeie studies het reeds aangetoon dat dit 'n invloed het op die mate van uitbranding wat ervaar word (Biggam et al., 1997; Burke, 1994).

Lazarus en Folkman (1984) definieer stres in terme van die versteuring van die ekwilibrium van die kognitief-emosionele omgewingsisteem deur eksterne faktore of stressore. Hierdie stressore kan ook lei tot 'n ekwilibrium van die kognitiewe en omgewingsisteem, of tot 'n toestand van welstand – afhangende van die prestasiekapasiteite, byvoorbeeld die beskikbare hulpbronne van coping van die individu op 'n gegewe tyd (Demerouti, Bakker, Nachreiner & Schaufeli, 2001). Stres kan verder bestudeer word in terme van die organisme se respons op die uitdagings en probleme in die omgewing. Dit kan ook bestudeer word waar die eienskappe van die stimuli in die omgewing aanleiding gee tot stres (stressore) en die

stressore dan die fokus van die studie word. In die eerste geval word stres hanteer as 'n afhanklike veranderlike en in die tweede geval word dit behandel as 'n onafhanklike veranderlike (Cox, 1978). In hierdie studie word werkstres as 'n onafhanklike veranderlike hanteer, of as die stimulus wat 'n moontlike oorsaak van uitbranding kan wees. Soos reeds genoem, is omvattende navorsing gedoen oor werkstres wat deur polisielede ervaar word, maar geen studies kon gevind word wat spesifiek fokus op uitbranding in die Wes-Kaap nie.

Alhoewel polisiewerk as 'n stresvolle beroep beskou word, en daar al verskeie studies gedoen is om die stressore wat polisielede ervaar te bestudeer, het slegs enkeles hiervan gefokus op die wyse waarop polisielede met hierdie stressore cope (Bishop, Tong, Diong, Enkelmann & Why, 2001). Lazarus en Folkman (1984) definieer coping as konstant veranderende kognitiewe en gedragspogings wat ten doel het om spesifieke eksterne en interne eise, wat as bedreigend gesien word of wat die individu se beskikbare bronne oorskry, te hanteer, of om negatiewe gevolge te verminder of te voorkom. Volgens Leiter (1991) is inligting in verband met 'n individu se coping-gedrag belangrik aangesien dit inligting verskaf rakende interne en eksterne eise en hulpbronne, en sodoende as voorspeller van uitbranding dien. Dit is dus noodsaaklik om die mate wat coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer, te ondersoek.

Op grond van bogenoemde bespreking is dit duidelik dat dit nodig is om uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap te ondersoek en om 'n betroubare en geldige meetinstrument vir dié doel te gebruik. Verder is dit duidelik dat werkstres en coping-strategieë verwant kan wees aan uitbranding van polisielede, maar dat geen studies gevind kon word wat spesifiek fokus op die situasie in die Wes-Kaap nie. Die doelstellings van hierdie studie is dus om die konstrukgeldigheid en interne konsekwentheid van die MBI-GS te ondersoek en om 'n oorsaaklike model van uitbranding te toets, wat werkstres en coping-strategieë insluit.

**Uitbranding, werkstres en coping-strategieë**

Volgens Maslach (1993) is uitbranding 'n reeks negatiewe sielkundige ervarings wat ondervind word as 'n gevolg van voortdurende blootstelling aan stressore in die werk. Drie dimensies van uitbranding word onderskei (soos dit met die MBI-GS gemeet word):

- *Uitputting* verwys na afmatting of moegheid, sonder 'n direkte verwysing na mense as die

bron van die gevoel.

- *Sinisme* verwys na 'n onverskilligheid of terughoudende houding teenoor 'n persoon se werk oor die algemeen, en fokus op die werk self eerder as op persoonlike verhoudinge by die werk.
- *Professionele bekwaamheid* sluit 'n breër bestek in as persoonlike bekwaamheid wat deur die oorspronklike weergawe van die MBI gemeet word, en verwys na beide die sosiale en die niesosiale totstandbrenging by die werk.

Alhoewel dit belangrik is om 'n betroubare en geldige instrument te gebruik vir empiriese navorsing sowel as individuele assessering, is navorsing oor die psigometriese eienskappe van die MBI-GS eers betreklik onlangs in Suid-Afrika gedoen. Jackson en Rothmann (2003) het die faktorgeldigheid en interne konsekwentheid van die MBI-GS bepaal in hul studie oor uitbranding van onderwysers in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Die resultate het getoon dat die oorspronklike 3-faktormodel, bestaande uit al 16 items van die MBI-GS, 'n swak passing met die steekproefdata getoon het; gevolglik moes die model herspesifiseer word vir beter passing. In 'n studie van uitbranding in die SAPD (in al nege provinsies van Suid-Afrika), het Storm en Rothmann (2003a) bevind dat al drie subskale voldoende interne betroubaarheid het. Hulle navorsing ondersteun die driedimensionele faktorstruktuur van die uitbrandingkonstruk, hoewel hulle bevind het dat die struktuur beter bevestig word indien item 13 uitgelaat word. Die studie bevestig ook die konstruk-ekwivalensie van die MBI-GS vir wit, swart, Kleurling- en Indiërlede van die SAPD, en op grond van die resultate blyk dit dat die MBI-GS 'n geskikte instrument is vir die meting van uitbranding van polisielede in die SAPD.

Burke (1994) en Biggam et al. (1997) is van mening dat uitbranding onder polisielede hoofsaaklik die gevolg is van werksverwante stressore. In die werkplek kan twee kategorieë onderskei word wat lei tot stres onder polisielede (Kop, Euwema & Schaufeli, 1999). Eerstens is daar die *aard van die polisiewerk self*, en tweedens is daar stres as gevolg van die *struktuur van die organisasie* (die sogenaamde *organisatoriese stressore*).

Volgens Biggam et al. (1997) verwys die *aard van polisiewerk* na die operasionele faktore wat eie is aan polisiewerk – byvoorbeeld die misdaadsyfer wat besig is om vinnig toe te neem in Suid-Afrika en die toenemende blootstelling aan gevaar (soos aggressiewe aanrandings,

moord, beserings, geweld en die dood). Freeman (1988) is van mening dat polisielede weens hierdie gereelde blootstelling aan lewe-en-dood-situasies baie hoër vlakke van werkstres ervaar as in die meeste ander beroepe.

Burke (1993) het bevind dat polisielede wat min stimulasie (minder werkstressore) in hul werk ervaar, 'n toename in sinisme toon, asook 'n verlaging in professionele bekwaamheid. Terselfdertyd rapporteer polisielede wat 'n groter hoeveelheid stresvolle gebeurtenisse in hul werk ervaar, 'n toename in gevoelens van professionele bekwaamheid. Die afleiding kan dus gemaak word dat polisie-spesifieke stressore geassosieer kan word met hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) en Leiter en Maslach (1988) kan *organisatoriese stressore* verdeel word in twee groepe, naamlik werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne. Ten einde die verband tussen werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne met uitbranding te verstaan, sal 'n teorie oor stres, naamlik die bewaring-van-hulpbronne-teorie (COR) (Hobfoll, 1989; Hobfoll & Freedy, 1993) as raamwerk gebruik word. Die COR-teorie stel voor dat mense daarna streef om dit wat vir hulle van waarde is (hulpbronne), te verkry en te behou. Uitbranding kom voor wanneer sekere waardevolle hulpbronne verlore is, dit onvoldoende is om aan vereistes te voldoen of dit nie die verwagte vlak van opbrengs lewer nie. Belangrike werkseise sluit in: roldubbelsinnigheid, rolkonflik, stresvolle gebeurtenisse, swaar werkslaste en werksdruk. Belangrike hulpbronne sluit in: sosiale ondersteuning vanaf verskeie bronne, geleenthede vir werksverryking (byvoorbeeld beheer, deelname in besluitneming en outonomie) en gebeurlikheidsplanne vir versterking (Burke & Richardsen, 1993).

Verskeie studies bevestig die verhouding tussen uitbranding, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne. Leiter (1993), Schaufeli en Enzmann (1998), en Taris, Schreurs en Schaufeli (1999) het bevind dat werkseise verband hou met uitputting, terwyl 'n gebrek aan hulpbronne sterk korreleer met sinisme en verminderde professionele bekwaamheid. Peeters en Le Blanc (2001) het weer bevind dat werkseise slegs verband hou met uitputting. Op grond van bogenoemde resultate kan daar verwag word dat werkseise die sterkste sal korreleer met uitputting, terwyl 'n gebrek aan hulpbronne die sterkste sal korreleer met laer vlakke van professionele bekwaamheid. Dit is dus duidelik dat die werkstres wat polisielede moontlik ervaar, bestaan uit polisie-spesifieke stressore, werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, en dat die verhouding tussen werkstres en uitbranding ondersoek moet word.

Anshel (2000) beskou die ervaring van stres in die werksituasie as 'n kombinasie van situasionele faktore en die polisielid se swak coping-vaardighede. Coping-gedrag is 'n belangrike aspek in die streservaring; dus veroorsaak onvoldoende en oneffektiewe coping-strategieë dat 'n individu meer vatbaar sal wees vir uitbranding. Wanneer sekere coping-strategieë (bv. vermyding, en kognitiewe of gedragsonttrekking) toegepas word, kan uitbranding ontwikkel (Brill, 1984). Wanneer suksesvolle coping-strategieë (bv. aktiewe coping) egter toegepas word, word doelwitte bereik, professionele bekwaamheid bevorder en 'n sin van eksistensiële effektiwiteit geskep (Schaufeli & Enzmann, 1998).

Alexander en Walker (1994) onderskei twee coping-strategieë by polisielede se hantering van stresvolle werkservarings: aktiewe coping en vermyding. Volgens De Rijk, Le Blanc en Schaufeli (2001) word aktiewe coping gedefinieer as die poging om probleme by die werk op te los deur die situasie kognitief te analiseer en/of deur konkrete aksie, en buffer die gebruik van aktiewe coping die effek van werkstressore op negatiewe werksverwante uitkomstes soos uitbranding. In 'n studie deur Anderson (2000) is bevind dat individue wat aktiewe coping-strategieë gebruik laer vlakke van sinisme ervaar en dat dit hul gevoel van professionele bekwaamheid verhoog. In 'n steekproef van aptekers het Storm en Rothmann (2003b) bevind dat professionele bekwaamheid die enigste komponent van uitbranding is wat geassosieer kan word met coping-strategieë, en is aktiewe coping geassosieer met hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Dit blyk dus dat aktiewe coping geassosieer kan word met laer vlakke van sinisme en met hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

Vermyding verwys na 'n bewuste poging om kognitief of fisies van die stressor af weg te beweeg, en sluit ontkenning, kognitiewe onttrekking, gedragsonttrekking, en die ventilering van emosies in. Die doel van vermyding is om die persoon se aandag af te trek van die stressor en aktiewe konfrontasie met die stressor te vermy. Vermyding word geassosieer met persone wat angstig en depressief is, sowel as met negatiewe uitkomste soos uitbranding, verhoogde stres en siekte (Soderstrom, Dolbier, Leiferman & Steinhardt, 2000). Volgens Chan en Hui (1995) word die gebruik van vermyding geassosieer met al drie dimensies van uitbranding. In 'n studie deur Anderson (2000) is bevind dat werknemers wat vermyding as coping-strategie gebruik 'n toename in uitbranding toon. Mitchell en Hastings (2001) het bevind dat kognitiewe en gedragsonttrekking verband hou met gevoelens van laer professionele bekwaamheid. Daar word dus verwag dat vermyding as coping-strategie verband sal hou met hoër vlakke van uitputting en sinisme, en laer vlakke van professionele

bekwaamheid.

'n Soeke na emosionele ondersteuning is 'n wyse van coping wat verwys na pogings om inligting, advies, sowel as tasbare en emosionele ondersteuning van ander te ontvang (Patterson, 2000). Volgens Folkman en Lazarus (1991) kan 'n soeke na emosionele ondersteuning as beide aktiewe en emosie-gefokusde coping-strategie funksioneer. 'n Polisielid wat in die proses is van soeke na emosionele ondersteuning by 'n kollega, kan byvoorbeeld tasbare ondersteuning verkry vanaf die kollega, of emosionele ondersteuning (Patterson, 2000). 'n Soeke na emosionele ondersteuning kan dus lei tot aktiewe coping, met 'n gevolglike positiewe invloed op uitbranding, naamlik 'n vermindering van sinisme en verhoging van professionele bekwaamheid (Anderson, 2000). Zellars en Perrewé (2001) het bevind dat 'n soeke na emosionele ondersteuning 'n waardevolle effek het as buffer vir al drie die dimensies van uitbranding. Hobfoll, Freedy, Lane, en Geller (1990) stel egter voor dat, hoewel emosionele hulpbronne kan help om as buffer teen die eise van die omgewing te dien, mense huiwerig kan wees om vir ondersteuning te vra omdat hulle vrees dat hulle dalk vir iemand 'n las kan wees. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n soeke na emosionele ondersteuning die effek van al drie dimensies van uitbranding kan buffer indien die beskikbare hulpbronne van ondersteuning wel benut word.

Wending na religie ("turning to religion") is 'n coping-strategie wat verwys na die fokus op godsdiens ten einde emosionele ondersteuning te fasiliteer (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). Rothmann en Van Rensburg (2001) het bevind dat polisielede in die SAPD wending na religie en beplanning (kognitiewe pogings om aksiestrategieë te vind om 'n probleem op te los) toepas as algemene coping-strategieë. Wending na religie word gebruik om emosionele ondersteuning te fasiliteer en word verklaar deur die feit dat opgeleide persone aangestel word om na die godsdienstige welsyn van polisielede in die SAPD om te sien. Volgens Hammons (2000) word wending na religie geassosieer met laer tellings van uitbranding. Finley (2000) het bevind dat wending na religie verband hou met laer vlakke van sinisme en hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

In 'n studie wat deur Storm (2002) gedoen is oor uitbranding binne die SAPD, is bevind dat uitbranding onder andere voorspel word deur werkstres, wat bestaan uit werkseise, 'n gebrek aan hulpbronne en coping-strategieë. Hoë werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne het verband gehou met hoër vlakke van uitputting, hoër vlakke van sinisme en verlaagde professionele

bekwaamheid. Lae werkseise het verband gehou met hoër vlakke van sinisme. Vermyding en 'n gebrek aan aktiewe coping het gelei tot hoër vlakke van uitputting en sinisme, en verlaagde professionele bekwaamheid, terwyl soeke na emosionele ondersteuning verband gehou het met hoër vlakke van sinisme. Alhoewel wending na religie deur sommige polisielede gebruik word as coping-strategie, lyk dit asof dit geen rol gespeel het in die vermindering van uitbranding nie. Daar kan dus verwag word dat sekere coping-strategieë die invloed van werkstres op die drie dimensies van uitbranding sal modereer of medieer.

Volgens Leiter en Maslach (1988) kan die ontstaan van uitbranding beskryf word deur 'n model van opeenvolgende ontwikkeling. Hulle stel voor dat uitputting eerste ontstaan. Die hoë vlak van uitputting lei weer tot sinisme – veral as die werknemer nie emosionele ondersteuning van sy kollegas af kry nie. Indien die sinisme voortduur, word die werknemer se gevoelens van professionele bekwaamheid verminder, alhoewel emosionele ondersteuning vanaf kollegas die uitbrandingsproses kan vertraag. Op grond hiervan word verwag dat werkstres sal lei tot uitputting, wat weer tot 'n gevoel van sinisme sal lei. Daarna sal polisielede gevoelens van verminderde professionele bekwaamheid ervaar.

Bogenoemde bespreking lei tot die volgende hipoteses:

H1: Uitbranding, soos gemeet deur die MBI-GS, is 'n drie dimensionele konstruk en die MBI-GS toon hoë konstrukgeldigheid en interne konsekwentheid.

H2: In die oorsaaklike model van uitbranding sal werkstres (wat bestaan uit werkseise, 'n gebrek aan hulpbronne en polisie-spesifieke stressore) lei tot hoër vlakke van uitputting, wat weer sal lei tot sinisme en laer vlakke van professionele bekwaamheid. Coping-strategieë sal die verband tussen werkstres en uitbranding modereer of medieer.

## NAVORSINGSMETODE

### Navorsingsontwerp

'n Opname-ontwerp is gebruik om die navorsingsdoelstellings te bereik. Die spesifieke ontwerp wat gebruik is, is die dwarsdeursnee-ontwerp. In hierdie ontwerp word 'n steekproef getrek uit 'n populasie op 'n spesifieke oomblik. Die inligting wat ingesamel word, word

gebruik om die populasie op daardie oomblik te beskryf. Die ontwerp kan ook gebruik word om die interverhoudinge tussen veranderlikes van die populasie te bepaal (Shaughnessy & Zechmeister, 1997).

**Steekproef**

'n Gestratifiseerde, ewekansige en beskikbaarheidsteekproef ($n$ = 340) is geneem van uniformpolisie in die Wes-Kaap. Polisiestasies is verdeel in klein (minder as 25 personeellede), medium (25 tot 100 personeellede) en groot stasies (meer as 100 personeellede). Alle polisielede by ewekansig geïdentifiseerde klein en medium stasies in die Wes-Kaap is gevra om die vraelyste te voltooi. In groot stasies is gestratifiseerde ewekansige steekproewe geneem op grond van ras en geslag. Tabel 1 stel sommige van die eienskappe van die deelnemers voor.

Tabel 1

*Eienskappe van die Studiepopulasie*

| Item | Kategorie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ras | Wit | 55,00 |
| | Swart | 5,00 |
| | Kleurling | 39,41 |
| | Indiër | 0,59 |
| Rang | Konstabel | 5,00 |
| | Sersant | 14,12 |
| | Inspekteur | 64,41 |
| | Kaptein | 13,82 |
| | Superintendent | 2,35 |
| | Senior Superintendent | 0,29 |
| Opleiding | Graad 10 | 13,24 |
| | Graad 11 | 2,06 |
| | Graad 12 | 57,65 |
| | Tegniese Kollege-diploma | 1,76 |
| | Tegniese Diploma | 22,65 |
| | Universiteitsgraad | 2,06 |
| | Nagraadse opleiding | 0,59 |
| Geslag | Manlik | 75,59 |
| | Vroulik | 24,41 |
| Huwelikstatus | Enkel | 18,82 |
| | Getroud | 55,59 |
| | Geskei | 22,94 |
| | Vervreemd | 1,76 |
| | Weer getroud | 0,88 |
| Taal | Afrikaans | 76.47 |
| | Engels | 19.71 |
| | Sesotho | 0,88 |
| | Setswana | 0,29 |
| | siSwati | 0,29 |
| | isiXhosa | 2,35 |

Tabel 1 dui aan dat meer as die helfte van die steekproef bestaan het uit Blanke lede (55,0%). Inspekteurs is grotendeels ingesluit (64,41%). Die steekproef bestaan ook hoofsaaklik uit mans (75,59%). Meer as die helfte van die steekproef (57,65%) het 'n kwalifikasie van Graad 12. Wat huwelikstatus betref, is die meerderheid (55,59%) van die lede getroud. Afrikaans is in die meeste gevalle (76,47%) as huistaal aangedui.

**Meetinstrumente**

Die volgende meetinstrumente is in die empiriese studie gebruik:

- Die *Maslach-Uitbrandingsvraelys – Algemene Opname* (MBI-GS) (Schaufeli et al., 1996) is gebruik om uitbranding te meet. Die MBI-GS het drie subskale: Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid. Die interne betroubaarhede (Cronbach-alfakoëffisiënte) wat deur Schaufeli et al. (1996) gerapporteer word, wissel van 0,87 tot 0,89 vir Uitputting, 0,73 tot 0,84 vir Sinisme en 0,76 tot 0,84 vir Professionele Bekwaamheid. Toets-hertoets-betroubaarheid na verloop van een jaar was 0,65 (Uitputting), 0,60 (Sinisme) en 0,67 (Professionele Bekwaamheid) (Schaufeli et al., 1996). Die items word gemeet op 'n 7-puntskaal wat varieer vanaf 0 = "nooit" tot 6 = "elke dag". Hoë tellings op Uitputting en Sinisme, en lae tellings op Professionele Bekwaamheid dui op uitbranding. Storm en Rothmann (2003a) het die 3-faktorstruktuur van die MBI-GS bevestig in 'n steekproef van 2 396 SAPD lede. Die volgende Cronbach-alfakoëffisiënte is verkry vir die MBI-GS: Uitputting: 0,88; Sinisme: 0,79; Professionele Bekwaamheid: 0,78 (Storm, 2002).

- Die *Polisiestresinventaris* (PSI) (Pienaar & Rothmann, 2003a) is gebruik om die deelnemers se werkstres te meet. Pienaar en Rothmann (2003a) het die PSI ontwikkel vir polisielede in die SAPD, gebaseer op bevindinge van vorige studies ten opsigte van stressore spesifiek in die polisie-omgewing. Hulle het die PSI onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Drie interne konstante faktore is onttrek, naamlik Werkseise (17 items), Gebrek aan Hulpbronne (14 items) en Polisie-spesifieke Stressore (8 items). Die alfakoëffisiënte van die drie skale was onderskeidelik 0,92, 0,92 en 0,89. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994), en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die PSI. Die ernstigheid sowel as die frekwensie van stressore word gemeet. Die PSI word gemeet op 'n 9-puntskaal van frekwensie- en intensiteittellings, en wissel van 0 ("laag") tot 9 ("hoog").

- Die *COPE*-vraelys (Carver et al., 1989) is gebruik om die deelnemers se coping-strategieë te meet. Die COPE is 'n multidimensionele 53-item-vraelys oor coping wat die verskillende wyses aandui waarop mense in verskillende omstandighede cope (Carver et

al., 1989). Keuses van response wissel van 1 ("Ek doen dit gewoonlik glad nie") tot 4 ("Ek doen dit gewoonlik baie"). Alhoewel die oorspronklike vraelys 13 verskillende coping-strategieë meet, het Pienaar en Rothmann (2003b) die COPE onderwerp aan 'n hoofkomponent-faktoranalise met 'n varimaks-rotasie. Vier interne konsekwente faktore is onttrek, naamlik Aktiewe Coping (16 items), Vermyding (13 items), Soeke na Emosionele Ondersteuning (7 items) en Wending na Religie (3 items). Die alfakoëffisiënte van die vier skale is onderskeidelik 0,92, 0,86, 0,80 en 0,83. Al hierdie waardes is aanvaarbaar ($\alpha$ >0,70; Nunnally & Bernstein, 1994) en dui sodoende op die interne konsekwentheid van die faktore van die COPE. Die toets-hertoets-betroubaarheid wissel van 0,46 tot 0,86 en van 0,42 tot 0,89 (toegepas na twee weke).

**Statistiese ontleding**

Die statistiese ontleding is uitgevoer met behulp van die SAS-program (SAS Instituut, 2000). Hooffaktoranalise met 'n varimaks-rotasie is uitgevoer deur SAS FAKTOR op die items van die MBI-GS, PSI en COPE voordat strukturele vergelykingsmodellering uitgevoer is. Eenvoudigefaktoranalise is gebruik voor die hoofkomponent-faktoranalise uitgevoer is, ten einde die getal faktore, die teenwoordigheid van buitefaktore en splitsbaarheid in faktore van die korrelasiematrikse te bepaal. Die oblique metode met 'n promax-rotasie is gebruik om die interfaktor-korrelasie van elke meetinstrument te bepaal. Indien korrelasies hoër as 0,30 gevind is, is hierdie metode gebruik om die faktorstruktuur te analiseer.

Beskrywende statistieke (gemiddeldes, standaardafwykings, skeefheid en kurtose) is gebruik om die data te ontleed. Cronbach-alfakoëffisiënte en interitem-korrelasiekoëffisiënte is gebruik om die interne betroubaarheid van die meetinstrumente te bepaal (Clark & Watson, 1995). Koëffisiënt alfa verskaf belangrike inligting in verband met die proporsie van foutvariansie in 'n skaal. Volgens Clark en Watson (1995) is die gemiddelde interitem-korrelasiekoëffisiënt (wat 'n direkte maatstaf van interne betroubaarheid is) 'n bruikbare indeks om inligting verkry uit alfakoëffisiënte aan te vul. Enkeldimensionaliteit van 'n skaal kan egter nie verseker word slegs deur op die gemiddelde interitem-korrelasie te fokus nie – dit is nodig om die omvang en verspreiding van hierdie korrelasies ook te meet.

Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte is gebruik om die verhoudings tussen veranderlikes te spesifiseer. In die geval waar data skeef versprei was, is Spearman rangorde korrelasiekoëffisiënte gebruik. 'n Afsnypunt van 0,30 (medium effek, Cohen, 1988) is gestel vir die praktiese betekenisvolheid van korrelasiekoëffisiënte. Kanoniese analise is gebruik om die verbande tussen die dimensies van uitbranding, werkstres en coping vas te stel. Die doel van kanoniese korrelasie is om die verband tussen twee stelle veranderlikes te bepaal (Tabachnick & Fidell, 2001). Kanoniese analise word beskou as 'n beskrywende tegniek eerder as 'n tegniek om hipoteses mee te toets.

Strukturele vergelykingsmodellering soos geïmplementeer deur AMOS (Arbuckle, 1997) is gebruik om 'n oorsaaklike model van uitbranding te bevestig. Strukturele vergelykingsmodellering is 'n statistiese metode wat 'n bevestigende (d.w.s. hipotesetoetsing) benadering tot die ontleding van 'n strukturele teorie oor 'n verskynsel het. 'n Strukturele vergelykingsbenadering voorsien daarvoor dat 'n model gestruktureer kan word voordat die data ontleed word. Die model kan dan getoets word deur die toepassing van verskeie toetsprosedures ten einde die geskiktheid-van-passing tot die kovariansiematriks van die veranderlikes wat gemeet word, vas te stel (Deary, Blenkin, Agius, Endler, Zeally & Wood, 1996).

Hipotetiese verbande word empiries getoets vir die geskiktheid-van-passing met die steekproef data. Indekse wat gebruik is, is die $\chi^2$, $\chi^2$/grade van vryheid-ratio (CMIN/DF) (Wheaton, Muthén, Alwin & Summers, 1977), die Geskiktheid-van-passing-indeks (GFI), die Aangepaste Geskiktheid-van-passing-indeks (AGFI), die Parsimonie-geskiktheid-van-passing-indeks (PGFI), die Normpasindeks (NFI), Die Vergelykendepassing-indeks (CFI), die Tucker-Lewis-indeks (TLI) (Tucker & Lewis, 1973) en die Gemiddelde vierkantswortelfout van skatting (RMSEA).

## RESULTATE

Strukturele vergelykingsmodellering soos geïmplemeteer deur AMOS (Arbuckle, 1997) is gebruik om die faktoriale model vir die MBI-GS te toets. Uitbranding word verteenwoordig deur 'n multidimensionele konstruk met Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid as konseptueel afsonderlike faktore. 'n Een faktormodel is ook getoets, maar die strukturele vergelykingsmodellering het getoon dat die model nie geskik was nie. Deur die toepassing

van strukturele vergelykingsmodellering is die hipotetiese 3-faktormodel bestaande uit al 16 items getoets. Die passing van die hipotesemodel is bepaal deur 'n oorsig van die omvattende $\chi^2$-waarde (tesame met die grade van vryheid- en waarskynlikheidswaarde) en deur globale metings van die passing van die model gebaseer op die Geskiktheid-van-passing-statistieke (GFI, AGFI, PGFI, NFI, TLI, CFI en RMSEA). Indien die model nie pas nie, word daar na die sogenaamde modifikasie indekse gekyk vir moontlike foutiewe spesifikasies, en word 'n hersiene en herspesifiseerde model gestruktureer om by die data te pas. Tabel 2 verteenwoordig die passingstatistieke vir die toets van die hipotetiese MBI-GS modelle (Model 1 en Model 2).

Tabel 2

*Geskiktheid-van-passing-statistieke vir Model 1 en Model 2 van die MBI-GS*

| | $\chi^2$ | $\chi^2$/df | GFI | AGFI | PGFI | NFI | TLI | CFI | RMSEA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Model 1 | 360,04 | 101 | 0,88 | 0,83 | 0,65 | 0,85 | 0,87 | 0,89 | 0,09 |
| Model 2 | 222,76 | 86 | 0,92 | 0,89 | 0,66 | 0,91 | 0,93 | 0,94 | 0,07 |

Die strukturele vergelykingsmodellering ontleding toon dat Model 1 van die MBI-GS nie geskik is vir die passing vir die steekproefdata nie. Die statisties betekenisvolle $\chi^2$-waarde van 360,04 dui 'n swak passing aan tussen Model 1 en die data. Die hipotese model is ook nie geskik vanaf 'n praktiese perspektief nie. Die PGFI se waarde wat laer is as 0,80, die NFI-, TLI- en CFI-waardes wat laer is as 0,90, en die RMSEA-waarde wat hoër is as 0,05, is aanduidend van die niegeskiktheid van die hipotesemodel. Dit blyk dus dat sekere modifikasies aan die hipotesemodel aangebring moet word ten einde 'n model vas te stel wat die steekproefdata beter verteenwoordig.

Ten einde moontlike areas van swak passing noukeurig uit te wys, is die modifikasie indekse ondersoek. Die stremmende parameters wat die hoogste graad van slegte passing het, is in die foutkovariansiematriks en verteenwoordig 'n korrelasiefout tussen Item 9 en Item 10 (MI = 40,89). Vergeleke met MI-waardes vir alle ander foutkovariansieparameters, is hierdie waarde uitsonderlik hoog, en is dit nodig om hierdie twee variansiefoute te laat korreleer. Op grond van die regressiegewigte het een parameter, wat die kruislading van Item 13 op die Professionele Bekwaamheid-faktor verteenwoordig, uitgestaan van die res en bygedra tot substansiële swak passing van die verwagte faktorlading. Hierdie effek kan die gevolg wees van ambivalensie wat deur Item 13 veroorsaak is.

As gevolg van die verwerping van die oorspronklike model, het die fokus verskuif vanaf modeltoetsing na die ontwikkeling van 'n model (verkennende faktorontleding). Deur die hoë kruislading van Item 13 in ag te neem, is daar besluit om die model te herspesifiseer deur Item 13 uit te laat. Alle hieropvolgende ontledings is gebaseer op die 15-item-model. Hierdie hersiene model word Model 2 van die MBI-GS genoem, en die passingstatistieke daarvan word in Tabel 2 aangedui.

Die passingstatistieke van Model 2 van die MBI-GS dui op 'n beter passing met die steekproefdata as Model 1. Alhoewel nog hoog, is die $\chi^2$-waarde laer as in Model 1 en relatief laag tot die grade van vryheid. Al die ander passingstatistieke dui op aanvaarbare passing tussen die model en die steekproefdata, alhoewel die RMSEA-waarde nog effens hoog is en die PGFI-waarde nie aan die afsnypunt van 0,80 voldoen nie. Die NFI-, TLI- en CFI-waardes is hoër en voldoen aan die afsnypunt van 0,90. Aangesien hierdie model se passing bevredigend is en die resultate ooreenstem met die teoretiese aannames onderliggende aan die MBI-GS, is geen verdere aanpassing aan die model nodig geag nie.

Tabel 3 dui die beskrywende statistieke, Cronbach-alfakoëffisiënte en interitem-korrelasiekoëffisiënte van die meetinstrumente aan.

Tabel 3

*Beskrywende Statistiek, Alfakoëffisiënte en Gemiddelde Interitem-korrelasiekoëffisiënte van die MBI-GS, PSI en COPE*

| Item | Gemiddelde | Standaard-afwyking | Skeefheid | Kurtose | $r$(Gemiddelde) | $\alpha$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **MBI-GS** | | | | | | |
| Uitputting | 11,33 | 7,57 | 0,47 | -0,63 | 0,63 | 0,90 |
| Sinisme | 7,29 | 5,77 | 0,81 | 0,11 | 0,52 | 0,81 |
| Professionele Bekwaamheid | 28,16 | 6,68 | -1,05* | 0,92 | 0,37 | 0,77 |
| **PSI** | | | | | | |
| Werkseise | 55,29 | 18,81 | -0,17 | -0,59 | 0,41 | 0,92 |
| Gebrek aan Hulpbronne | 63,09 | 18,70 | -0,55 | -0,06 | 0,44 | 0,92 |
| Polisie-spesifieke Stressore | 36,24 | 12,73 | -0,64 | -0,56 | 0,49 | 0,89 |
| **COPE** | | | | | | |
| Aktiewe Coping | 20,95 | 4,08 | -0,32 | -0,22 | 0,28 | 0,90 |
| Vermyding | 14,10 | 3,95 | 0,35 | -0,34 | 0,23 | 0,80 |
| Soeke na Emosionele Ondersteuning | 10,84 | 3,42 | -0,30 | -0,86 | 0,45 | 0,85 |
| Wending na Religie | 9,11 | 2,58 | -0,66 | -0,53 | 0,62 | 0,87 |

* Hoë skeefheid

Tabel 3 dui aan dat aanvaarbare Cronbach-alfakoëffisiënte wat wissel van 0,77 tot 0,92 ($\alpha >$ 0,70; Nunnally & Bernstein, 1994) verkry is vir al die skale. Die gemiddelde interitem-korrelasies van die meeste skale is aanvaarbaar (0,15 < $r$ < 0,50; Clark & Watson, 1995). Alhoewel die interitem-korrelasies van drie van die skale, naamlik Uitputting, Sinisme en Wending na Religie effens hoog is, word die interne betroubaarheid van die meetinstrumente bevestig. Al die skale van die meetinstrumente, behalwe Professionele Bekwaamheid, het relatiewe normale verspreidings met lae skeefheid en kurtose. Professionele Bekwaamheid toon egter 'n relatiewe hoë skeefheid, maar is steeds aanvaarbaar. Die korrelasies tussen die drie uitbrandingdimensies is as volg: Uitputting en Sinisme toon die hoogste korrelasie van 0,60, gevolg deur Uitputting en Professionele Bekwaamheid met 'n korrelasie van -0,20, en Sinisme en Professionele Bekwaamheid met 'n korrelasie van -0,34, onderskeidelik.

Dit blyk dus dat die MBI-GS 'n driedimensionele konstruk is en hoë konstrukgeldigheid en interne konsekwentheid toon. Hiermee word hipotese 1 bevestig.

Tabel 4 dui die produkmoment-korrelasiekoëffisiënte aan tussen Uitbranding (Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid), Werkstres (Werkseise, 'n Gebrek aan Hulpbronne en Polisie-spesifieke Stressore) en Coping (Aktiewe Coping, Vermyding, Soeke na Emosionele Ondersteuning en Wending na Religie). In die geval van korrelasies tussen Professionele Bekwaamheid en ander konstrukte, is die Spearman-korrelasiekoëffisiënte bereken weens die skewe verspreiding van hierdie skaal.

Tabel 4

*Produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen Uitbranding, Werkstres en Coping*

| Item | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Uitputting | - | - | - | - | - | - | - | - | |
| 2. Sinisme | $0,60^{*++}$ | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 3. Professionele Bekwaamheid | $-0,20^{*}$ | $-0,34^{*+}$ | - | - | - | - | - | - | - |
| 4. Werkseise | $0,49^{*+}$ | $0,37^{*+}$ | $-0,11^{*}$ | - | - | - | - | - | - |
| 5. 'n Gebrek aan Hulpbronne | $0,41^{*+}$ | $0,31^{*+}$ | 0,06 | $0,70^{*++}$ | - | - | - | - | - |
| 6. Polisie-spesifieke Stressore | $0,25^{*}$ | 0,10 | 0,10 | $0,54^{*++}$ | $0,57^{*++}$ | - | - | - | - |
| 7. Aktiewe Coping | -0,05 | $-0,13^{*}$ | $0,37^{*+}$ | -0,05 | 0,02 | 0,07 | - | - | - |
| 8. Vermyding | $0,27^{*}$ | $0,27^{*}$ | $-0,30^{*+}$ | $0,25^{*}$ | 0,05 | $0,12^{*}$ | -0,03 | - | - |
| 9. Soeke na Emosionele Ondersteuning | -0,10 | -0,07 | $0,14^{*}$ | -0,06 | $-0,13^{*}$ | 0,04 | $0,36^{*}$ | $0,14^{*}$ | - |
| 10. Wending na Religie | $-0,11^{*}$ | $-0,13^{*}$ | $0,20^{*}$ | $0,49^{*+}$ | -0,10 | 0,04 | $0,33^{*+}$ | 0,004 | $0,34^{*+}$ |

$^{*}$ $p \leq 0,05$, statisties betekenisvol

$^{+}$ $r > 0,30$, prakties betekenisvol, medium effek

$^{++}$ $r > 0,50$, prakties betekenisvol, groot effek

Uitputting korreleer statisties betekenisvol positief met Werkseise, 'n Gebrek aan Hulpbronne, Polisie-spesifieke Stressore en Vermyding, en statisties betekenisvol negatief met Wending na Religie. Uitputting korreleer ook prakties betekenisvol positief met Werkseise en 'n Gebrek aan Hulpbronne (medium effek). Sinisme korreleer statisties betekenisvol positief met Vermyding, en statisties en prakties betekenisvol positief met Werkseise en 'n Gebrek aan Hulpbronne (medium effek). Sinisme korreleer statisties betekenisvol negatief met Aktiewe Coping en Wending na Religie. Professionele Bekwaamheid korreleer statisties betekenisvol positief met 'n Soeke na Emosionele Ondersteuning en Wending na Religie, en statisties en prakties betekenisvol positief met Aktiewe Coping (medium effek). Professionele Bekwaamheid korreleer statisties

betekenisvol negatief met Werkseise, en korreleer statisties en prakties betekenisvol negatief met Vermyding (medium effek).

Kanoniese analise is uitgevoer tussen 'n stel van werkstressore en coping-strategieë (stel 1) en uitbranding (stel 2) deur SAS CANCORR te gebruik. In Tabel 5 word die korrelasies tussen die veranderlikes en die kanoniese variate weergegee, asook die gestandardiseerde kanoniese variaatkoëffisiënte, die variansie binne die stel veranderlikes wat deur die kanoniese variate (persentasie variansie) verklaar word, die oortolligheid, sowel as die kanoniese korrelasies.

Die resultate van die kanoniese ontleding van Uitbranding, Werkstres en Coping word in Tabel 5 aangedui. Die eerste stel sluit in Werkstres (Werkseise, 'n Gebrek aan Hulpbronne en Polisie-spesifieke Stressore) en Coping-strategieë (Aktiewe Coping, Vermyding, Soeke na Emosionele Ondersteuning en Wending na Religie). Die tweede stel sluit in Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid.

Tabel 5

*Resultate van die Kanoniese Ontleding: Uitbranding, Werkstres en Coping*

| | Eerste Kanoniese Variaat | | Tweede Kanoniese Variaat | |
|---|---|---|---|---|
| | Korrelasie | Koëffisiënt | Korrelasie | Koëffisiënt |
| **Stel 1: Werkstres en Coping** | | | | |
| Werkseise | 0,80 | 0,63 | 0,45 | 0,10 |
| 'n Gebrek aan Hulpbronne | 0,57 | 0,20 | 0,70 | 0,56 |
| Polisie-spesifieke Stressore | 0,26 | -0,23 | 0,52 | 0,15 |
| Aktiewe Coping | -0,34 | -0,18 | 0,64 | 0,58 |
| Vermyding | 0,62 | 0,49 | -0,28 | -0,34 |
| Soeke na Emosionele Ondersteuning | -0,23 | -0,11 | 0,16 | 0,06 |
| Wending na Religie | -0,29 | -0,15 | 0,21 | 0,05 |
| Persentasie variansie | 0,24 | | 0,21 | Totaal = 0,45 |
| Oortolligheid | 0,08 | | 0,04 | Totaal = 0,12 |
| **Stel 2: Uitbranding** | | | | |
| Uitputting | 0,87 | 0,63 | 0,44 | 0,56 |
| Sinisme | 0,79 | 0,32 | 0,12 | -0,01 |
| Professionele Bekwaamheid | -0,53 | -0,37 | 0,83 | 0,91 |
| Persentasie variansie | 0,55 | | 0,30 | Totaal = 0,85 |
| Oortolligheid | 0,19 | | 0,05 | Totaal = 0,24 |
| Kanoniese Korrelasie | 0,58 | | 0,42 | |

Die eerste kanoniese korrelasie was 0,58 (34% gedeelde variansie); en die tweede was 0,42

(17,8% gedeelde variansie). Met al twee kanoniese korrelasies ingesluit $F(21, 948{,}13) = 11{,}24$, $p<0{,}0001$ vir die eerste kanoniese korrelasie; $F(12, 662) = 6{,}41$, $p<0{,}0001$. Data oor die twee kanoniese variate word in Tabel 5 aangedui. Die totale persentasie van variansie en die totale oortolligheid, dui aan dat die eerste en tweede stel kanoniese variate matig met mekaar verband hou.


Met 'n afsnypunt van 0,30 is die veranderlikes in die werkstres- en coping-stel wat met die eerste kanoniese variate korreleer, Werkseise, 'n Gebrek aan Hulpbronne, Aktiewe Coping en Vermyding. Van die Uitbranding-veranderlikes korreleer Uitputting, Sinisme en Professionele Bekwaamheid met die eerste kanoniese variaat. Die eerste stel van kanoniese variate dui aan dat Werkseise (0,80), 'n Gebrek aan Hulpbronne (0,57), 'n gebrek aan Aktiewe Coping (-0,34) en Vermyding (0,62) geassosieer word met Uitputting (0,87), Sinisme (0,79) en lae Professionele Bekwaamheid (-0,53).

Die veranderlikes in die werkstres- en coping-stel wat met die tweede kanoniese variate korreleer, is Werkseise, 'n Gebrek aan Hulpbronne, Polisie-spesifieke Stressore en Aktiewe Coping. Van die Uitbranding-veranderlikes, korreleer Uitputting en Professionele Bekwaamheid met die tweede kanoniese variaat. Die tweede stel van kanoniese variate dui aan dat Werkseise (0,45), 'n Gebrek aan Hulpbronne (0,70), Polisie-spesifieke Stressore (0,52) en Aktiewe Coping (0,64) geassosieer word met Uitputting (0,44) en Professionele Bekwaamheid (0,83).

Strukturele vergelykingsmodellering, soos geïmplementeer deur AMOS (Arbuckle, 1997) is gebruik om 'n oorsaaklike model van uitbranding, werkstres en coping te toets. Gebaseer op die resultate van die kanoniese korrelasies, is die niebetekenisvolle verbande tussen uitbranding, werkstres en coping nie ingesluit in die ontleding van die strukturele vergelykingsmodellering nie.

*Die hipotesemodel*

Die reeds bespreekte strukturele vergelykingsmodelleringprosedure is op die hipotesemodel toegepas. 'n Model is opgestel gebaseer op bevindinge uit die literatuur oor uitbranding, werkstres en coping (sien figuur 1). Tabel 6 verteenwoordig die passingstatistieke vir die toets van die oorspronklike model (Model 1), en aangepaste modelle (Model 2 en Model 3).




*Figuur 1.* Die hipotesemodel van uitbranding, werkstres en coping

Tabel 6

*Geskiktheid-van-passing-statistieke vir Model 1, Model 2 en Model 3 van Uitbranding, Werkstres en Coping*

| | $\chi^2$ | $\chi^2$/df | GFI | AGFI | PGFI | NFI | TLI | CFI | RMSEA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Model 1 | 194,42 | 27 | 0,89 | 0,82 | 0,54 | 0,78 | 0,73 | 0,80 | 0,14 |
| Model 2 | 105,67 | 24 | 0,94 | 0,88 | 0,50 | 0,88 | 0,85 | 0,90 | 0,10 |
| Model 3 | 75,88 | 24 | 0,95 | 0,91 | 0,51 | 0,91 | 0,91 | 0,94 | 0,08 |

Die strukturele vergelykingsmodelleringsontleding toon dat Model 1 nie geskik is vir die passing van die steekproefdata nie. Die statisties betekenisvolle $\chi^2$-waarde van 194,42 dui 'n swak passing aan tussen die eerste model en die data. Die hipotesemodel is ook nie geskik vanuit 'n praktiese perspektief nie. Die PGFI se waarde wat laer is as 0,80, die NFI-, TLI- en CFI-waardes wat laer is as 0,90, en die RMSEA-waarde wat hoër is as 0,05, dui op die niegeskiktheid van die hipotesemodel. Dit blyk dus dat sekere aanpassings aan die hipotesemodel aangebring moet word ten einde 'n model vas te stel wat die steekproefdata beter verteenwoordig.


Ten einde moontlike areas van swak passing noukeurig uit te wys, is die modifikasie indekse ondersoek. Parameters wat die strukturele paaie in die model verteenwoordig, sowel as kovariansies tussen faktore is die enigste modifikasie indekse van belang. Gebaseer op die

regressiegewigte is Model 1 herspesifiseer met addisionele paaie tussen Soeke na Emosionele Ondersteuning en Aktiewe Coping, Vermyding en Uitputting, en Vemyding en Professionele Bekwaamheid. Op grond hiervan is Model 2 gespesifiseer (kyk Tabel 6).

Die passingstatistieke van Model 2 dui op 'n beter passing met die steekproefdata. Alhoewel die $\chi^2$-waarde van 105,67 nog steeds hoog is, is dit aansienlik laer as in Model 1. Die PGFI se waarde is laer as in Model 1, maar voldoen steeds nie aan die afsnypunt van 0,80 nie. Alhoewel die NFI- en TLI-waardes hoër is in Model 2, is dit steeds laer as 0,90. Die CFI-waarde voldoen aan die afsnypunt van 0,90. Die RMSEA-waarde is laer as in Model 1, maar is steeds hoër as 0,05, en is dus aanduidend van die niegeskiktheid van Model 2.

Ten einde 'n model vas te stel wat die steekproefdata beter verteenwoordig as Model 2, is die reeds genoemde proses ten opsigte van die modifikasie-indekse herhaal vir Model 3. Die areas van swak passing is uitgewys en verteenwoordig 'n gekorreleerde fout tussen Werkseise en Vermyding (MI = 27,72). Vergeleke met MI-waardes vir alle ander foutkovariansieparameters, is hierdie waarde uitsonderlik hoog, en is dit nodig om dit te herspesifiseer. Verder is dit ook nodig om te toets watter paaie wat oorspronklik ingesluit is in die model irrelevant is. Om dit te bepaal, is gekyk na die statistiese betekenisvolheid van alle struktureleparameter-skattingswaardes (Byrne, 2001). In die hersiening van hierdie waardes vir Model 2, is dit duidelik dat een parameter nie betekenisvol is nie. Hierdie parameter verteenwoordig die pad van Soeke na Emosionele Ondersteuning na Sinisme (C.R. = -0,60). In die belang van parsimonie, is die finale model gestruktureer sonder hierdie pad van Soeke na Emosionele Ondersteuning na Sinisme. Gebaseer op die modifikasie indekse en op teoretiese oorwegings, is Model 2 herspesifiseer, en is Model 3 gestruktureer (sien tabel 6).

Die passingstatistieke van Model 3 dui op 'n beter passing met die steekproefdata as Model 2. Die $\chi^2$-waarde is baie laer as in Model 2, en is relatief laag tot die grade van vryheid, wat 'n aanduiding is van goeie passing. Al die ander passingstatistieke dui op aanvaarbare passing tussen die model en die steekproefdata, alhoewel die RMSEA-waarde nog effens hoog is. Aangesien hierdie model se passing bevredigend is en die resultate ooreenstem met die teoretiese aannames onderliggende aan uitbranding, is geen verdere modifikasies aan die model nodig geag nie. Die finale model word in Figuur 2 geïllustreer.




*Figuur 2.* Die finale model van uitbranding, werkstres en coping

Volgens die kwadraat meervoudige korrelasies (SMC's) word 28,9% van die variansie wat met Uitputting geassosieer word, verklaar deur sy voorspellers: Werkstres en Vermyding. Wat Sinisme betref, word 36,6% van die variansie wat geassosieer word met hierdie faktor, verklaar deur Uitputting en Vermyding. Laastens, word 19,1% van die variansie geassosieer met Professionele Bekwaamheid verklaar deur Sinisme, Vermyding en Aktiewe Coping.

Op grond van bogenoemde resultate word hipotese 2 gedeeltelik bevestig. Werkstres (werkseise, 'n gebrek aan hulpbronne en polisie-spesifieke stressore) lei tot hoër vlakke van uitputting. Dit word ook bevestig dat aktiewe coping die verwantskap tussen emosionele ondersteuning en professionele bekwaamheid medieer. Uitputting modereer hiervolgens die verband tussen vermyding en sinisme, terwyl sinisme ook die verband tussen vermyding en professionele bekwaamheid modereer. Die gebruik van 'n vermyding coping-strategie lei tot hoër vlakke van uitputting en sinisme en tot laer vlakke van professionele bekwaamheid. Wending na religie het geen effek op die verband tussen werkstres en uitbranding gehad nie. Wat die proses van uitbranding betref, word dit bevestig dat uitputting wel lei tot sinisme, wat weer lei tot laer vlakke van professionele bekwaamheid.

## BESPREKING

Die eerste doelstelling van hierdie studie was om die konstrukgeldigheid en interne konsekwentheid van die MBI-GS te ondersoek. Gestruktureerde vergelykingsmodellering (SEM) het die driedimensionele faktorstruktuur van die uitbrandingkonstruk bevestig. Die

struktuur was egter beter bevestig nadat item 13 ("Ek wil net my werk doen en nie gepla word nie") uitgelaat is. Hierdie resultate bevestig vorige navorsing (kyk Storm & Rothmann, 2003a). Item 13 het op grond van die regressiegewigte uitgestaan van die res van die items en het bygedra tot swak swak passing van die hipotesefaktorlading. Hierdie effek kan moontlik die gevolg wees van ambivalensie wat deur item 13 veroorsaak is, en verklaar moontlik waarom hierdie item problematies is. Betroubaarheidsontledings het aangetoon dat al drie die subskale voldoende interne konsekwentheid het. Op grond van hierdie resultate blyk dit dat die MBI-GS 'n geskikte instrument is vir die meting van uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap.

Die tweede doelstelling van die studie was om 'n oorsaaklike model te toets wat uitbranding, werkstres en coping insluit. Die ontleding van die Pearson-produkmomentkorrelasies dui daarop dat 'n positiewe korrelasie bestaan tussen uitbranding en werkstres, soos wat verwag is op grond van vorige navorsing (Biggam et al., 1997). Hoë vlakke van werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne korreleer met hoë vlakke van uitputting en sinisme, en verminderde professionele bekwaamheid. Aktiewe coping word geassosieer met laer vlakke van sinisme en hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Hierdie resultate bevestig ook vorige navorsing (kyk De Rijk et al., 2001). Die resultate toon verder dat soeke na emosionele ondersteuning 'n positiewe verband het met professionele bekwaamheid. Wending na religie korreleer statisties negatief met uitputting en sinisme, en positief met professionele bekwaamheid.

Wat die kanoniese analise betref, het die eerste stel kanoniese variaate daarop gedui dat persone wat stres ervaar a.g.v. werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, wat nie geneig is om aktiewe coping-strategieë te gebruik nie, en wat vermyding as coping-strategie gebruik, hoër vlakke van uitputting en sinisme toon, asook verminderde professionele bekwaamheid. Die tweede kanoniese variaate het aangetoon dat persone wat stres ervaar a.g.v. werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne, en wat blootgestel word aan polisie-spesifieke stressore, hoër vlakke van uitputting toon. Die resultate het ook aangedui dat aktiewe coping verband hou met hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Aangesien aktiewe coping in hierdie opsig die enigste veranderlike is wat 'n positiewe invloed het op uitbranding, blyk dit dat inherente veranderinge in die SAPD aangebring sal moet word ten opsigte van die vermindering van werkseise en die vermeerdering van hulpbronne en dat daar nie slegs op opleiding in aktiewe coping-strategieë gefokus moet word nie. Indien werkseise nie verminder en hulpbronne nie

vermeerder nie, kan dit gebeur dat lede se uitputting omskakel in sinisme – wat weer lei tot laer vlakke van professionele bekwaamheid.

Strukturele vergelykingsmodellering het in die model van uitbranding, werkstres en coping aangetoon dat werkstres lei tot uitputting. Polisielede wat hoë werkseise ervaar (byvoorbeeld die haal van sperdatums, die neem van kritieke en onmiddellike besluite en die hantering van krisissituasies), 'n gebrek aan hulpbronne het (byvoorbeeld onvoldoende personeel om te help om die werk te hanteer, onvoldoende of swak gehalte toerusting, of 'n gebrek aan erkenning vir goeie werk), of blootgestel word aan polisie-spesifieke stressore (byvoorbeeld rassekonflik, gewelddadige arrestasies en die verpligting om die media te hanteer), ervaar hoër vlakke van uitputting. Hierdie bevindings ondersteun vorige navorsing (sien Burke, 1993; Peeters & Le Blanc, 2001; Taris et al., 1999), en kom ook ooreen met die bewaring-van-hulpbronne-teorie (COR) (Hobfoll, 1989; Hobfoll & Freedy, 1993), naamlik dat mense daarna streef om dit wat vir hulle van waarde is (hulpbronne), te verkry en te behou. Uitbranding kom voor wanneer sekere waardevolle hulpbronne verlore is, nie aan vereistes kan voldoen, of nie die verwagte vlak van opbrengs lewer nie.

Die resultate van die strukturele vergelykingsmodellering het ook aangedui dat uitputting lei tot sinisme, wat weer lei tot laer vlakke van professionele bekwaamheid. Hierdie bevinding kom ooreen met die model van ontwikkelende opeenvolging van die drie dimensies van uitbranding soos voorgestel deur Leiter en Maslach (1988). Uitputting ontstaan eerste as 'n gevolg van kroniese en oormatige werkseise wat die werknemer se emosionele hulpbronne dreineer. As 'n coping-strategie ontwikkel sinisme omdat die werknemer sy betrokkenheid met ander mense en met sy werk wil beperk. Indien die sinisme voortduur, word die werknemer se gevoelens van professionele bekwaamheid verminder. Wat die proses van uitbranding betref, word dit dus bevestig dat uitputting wel lei tot sinisme, wat weer lei tot laer vlakke van professionele bekwaamheid.

Die resultate het verder aangetoon dat aktiewe coping lei tot hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Hierdie bevinding kan daaraan toegeskryf word dat aktiewe coping gebruik word om probleme op los deur die situasie kognitief te analiseer en/of deur konkrete aksie, en op hierdie manier kan dien as buffer teen uitbranding (De Rijk et al., 2001). Verder het die resultate aangedui dat 'n soeke na emosionele ondersteuning lei tot die gebruik van aktiewe coping-strategieë. Dit verskaf dus empiriese ondersteuning vir die waardevolle effek van 'n

soeke na emosionele ondersteuning as buffer teen uitbranding – wat verder lei tot hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Dit stem ook ooreen met Zellars en Perrewé (2001) se bevindinge dat 'n soeke na emosionele ondersteuning 'n positiewe effek het op uitbranding. Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n soeke na emosionele ondersteuning lei tot die benutting van aktiewe coping-strategieë, wat weer lei tot hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

Die resultate het ook aangetoon dat die gebruik van vermyding lei tot 'n toename in uitputting, sinisme en laer professionele bekwaamheid. Dit blyk dus dat wanneer vermyding gebruik word, stres veroorsaak word omdat die probleem net gedeeltelik aangespreek word en dat die stres dan akkumuleer totdat uitputting voorkom (Chan & Hui, 1995). Die gebruik van vermyding as coping-strategie word ook geassosieer met persone wat angstig en depressief is (Soderstrom et al., 2000). Dit kan lei tot 'n onverskilligheid of terughoudende houding teenoor 'n persoon se werk, met ander woorde tot sinisme (Maslach, 1993). Kognitiewe en gedragsonttrekking wat geassosieer word met vermyding, lei ook tot gevoelens van verlaagde professionele bekwaamheid (Mitchell & Hastings, 2001).

Uit die SEM-analise het dit verder geblyk dat aktiewe coping die verwantskap tussen soeke na emosionele ondersteuning en professionele bekwaamheid medieer. Dit beteken dat die strategie van soeke na emosionele ondersteuning slegs tot professionele bekwaamheid lei as dit met aktiewe probleemoplossing saamgaan. Uitputting modereer hiervolgens die verband tussen vermyding en sinisme, terwyl sinisme ook die verband tussen vermyding en professionele bekwaamheid modereer. Die gebruik van 'n vermyding coping-strategië lei dus tot hoër vlakke van uitputting en sinisme en tot laer vlakke van professionele bekwaamheid. Wanneer die persoon egter emosionele ondersteuning soek, lei dit tot aktiewe coping-strategieë wat weer lei tot hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

Kwadraat meervoudige korrelasies (SMC's) is gebruik om die proporsievariansie wat die drie dimensies van uitbranding voorspel, te verklaar. Volgens die SMC's word 28,9% van die variansie wat met uitputting geassosieer word, verklaar deur sy voorspellers (werkstres en vermyding). Wat sinisme betref, word 36,6% van die variansie wat geassosieer word met hierdie faktor, verklaar deur uitputting en vermyding. Laastens word 19,1% van die variansie geassosieer met professionele bekwaamheid verklaar deur sinisme, vermyding en aktiewe coping.

'n Beperking van die studie is dat 'n dwarsdeursnee-ontwerp gebruik is. Die gevolg is dat daar geen oorsaaklike afleidings gemaak kan word nie – ten spyte van gebruikmaking van gevorderde tegnieke soos strukturele vergelykingsmodellering. Die oorsaaklike verbande tussen veranderlikes is dus geïnterpreteer eerder as bevestig, en meer komplekse verbande wat nie met sekerheid vasgestel kan word nie, kon nie ondersoek word nie.

'n Verdere beperking is dat die navorsing uitgevoer is in 'n homogene steekproef bestaande uit individue van 'n spesifieke professie, naamlik polisielede van die SAPD. Die polisie-organisasie het waarskynlik sekere unieke eienskappe (soos die spesifieke organisatoriese kultuur) wat die deelnemers se response kon beïnvloed. Die implikasie is dat die resultate nie na ander kontekste en professies veralgemeen kan word nie. Dit is dus nodig om die studie in ander beroepsgroepe asook in heterogene steekproewe te herhaal.

## AANBEVELINGS

Gegewe die ernstige aard van uitbranding, behoort die SAPD intervensies te beplan, ontwerp en implementeer wat op uitbranding fokus. Alhoewel dit belangrik is om op individuele basis om te sien na die geestesgesondheid van polisielede wat sielkundig deur hul werk benadeel word, is dit meer effektief om 'n organisatoriese benadering te volg aangesien die meeste stressore op organisatoriese vlak voorkom. Aangesien daar bevind is dat uitbranding by die polisielede verband hou met werkstres en coping, is dit nodig om hierdie faktore in berekening te bring wanneer uitbranding voorspel word.

Op grond van die resultate van die studie, word dit aanbeveel dat die MBI-GS gebruik word om uitbranding in die SAPD te meet. Betroubaarheidsontledings het aangetoon dat al drie die subskale oor voldoende interne konsekwentheid beskik. Aangesien Item 13 egter problematies was op grond van die regressiegewigte en bygedra het tot die swak passing van die hipotesefaktorlading, is dit belangrik dat item 13 uit die vraelys gelaat word wanneer die vraelys afgeneem word.

Daar word aanbeveel dat die SAPD tydens die seleksie van intreevlakkonstabels daarop moet let dat individue geselekteer word wat aktiewe coping in plaas van vermyding toepas. Wanneer daar na werkseise as 'n oorsaak van uitbranding in die SAPD gekyk word, word

aanbeveel dat sekere aspekte van die take van polisielede in heroorweging geneem word, byvoorbeeld oortydwerk, gereelde onderbrekings, oormatige papierwerk, onvoldoende persoonlike tyd (bv. koffie- en etenstye) en skofwerk. Die vermindering van stres wat deur hierdie faktore veroorsaak word, sal 'n positiewe invloed hê op die voorkoms van uitbranding.

Dit is belangrik dat ondersteuningsgroepe vir polisielede beskikbaar sal wees en dat beraders opgelei word om sosiale ondersteuning te verskaf aan individue wat hoë vlakke van stres ervaar. Intervensies wat fokus op die coping-strategieë van polisielede en wat gerig is op die aanleer van effektiewe coping-strategieë (byvoorbeeld aktiewe coping), moet geïmplementeer word.

Meer navorsing oor uitbranding in die SAPD is nodig. Toekomstige navorsing moet gemeenskapsfaktore insluit wat verband hou met uitbranding. Longitudinale studies sal lig werp op die ontwikkeling van uitbranding in die SAPD. Laastens is dit belangrik om persone wat voorheen in diens van die SAPD was, te betrek in die navorsing ten einde insig te verkry in die potensiële langtermyneffekte van uitbranding by polisielede.

**VERWYSINGS**


Alexander, D.A. & Walker, L.G. (1994). A study of methods used by Scottish police officers to cope with work-induced stress. *Stress Medicine, 10,* 131-138.

Anderson, D.G. (2000). Coping strategies and burnout among veteran child protection workers. *Child Abuse and Neglect, 24,* 839-848.

Anshel, M.H. (2000). A conceptual model and implications for coping with stressful events in police work. *Criminal Justice and Behavior, 27*(3), 375-400.

Arbuckle, J.L. (1997). *Amos users' guide version 4.0.* Chigaco, IL: Smallwater Corporation.

Biggam, F.H., Power, K.G., MacDonald, R.R., Carcary, W.B. & Moodie, E. (1997). Self-perceived occupational stress and distress in a Scottish police force. *Work and Stress,11,* 118-133.

Bishop, G.D., Tong, E.M.W., Diong, S.M., Enkelmann, H.C. & Why, Y.P. (2001). The relationship between coping and personality among police officers in Singapore. *Journal of Research in Personality, 35,* 353-374.

Brill, P.L. (1984). The need for an operational definition of burnout. *Family and Community Health, 6,* 12-24.

Burke, R.J. (1993). Toward an understanding of psychological burnout among police officers. *Journal of Social Behavior and Personality, 8,* 425-438.

Burke, R.J. (1994). Stressful events, work-family conflict, coping, psychological burnout, and well-being among police officers. *Psychological Reports, 75,* 787-800.

Burke, R.J. & Richardsen, A.M. (1993). Psychological burnout in organizations. In R.T. Golembiewski (Ed.), *Handbook of organizational behavior* (p. 263-298). New York: Dekker.

Byrne, B.M. (2001). *Structural equation modeling with AMOS: Basic concepts, applications and programming.* Mahwah, NJ: Erlbaum.

Carver, C.S., Scheier, M.R. & Weintraub, J.K. (1989). Assessing coping strategies: A theoretically based approach. *Journal of Personality and Social Psychology, 56,* 267-283.

Chan, D.W. & Hui, E.K.P. (1995, Maart). Burnout and coping among Chinese secondary school teachers in Hong Kong. *British Journal of Educational Psychology, 65,* 15-25.

Clark, L.A. & Watson, D. (1995). Constructing validity: Basic issues in objective scale development. *Psychological Assessment, 7,* 309-319.

Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences.* (Hersiene uitgawe). Orlando, CA: Academic Press.

Cox, T. (1978). *Stress.* London: Macmillan.

Deary, I.J., Blenkin, H., Agius, R.M., Endler, N.S., Zeally, H. & Wood, R. (1996, Februarie). Models of job-related stress and personal achievement among consultant doctors. *British Journal of Psychology, 87,* 3-29.

Demerouti, E., Bakker, A.B., Nachreiner, F. & Schaufeli, W.B. (2001). The job demands-resources model of burnout. *Journal of Applied Psychology, 86,* 499-512.

De Rijk, A.E., Le Blanc, P.M. & Schaufeli, W.B. (2001). Active coping and need for control as moderators of the job demand-control model: Effects on burnout. *Journal of Occupational and Organizational Psychology, 71,* 1-18.

Finley, S.L. (2000). Examining burnout among state psychiatric hospital staff: A comparison of Maslach Burnout Inventory scores with staff-resident interaction chronograph scores. *Dissertation Abstracts International: Section B: The Sciences and Engineering, 60*(11-B): 5770.

Folkman, S. & Lazarus, R.S. (1991). Coping and emotion. In A. Monat & R.S. Lazarus (Eds.), *Stress and coping: An anthology* (pp. 207-227). New York: Columbia Univer Press.

Freeman, L. (1988). Cop suicides surpass deaths in line of duty. *Chicago Defender, 103*(1), 157-166.

Hammons, K.H. (2000). An analysis of social factors which mitigate burnout in hospital social workers who work with terminally ill inpatient populations. *Dissertation Abstracts International: Section A: Humanities and Social Sciences, 60*(9-A), 3527.

Hobfoll, S.E. (1989). Conservation of resources: A new attempt at conceptualizing stress. *American Psychologist, 44,* 513-524.

Hobfoll, S.E. & Freedy, J. (1993). Conservation of resources: A general stress theory applied to burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach, & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (p. 115-129). Washington, DC: Taylor & Francis.

Hobfoll, S.E., Freedy, J., Lane, C. & Gellar, P. (1990, November). Conversation of social resource theory. *Journal of Social and Personal Relationships, 7,* 465-478.

Jackson, L.T.B. & Rothmann, S. (2003, June 26-27). *Burnout of teachers in the North-West Province.* Referaat aangebied by die 6de Jaarlikse Konferensie vir die Vereniging vir Industriële en Organisasie Sielkunde, Johannesburg.

Kop, N., Euwema, M. & Schaufeli, W. (1999). Burnout, job stress and violent behaviour among Dutch police officers. *Work & Stress, 13*(4), 326-340.

Kopel, H. & Friedman, M. (1999). Effects of exposure to violance in South African Police. In J.M. Violanti & D. Paton. (Eds.), *Police trauma: Psychological aftermath of civilian combat* (p. 99-112). Springfield, IL: Charles, C. Thomas.

Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). Stress, appraisal, and coping. New York: Springer.

Leiter, M.P. (1991). Coping patterns as predictors of burnout: The function of control and escapist coping patterns. *Journal of Organizational Behaviour, 12,* 123-144.

Leiter, M.P. (1993). Burnout as a developmental process: Considerations of models. In W.B. Schaufeli, C. Maslach, & T. Marek (Eds.). *Professional Burnout: Recent Developments in Theory and Research* (p. 237-250). Washington, DC: Taylor & Francis.

Leiter, M.P. & Maslach, C. (1988). The impact of interpersonal environment on burnout and organizational commitment. *Journal of Organizational Behavior, 9,* 297-308.

Maslach, C. (1993). Burnout: A multidimensional perspective. In W.B. Schaufeli, C. Maslach, & T. Marek (Eds.). *Professional Burnout: Recent Developments in Theory and Research.* Washington, DC: Taylor & Francis.

Misdaadinligtinganalisesentrum, (Desember, 2001). *Die gerapporteerde ernstige misdaadsituasie in Suid-Afrika vir die tydperk Januarie tot September 2001.* Pretoria: SAPD Hoofkantoor.

Mitchell, G. & Hastings, R.P. (2001, September). Coping, burnout, and emotion in staff working in community services for people with challenging behaviors. *American Journal on Mental Retardation, 106,* 448-459.

Nunally, J.C. & Bernstein, I.H. (1994). *Psychometric theory* (3de uitgawe). New York: McGraw-Hill.

Paton, D. & Violanti, J.M. (1999). Trauma stress in policing: Issues for future consideration. In J.M. Violanti & D. Paton. (Eds.), *Police trauma: Psychological aftermath of civilian combat* (p. 293-297). Springfield, IL: Charles, C. Thomas.

Patterson, G.T. (2000). Demographic factors as predictors of coping strategies among police officers. *Psychological Reports, 87,* 275-283.

Peeters, M.C.W. & Le Blanc, P.M. (2001). Towards a match between job demands and sources of social support: A study among oncology care providers. *European Journal of Work and Organizational Psychology, 10,* 53-72.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003a). *Reliability and validity of the Police Stress Inventory in the South African Police Service.* Referaat aangebied by die 15de Kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes, Potchefstroom, 28-30 September 2003.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003b). Coping strategies in the South African Police Service.

*South African Journal of Industrial Psychology, 29*(4), 81-90.

Rothmann, S. & Van Rensburg, P. (2001,Mei). *Suicide ideation in the South African Police Services in the North West Province.* Referaat aangebied by die 10de Europese Kongres oor Werk en Organisatoriese Sielkunde, Praag, Tsjeggiese Republiek.

SAS Instituut. (2000). *The SAS System for Windows: Release 8,01.* Cary, NC: SAS Institute Inc.

Schaufeli, W.B. & Buunk, B.P. (op die pers). Burnout: An overview of 25-years of research and theorizing. In M.J. Schabracq, C.L. Cooper & Winnubst (Eds.), *Handbook of work and health Psychology.* Chichester, UK: Wiley.

Schaufeli, W.B. & Enzmann, D. (1998). *The burnout companion to study and practice: A critical analysis.* London: Taylor & Francis.

Schaufeli, W.B., Leiter, M.P., Maslach, C. & Jackson, S.E. (1996). MBI – General Survey. In C. Maslach, S.E. Jackson, & M.P. Leiter (Eds.), *Maslach Burnout Inventory Manual* (3de uitgawe). Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.

Schauhnessy, J.J. & Schaughnessy, J.J. & Zechmeister, E.B. (1997). *Research methods in Psychology* (4de uitgawe.). New York: McGraw-Hill.

Storm, K. (2002). *Burnout and work engagement in the South African Police Service.* Ongepubliseerde doktorale verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Storm, K. & Rothmann, S. (2003a). A psychometric analysis of the Maslach Burnout Inventory – General Survey in the South African Police Service. *South African Journal of Psychology.*

Storm, K. & Rothmann, S. (2003b). The relationship between burnout, personality traits and coping strategies in a corporate pharmaceutical group. *South African Journal of Industrial Psychology, 29*(4), 35-42.

Soderstrom, M., Dolbier, C., Leiferman , J. & Steinhardt, M. (2000). The relationship of hardiness, coping strategies, and perceived stress to symptoms of illness. *Journal of Behavioral Medicine, 23*(3), 311-328.

Tabachnick, B.G. & Fidell, L.S. (2001). *Using multivariate statistics* (4de uitgawe). Boston, M.A: Allyn & Bacon.

Taris, T.W., Schreurs, P.J.G. & Schaufeli, W.B. (1999). Construct validity of the Maslach correlates. *Work and Stress, 13*, 223-237.

Tucker, L.R. & Lewis, C. (1973). A reliability coefficient for maximum likelihood factor analysis. *Psychometrika, 38,* 1-10.

Wheaton, B., Muthén, B., Alwin, D.F. & Summers, G.F. (1977). Assessing reliability and

stability in panel models. In D.R. Heise (Ed), *Sociological methodology* (pp. 84-136). San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Zellars, K.L. & Perrewe, P.L. (2001, Junie). Affective personality and the content of emotional social support: Coping in organizations. *Journal of Applied Psychology, 86,* 459-467.

# HOOFSTUK 4

# GEVOLGTREKKINGS, BEPERKINGE EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk word gevolgtrekkings gemaak in verband met die spesifieke doelwitte van die studie. Die beperkinge van die navorsing word bespreek en word gevolg deur die aanbevelings vir die organisasie en toekomstige navorsing.

## 4.1 GEVOLGTREKKINGS

Die eerste doelwit van die studie was om die verhouding tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping in die SAPD te bepaal. Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer positief met werkstres. Wat coping-strategie betref, korreleer selfmoord-denkbeeldvorming positief met vermyding. Hoë werkseise korreleer ook statisties betekenisvol positief met vermyding. Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer negatief met aktiewe coping, soeke na emosionele ondersteuning en wending na religie. Die afleiding kan dus gemaak word dat werkstres kan lei tot selfmoord-denkbeeldvorming, maar dat 'n individu se coping-respons 'n kritieke komponent in die bepaling van die impak van 'n stressor is en dat dit die nie-coping met stressore in die werksomgewing is wat verband hou met selfmoord-denkbeeldvorming, terwyl aktiewe coping en 'n soeke na ondersteuning selfmoord-denkbeeldvorming moontlik kan verminder of voorkom.

'n Volgende doelwit was om te bepaal of werkstres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te voorspel. Selfmoord-denkbeeldvorming korreleer statisties betekenisvol met werkseise en 'n gebrek aan hulpbronne. Wat die intensiteit, frekwensie en hewigheid van stressore betref, blyk dit dat personeeltekorte 'n hoë intensiteit sowel as 'n hoë frekwensie het en dus beskou kan word as ernstig. Hierdie stressor kan aanleiding gee tot ander stressore byvoorbeeld die toewysing van groter verantwoordelikheid, die verpligting om iemand anders se werk te doen, verpligting om take uit te voer wat nie deel is van die posbeskrywing nie, die verpligting om oortyd te werk, negatiewe houdings wat teenoor die organisasie ervaar word en kollegas wat ongemotiveerd is. Ander items wat ook hoë hewigheid toon, sluit in: onvoldoende of swak

gehalte toerusting, onvoldoende salaris, en om te sien hoedat misdadigers vrygelaat word. 'n Gebrek aan geskikte toerusting dra by tot gevoelens van onsekerheid en frustrasie, en gevoelens van oneffektiwiteit word vererger deur swak gehalte toerusting in die organisasie waar lae motivering, onvoldoende salaris en 'n persepsie oor 'n oneffektiewe regstelsel reeds algemeen is (Pienaar & Rothmann, 2003). 'n Tekort aan finansies as 'n bron van werkstres in die SAPD is in ooreenstemming met die bevinding van Kruger (1996) en moet aangespreek word ten einde selfmoord-denkbeeldvorming te voorkom. Die sien van misdadigers wat vrygelaat word, hou verband met die regstelsel wat vir polisielede 'n bron van stres is (Crank & Caldero, 1991). Lede voel dat misdadigers nie voldoende vervolg word nie: die regstelsel is simpatiek teenoor misdadigers en onsensitief jeens die behoeftes van polisielede. Wat coping betref, korreleer selfmoord-denkbeeldvorming statisties betekenisvol (prakties betekenisvol, medium effek) met vermyding. Op grond van die resultate van die studie blyk dit dus dat werkstres en coping gebruik kan word om selfmoord-denkbeeldvorming te voorspel.

Die derde doelwit was om die oorsaaklike faktore van selfmoord-denkbeeldvorming in die SAPD te bepaal. In die studie is bevind dat vermyding, alkoholmisbruik, die teenwoordigheid van 'n mediese toestand wat die kwaliteit van diens in die SAPD kan beïnvloed, 'n vorige selfmoordpoging, asook rang in die SAPD veranderlikes is wat selfmoord-denkbeeldvorming kan veroorsaak.

'n Volgende doelwit van die studie was om vas te stel of die MBI-GS 'n geldige en betroubare instrument is vir die meting van uitbranding by polisielede van die SAPD. Wat die faktorstruktuur en psigometriese eienskappe van die MBI-GS betref, is deur die toepassing van strukturele vergelykingsmodellering bevind dat al drie subskale van die MBI-GS voldoende interne betroubaarheid het. Die driedimensionele faktorstruktuur van die uitbrandingkonstruk is bevestig. Die struktuur is egter beter bevestig nadat item 13 ("Ek wil net my werk doen en nie gepla word nie") uitgelaat is. Hierdie resultate bevestig vorige navorsing (kyk Storm en Rothmann, 2003). Op grond van die resultate van die studie blyk dit dat die MBI-GS 'n geskikte instrument is vir die meting van uitbranding van polisielede in die Wes-Kaap.

'n Vyfde doelwit was om te bepaal wat die verhouding is tussen werkstres en uitbranding. Volgens die produkmomentkorrelasies, kanoniese korrelasies en SEM-model het

werkstres verband gehou met uitputting. Dit blyk dus dat hoër werkseise, 'n gebrek aan die nodige hulpbronne en polisie-spesifieke stressore lei tot uitputting. Geen verhouding is gevind tussen werkstres en sinisme of professionele bekwaamheid in die SEM-analise nie. 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat werkstres, sinisme en professionele bekwaamheid beïnvloed word deur uitputting. Daar kan dus afgelei word dat werkstres (dit wil sê hoë werkseise, 'n gebrek aan hulpbronne en polisie-spesifieke stressore) lei tot hoër vlakke van uitputting, wat weer lei tot hoër vlakke van sinisme en laer vlakke van professionele bekwaamheid.

Die volgende doelwit was om te bepaal of coping-strategieë die verhouding tussen werkstres en uitbranding kan modereer of medieer. Die produkmomentkorrelasies het getoon dat aktiewe coping geassosieer word met laer vlakke van sinisme en hoër vlakke van professionele bekwaamheid. Vermyding het verband gehou met hoër vlakke van uitputting en sinisme en laer vlakke van professionele bekwaamheid, terwyl 'n soeke na emosionele ondersteuning 'n positiewe verband het met professionele bekwaamheid. Uit die kanoniese korrelasies het geblyk dat wending na religie nie 'n betekenisvolle verband het met uitbranding nie. Uit die SEM-analise het dit geblyk dat aktiewe coping die verwantskap tussen soeke na emosionele ondersteuning en professionele bekwaamheid medieer. Dit beteken dat die strategie van soeke na emosionele ondersteuning slegs tot professionele bekwaamheid lei as dit met aktiewe probleemoplossing saamgaan. Uitputting modereer hiervolgens die verband tussen vermyding en sinisme, terwyl sinisme ook die verband tussen vermyding en professionele bekwaamheid modereer. Die gebruik van 'n vermyding coping-strategie lei dus tot hoër vlakke van uitputting en sinisme en tot laer vlakke van professionele bekwaamheid. Wanneer die persoon egter emosionele ondersteuning soek, lei dit tot aktiewe coping-strategieë wat weer lei tot hoër vlakke van professionele bekwaamheid.

## 4.2 BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Die eerste beperking van die studie is dat 'n dwarsdeursnee-ontwerp gebruik is. Die gevolg is dat daar geen oorsaaklike afleidings gemaak kan word nie – ten spyte van gebruikmaking van gevorderde tegnieke soos strukturele vergelykingsmodellering. Die oorsaaklike verhoudinge tussen veranderlikes is dus geïnterpreteer eerder as bevestig, en

meer komplekse korrelasies wat nie met sekerheid vasgestel kan word nie, kon nie ondersoek word nie. Ten einde bogenoemde beperking te hanteer, is dit nodig om toekomstige langtermynstudies en kwasi-eksperimentele navorsingsontwerpe te gebruik om die oorsaaklike verhoudinge tussen voorafgaande faktore en die gevolge daarvan (byvoorbeeld uitbranding) te valideer.

Die tweede beperking van die studie is dat die resultate verkry is van selfgerapporteerde vraelyste. Dit kan lei tot die probleem van "metode-variansie" of "lastigheid" by die respondente. 'n Meer objektiewe maatstaf van die eienskappe van die werk en/of uitkomste, word dus benodig.

Die derde beperking is dat die navorsing uitgevoer is in 'n homogene steekproef bestaande uit individue van 'n spesifieke professie, naamlik polisielede van die SAPD. Die polisie-organisasie het waarskynlik sekere unieke eienskappe, soos die spesifieke organisatoriese kultuur, wat die deelnemers se response kon beïnvloed. Die implikasie is dat die resultate nie na ander kontekste en professies veralgemeen kan word nie. Dit is dus nodig om die studie te herhaal in ander beroepsgroepe asook in heterogene steekproewe.

'n Verder beperking van die studie is dat daar 'n moontlikheid bestaan dat sommige van die polisielede wat deelgeneem het aan die navorsing nie die bevestiging van vertroulikheid – soos uiteengesit in die dekbrief van die vraelys – ten volle vertrou het nie. Dit kon van die resultate beïnvloed het.

## 4.3 AANBEVELINGS

Aanbevelings vir die organisasie, sowel as vir toekomstige navorsing, word vervolgens bespreek.

### 4.3.1 Aanbevelings vir die organisasie

Ten einde selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding effektief in die SAPD te kan hanteer, is dit nodig dat bestuur en die werknemers 'n duidelike en akkurate begrip het van hierdie twee fenomene. Bestuur en die werknemers van die organisasie moet bewus wees

van die oorsake sowel as die simptome van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding. Dit sal help om hulle bewus te maak van die simptome daarvan in hulle eie lewens, ten einde proaktief te kan optree voordat die effekte van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding vererger. Dit is belangrik dat bestuur ook bewus moet wees van die teenwoordigheid van simptome in hulself aangesien selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding kan versprei na die lede wat onder hulle werksaam is. Die akkurate begrip van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding is ook nodig vir die effektiewe implementering van individuele, bestuurs- en organisatoriese praktyke om hierdie verskynsels te hanteer.

Daar word ook voorgestel dat topbestuur en sielkundige dienste dringend hul beeld in die SAPD verbeter en meer toeganklik raak vir polisielede. Die hulpprofessies binne die SAPD, bestaande uit sielkundige, maatskaplike en geestelike dienste, het ten doel om na die psigiese en fisiese welsyn van die polisielede om te sien. Dit is belangrik dat hierdie dienste onder lede bekendstelling kry en dat vrees vir enige etikettering uit die weg geruim sal word. In hierdie verband word 'n veldtog voorgestel wat ten doel het om interne verhoudinge te verbeter.

Daar word aanbeveel dat sielkundige dienste in die SAPD 'n geldige en betroubare meetinstrument (wat gestandardiseer is op die polisiebevolking) gebruik om risikogevalle te elimineer by die keuringsproses van applikante. Die meetinstrument moet onder andere ten doel hê om coping-strategieë van individue te identifiseer. Dit word aanbeveel dat die SAPD tydens die seleksie van intreevlakkonstabels daarop moet let dat individue geselekteer word wat aktiewe coping in plaas van vermyding toepas. Dit is ook belangrik dat personeel korrek binne die SAPD geplaas word. Die meetinstrument moet lig werp op waar die lid optimaal kan funksioneer deur te fokus op aanleg, belangstelling, vaardighede, kennis en ondervinding ten einde onnodige werkseise te verminder. Nadat die nuwe polisielid aangestel is, is dit noodsaaklik dat hy deur die proses van sosialisering die waardes en gedrag wat van hom verwag word, leer en internaliseer. Die passing tussen persoon en omgewing word sodoende gemaksimaliseer, werkstres word verminder en die kanse vir selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding word verlaag.

Dringende teikengroepe vir selfmoordvoorkoming is lede wat reeds voorheen 'n selfmoordpoging gehad het sowel as lede wat 'n mediese toestand het wat hul kwaliteit van

diens kan beïnvloed. In hierdie verband is dit belangrik dat sensitiwiteitsprogramme of portuurgroepondersteuningsisteme ontwikkel word om te voorkom dat hierdie lede verder geviktimiseer word. Dit word ook aanbeveel dat die huidige selfmoordvoorkomingswerkswinkels hersien word ten einde te verseker dat lede op alle vlakke van die SAPD daardeur aangespreek word.

Wanneer daar na werkseise as 'n oorsaak van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD gekyk word, word dit aanbeveel dat sekere aspekte van die take van polisielede in heroorweging gebring word, byvoorbeeld sperdatums wat bereik moet word, toewysing van groter verantwoordelikheid, die hantering van krisissituasies, oormatige papierwerk, verpligting om iemand anders se werk te doen, gereelde onderbrekings, en verpligting om take uit te voer wat nie deel is van die posbeskrywing nie. Die vermindering van die werkstres wat deur hierdie faktore veroorsaak word, sal 'n positiewe invloed hê op selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding. Dit is ook belangrik dat polisielede voldoende opgelei word in die hantering van werkstres. Werkswinkels waarin daar gefokus word op lewensvaardighede, kommunikasievaardighede, interpersoonlike vaardighede, asook die risikofaktore van selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding, sal bevelvoerders en polisielede in staat stel om werkstres beter te hanteer en ook hoërisikogevalle te identifiseer. Wat die gebrek aan hulpbronne betref, is dit baie belangrik dat 'n tekort aan lede om spesifieke take te verrig, onvoldoende of swak gehalte toerusting, ander lede wat nie hul werk doen nie, onvoldoende salarisse en personeeltekorte dringend aangespreek word. Op grond van die produkmoment-korrelasiekoëffisiënte tussen selfmoord-denkbeeldvorming, werkstres en coping, kon afgelei word dat hoë werkstres positief verband hou met 'n vermydingtipe styl van coping. Dit kan wees dat hoë werkseise en 'n konstante gebrek aan hulpbronne veroorsaak dat lede gedemotiveerd raak en gevolglik vermyding gebruik. Hierdie probleem kan aangespreek word deur die bronne van demotivering te ondersoek en dit in 'n opleidingsprogram aan te spreek.

Ten einde selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding in die SAPD te voorkom, is dit belangrik dat polisielede geleer moet word om effektiewe coping-strategieë te gebruik wanneer probleme opgelos moet word. In hierdie verband sal polisielede baat vind by werkswinkels oor coping-strategieë, waarin daar gefokus op die aanleer van effektiewe coping-strategieë soos aktiewe coping en 'n soeke na emosionele ondersteuning.

Dit is belangrik dat polisielede wat aan traumatiese voorvalle blootgestel is, ontlont moet word. Ontlonting is een van die prosedures wat binne die SAPD gebruik word om polisielede te help om krisisse te verwerk en hul emosies te hanteer. Dit is ook 'n proses om polisielede te help besef dat die emosies wat hulle ervaar normale reaksies op abnormale situasies is, en sodoende selfmoord-denkbeeldvorming en uitbranding te help voorkom. Dit is die verantwoordelikheid van die eenheidsbevelvoerder van die betrokke polisielede om die voorval aan die hulpprofessies te rapporteer. Dit sluit in gevalle soos skietvoorvalle (waar 'n lid self geskiet is of waar die lid 'n ander persoon geskiet het), waar die lid die ooggetuie was van 'n kollega wat geskiet is, die hantering van selfmoordgevalle of selfmoordpogings deur kollegas of lede van die publiek, lede wat betrokke is by grusame tonele soos moord, ernstige motorongelukke, ens. Instandhoudingsontlonting behoort op 'n gereelde basis by hoërisiko-eenhede (eenhede wat voordurend aan traumatiese gebeure blootgestel word) binne die SAPD geïmplementeer te word, ten einde 'n kultuur te skep waarin dit aanvaarbaar is om oor gevoelens te praat.

Dit is belangrik dat ondersteuningsgroepe vir polisielede beskikbaar moet wees en dat beraders opgelei moet word om emosionele ondersteuning te verskaf aan individue wat hoë vlakke van werkstres ervaar. Die polisielede toon onkunde ten opsigte van interne ondersteuningsbronne en 'n onwilligheid om daarvan gebruik te maak, wat toegeskryf kan word aan vrees vir etikettering. Daar word aanbeveel dat elke polisiebeampte voorsien word van inligting rondom hulpbronne tot sy of haar beskikking – hetsy intern of ekstern. Die SAPD-krisislyn wat tolvry geskakel kan word, is een van die interne hulpbronne wat sedert April 1992 in werking is en ten doel het polisielede in nood by te staan deur telefoniese berading (Rossouw, 1999). Beraders is spesifiek vir hierdie doel opgelei. Daar bestaan ook baie eksterne hulpbronne met betrekking tot traumabestuur waarvan polisielede gebruik kan maak, soos byvoorbeeld Alkoholiste Anoniem (AA), Lifeline, sielkundiges, psigiaters, en rehabilitasiesentrums.

Alhoewel alkoholmisbruik deur baie polisielede as streshanteringsmeganisme gebruik word, het die studie bewys dat alkohol 'n beduidende rol speel in selfmoord-denkbeeldvorming. 'n Strenger beleid ten opsigte van substansgebruik binne die SAPD en rehabilitasie van alkoholverslaafdes kan bydra tot beter beheer rondom alkoholgebruik binne die SAPD.

**VERWYSINGS**

Crank, J.P. & Caldero, M. (1991). The production of occupational stress in medium-sized police agencies: a survey of line officers in eight municipal departments. *Journal of Criminal Justice, 19,* 339-349.

Hart, P.M., Wearing, A.J. & Heady, B. (1995). Police stress and well-being: Integrating personality, coping and daily work experiences. *Journal of Occupational and Organizational Psychology, 68,* 133-156.

Kruger, G. (1996, 30 Januarie). SAPD-stres: 'n Kultuur teen sielkunde kwel: Geestesgesondheid moet prioriteit wees. *Beeld,* p.11.

Pienaar, J. & Rothmann, S. (2003). *Reliability and validity of the Police Stress Inventory in the South African Police Service.* Referaat aangebied by die 15de Kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes, Potchefstroom, 28-30 September 2003.

Rossouw, L. (1999). *SAPS Suicide Statistics.* Mpumalanga: SAPD.

Storm, K. (2002). *Burnout and work engagement in the South African Police Service.* Ongepubliseerde doktorale verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Storm, K. & Rothmann, S. (2003). A psychometric analysis of the Maslach Burnout Inventory – General Survey in the South African Police Service. *South African Journal of Psychology.*